

845 7257 .

DIE POSSESSIEF IN NOORD-SOTHO

deur

PETRONELLA MARIA DU PREEZ

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir

die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKATALE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF L J LOUWRENS

MEDE-STUDIELEIER: MEJ I M KOSCH

November 1991

ERKENNING

Geldelike bystand gelewer deur die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie verhandeling uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling of die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing toegeskryf word nie.

Hiermee wil ek my hartlike dank en waardering betuig teenoor die volgende persone:

My studieleier Prof Louis Louwrens, mede-studieleier Mej Inge Kosch en kollega Mev Riëtta Barnard vir hulle kommentaar, raad en belangstelling met betrekking tot die voltooiing van hierdie verhandeling.

Mev Deborah Mampuru vir haar hulp met die vertaling van Noord-Sothovoorbeelde.

Mev Pam van Putten vir haar hulp met die Engelse vertaling van die opsomming.

Mev Elsabé Viljoen van Unisa se Departement Onderrigtegnologie vir haar hulp om 'n onmoontlike letter moontlik te maak.

Prof Daan Lombard (VISTA) wat gehelp het om my van besliste dwaalweë af te hou.

My man, Barend vir sy hulp met die rekenaarprogram.

My ouers, Mnr en Mev J F van der Lith en my tante, Mev A M Lubbe, vir hulle ondersteuning deur die jare.

Die Almagtige Vader.

OPSOMMING

Die uitdrukking van besit in Noord-Sotho is gekompliseerd. Uit die navorsing vir dié studie het dit geblyk dat

- (i) 'n (gemarkeerde) possessiewe konstruksie nie net aangewend word om na 'n possessiewe (besits-) verhouding tussen twee sake te verwys nie, maar dit kan ook 'n omskrywende funksie hê, en
- (ii) konstruksies waarin geen possessiewe 'merker' voorkom nie, ook aangewend word om na 'n possessiewe verhouding tussen twee sake te verwys.

Die gemarkeerde possessiewe konstruksie word volledig op sintaktiese, morfologiese en semantiese vlak ondersoek.

Alternatiewe konstruksies wat ook na possessiewe verhoudings tussen sake verwys, word onder die soeklig geplaas en die volgende aspekte word ondersoek:

- (a) die sintaktiese optrede van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys;
- (b) die rol wat die proses speel in hierdie alternatiewe ('ongemarkeerde' possessiewe) konstruksies;
- (c) saamgestelde naamwoorde wat moontlike possessiewe elemente bevat.

SUMMARY

The expression of possession is complicated in Northern Sotho. Research for this study has shown that

- (i) a (marked) possessive construction is not only used to refer to a possessive relationship between two objects, but it may also have a descriptive function, and
- (ii) constructions in which there is no possessive 'marker', are also used to refer to a possessive relationship between two objects.

The marked possessive construction is being investigated on syntactic, morphological and semantic level.

Alternative constructions referring to possessive relationships between two objects, are being investigated:

- (a) the syntactic appearance of nouns referring to body parts in Northern Sotho;
- (b) the role of the process in these alternative constructions;
- (c) compound nouns with possible possessive elements.

HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE POSSESSIEF IN NOORD-SOTHO

1.1	AGTERGROND	1
1.2	ENKELE BESKOUINGE OOR DIE POSSESSIEF	2
1.2.1	Tradisionele beskouinge	2
1.2.1.1	Definisie	2
1.2.1.2	Samestelling	5
1.2.1.3	Semantiese verhoudinge binne die possessiefkonstruksie	9
1.2.1.4	Sintaksis	12
1.2.1.5	Verwantskapsterme	14
1.2.2	Moderne beskouinge	18
1.2.2.1	Gemarkeerde en Ongemarkeerde besit v/s Vervreembare en Onvervreembare besit	18
1.2.2.2	Die deel-geheelbeskouing	23
1.2.2.3	Die sintaksis van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys	28
1.2.3	Samevatting	34
1.3	PROBLEEMSTELLING	35
1.4	WERKSWYSE	37
1.5	AANBIEDING	37

HOOFSTUK 2: DIE GEMARKEERDE POSSESSIEWE KONSTRUKSIE

2.1	INLEIDING	38
2.2	PRONOMINALISASIE BINNE DIE POSSESSIEFKONSTRUKSIE	39
2.3	DIE KOMPLEMENT EN ANTESEDENT IN POSSESSIEWE KONSTRUKSIES	41
2.3.1	Die komplement van die possessiewe partikel	41

2.3.1.1	Morfologiese en sintaktiese eienskappe van die komplement	42
2.3.1.2	Gevolgtrekking	48
2.3.2	Die antesedent in possessiewe konstruksies	52
2.3.2.1	Grammatiese eienskappe van die antesedent	53
2.3.2.2	Sintaktiese eienskappe van die antesedent	55
2.3.2.3	Gevolgtrekking	57
2.4	SINTAKTIESE OPTREDE VAN DIE POSSESSIEF	58
2.5	SEMANTIESE EIENSKAPPE VAN GEMARKEERDE POSSESSIEWE	60
2.5.1	Inleiding	60
2.5.2	Die direkte funksie van gemarkeerde possessiewe	61
2.5.2.1	Konkrete besit	61
2.5.2.2	Abstrakte besit	62
2.5.2.3	Deel-geheelverhoudings	63
2.5.2.4	Verwantskapsverhoudings	64
2.5.2.5	Vervreembare en onvervreembare verhoudings	64
2.5.3	Die beskrywende funksie van gemarkeerde possessiewe	65
2.5.4	Gevolgtrekking	68
2.6	SAMEVATTING	69

HOOFSTUK 3: ALTERNATIEWE VIR DIE GEMARKEERDE POSSESSIEWE KONSTRUKSIE

3.1	INLEIDING	71
3.2	NAAMWOORDE WAT NA LIGGAAMSDELE VERWYS	72
3.2.1	Inleiding	72
3.2.2	Liggaamsdele in 'n deel-geheelverhouding	72
3.2.2.1	Besitterweglating	73

3.2.2.2	Naamwoorde wat na liggaamsdele verwys in die subjeksposisie	76
3.2.2.3	Naamwoorde wat na liggaamsdele verwys as adjunkte	77
3.2.3	Gevolgtrekking	78
3.3	DIE ROL VAN DIE PROSES IN POSSESSIEWE EN ALTERNATIEWE KONSTRUKSIES	79
3.3.1	Inleiding	79
3.3.2	Transitiwiteit van die werkwoord	80
3.3.2.1	Intransitiewe werkwoorde	80
3.3.2.2	Transitiewe werkwoorde	81
	a) Enkeltransitiewe werkwoorde	81
	b) Dubbeltransitiewe werkwoorde	82
3.3.3	Hoe voorwerpe geaffekteer word	83
3.3.3.1	Prosesse wat net die deelnaamwoord affekteer	84
3.3.3.2	Prosesse wat die deel sowel as die geheel affekteer	85
	a) Die geheel as indirekte voorwerp en die deel as direkte voorwerp	85
	b) Die geheel as voorwerp en die deel as bywoord	86
	c) Die geheel as onderwerp en die deel as voorwerp	87
	d) Die geheel as grammatiese onderwerp en die deel as agent van 'n passiewe werkwoord	87
3.3.4	Die assosiatiewe kopulatief	88
3.3.5	Gevolgtrekking	89
3.4	SAAMGESTELDE NAAMWOORDE AS MOONTLIKE POSSESSIEWE STRUKTURE	90
3.4.1	Inleiding	90
3.4.1.1	Saamgestelde naamwoorde met <i>ra-</i> as eerste lid	91
3.4.1.2	Saamgestelde naamwoorde met <i>mma-</i> as eerste lid	92

3.4.1.3	Saamgestelde naamwoorde met <i>mong-</i> as eerste lid	94
3.4.1.4	Saamgestelde naamwoorde met 'n infinitiewe komplement in die onderliggende struktuur	94
3.4.2	Die funksie van die possessief in saamgestelde naamwoorde	95
3.4.3	Gevolgtrekking	96
3.5	Samevatting	96

HOOFSTUK 4: 'N OORSIG OOR DIE POSSESSIEF IN NOORD-SOTHO

4.1	INLEIDING	97
4.2	SAMEVATTING	97
4.2.1	Enkele beskouinge oor die possessief	97
4.2.1.1	Tradisionele beskouinge	97
4.2.1.2	Moderne beskouinge	100
4.2.2	Die gemarkeerde konstruksie	103
4.2.2.1	Pronominalisasie binne die possessiefkonstruksie	103
4.2.2.2	Die komplement en antesedent in possessiewe konstruksies	105
	a) Die komplement van die possessiewe partikel	105
	b) Die antesedent in possessiewe konstruksies	106
4.2.2.3	Sintaktiese optrede van die possessief	107
4.2.2.4	Semantiese eienskappe van gemarkeerde possessiewe	109
	a) Die direkte funksie	109
	b) Die beskrywende funksie	111
4.2.3	Alternatiewe vir die gemarkeerde konstruksie	112
4.2.3.1	Naamwoorde wat na liggaamsdele verwys	112

4.2.3.2 Die rol van die proses in alternatiewe konstruksies	115
a) Transitiwiteit van die werkwoord	115
b) Hoe voorwerpe geaffekteer word	116
c) Die assosiatiewe kopulatief	117
4.2.3.3 Saamgestelde naamwoorde as moontlike possessiewe strukture	117
a) Saamgestelde naamwoorde met <i>ra-</i> as eerste lid	117
b) Saamgestelde naamwoorde met <i>mma-</i> as eerste lid	118
c) Saamgestelde naamwoorde met <i>mong-</i> as eerste lid	118
d) Saamgestelde naamwoorde met 'n infinitiewe komplement in die onderliggende struktuur	118
BRONNELYS	120
NOORD-SOTHO LITERATUUR	127

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE POSSESSIEF IN NOORD-SOTHO

1.1 AGTERGROND

Besit is 'n fundamentele deel van die menslike bestaan en moet as sulks ook in taal uitgedruk kan word. In die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal word *besit* gedefinieer as: "iets wat jy het en geniet, wat in jou mag is" (Odendal, et al 1979:83), en 'n *besitter* as 'n "persoon wat iets in sy besit, in sy mag het" (op cit:83).

Hierdie eenvoudige definisies van *besit* en *besitter* is egter nie 'n weerspieëling van die kompleksiteit van besitaanduiding in taal nie.

Seiler (1983a) onderskei tussen *linguistiese*, *semantiese* en *sintaktiese* besit. Linguistiese besit bestaan volgens hom uit die verteenwoordiging van 'n verhouding tussen twee naamwoorde A en B, waar A die besitter is (met die eienskappe [+lewend], [+menslik] en [+EGO]), en B die besitting wat [+lewend] of [-lewend] kan wees.

Semanties definieer Seiler (op cit:4) die domein van *besit* as "bio-kultureel":

"It is the relationship between a human being and his kinsmen, his body parts, his material belongings, his cultural and intellectual products."

Hy gaan verder deur te sê dat *besit* die verhouding is tussen dele en die geheel van 'n organisme.

Besit is uit 'n sintaktiese oogpunt volgens Seiler 'n verhouding tussen naamwoord en naamwoord wat nie direk deur 'n werkwoord beïnvloed word nie.

Hy onderskei ook tussen inherente besit en besit wat tot stand gebring is. So byvoorbeeld, is liggaamsdele die inherente besit van 'n persoon, terwyl die besitsverhouding tussen 'n man en sy motor tot stand gebring of beëindig kan word. Oor die paslikheid van die term *besit* in die geval van, byvoorbeeld liggaamsdele, word later besin.

In hierdie verband wys Lyons (1977:722) op die volgende:

"In everyday usage the term 'possessive' is more or less equivalent to 'ownership'...: whatever X is said to possess may be described as his property. In traditional grammatical usage 'possession' and 'possessive' are construed much more broadly. Indeed, it can be argued that they are highly misleading: it is only a minority of what are traditionally called possessive constructions that have anything to do with property or possession..."

Ultan (1978:14) gee 'n aanduiding van hoe 'n possessiewe konstruksie universeel daar uitsien. Hy sê dat sodanige konstruksies uit ten minste twee dele bestaan, naamlik een wat die besitter aandui en een wat die besitting aandui. Hy gaan verder deur te beweer dat daar ook 'n derde deel kan wees (hoewel nie noodwendig nie) wat die besitsverhouding aandui en die ander twee dele (besitter en besitting) met mekaar verbind. In die Noord-Sothovoorbeeld *mpša ya monna* 'die man se hond' is *mpša* en *monna* die eerste twee dele, naamlik besitter (*monna*) en besitting (*mpša*), terwyl die possessiewe partikel *ya* die derde deel uitmaak.

1.2 ENKELE BESKOUINGE OOR DIE POSSESSIEF

1.2.1 Tradisionele beskouinge

1.2.1.1 Definisie

Verskeie tradisionele Bantoe-grammatici probeer die begrip *possessief* definieer. So, byvoorbeeld, skryf Ziervogel, et al (1978:50):

"Die possessief (besitvorm) druk besitting uit en bestaan uit 'n besitskakel wat verwys na 'n naamwoord wat die grammatiese besitting is en 'n stam wat die grammatiese besitter uitdruk."

Doke en Mofokeng (1971:135) definieer hierdie begrip soos volg:

"A possessive is a word which qualifies a substantive, and is brought into concordial agreement therewith by the possessive concord."

Van Eeden (1956:171) beweer op sy beurt dat:

"... in die geval van die possessief dit grotendeels gaan om 'n verhouding ... tussen twee substantiewe, nl. die gekwalifiseerde en die een waarvan die possessief gevorm word."

Hy verwys ook na *besit* as kwalifiserende funksie van die possessief.

Fortune (1955:170) sê die possessiewe kwalifikatief

"... is a word which expresses as the quality of a substantive, the property of being possessed by some person or thing, and which is brought into concordial relationship with it by the possessive concord."

Tradisioneel word dus klem gelê op *besit* as kwalifiserende funksie van die possessief, maar daar word ook na die *beskrywende* funksie van die possessief verwys.

Op hierdie onderskeid word vervolgens breedvoeriger ingegaan. Dit is egter belangrik om vooraf duidelik te begryp hoe die begrippe *kwalifikatief* / *kwalifiseer*, enersyds, en *beskrywe(-nd)*, andersyds aangewend sal word om tussen die twee tipes possessief-konstruksies wat in Noord-Sotho voorkom te onderskei. *Kwalifikatief/kwalifiseer* sal as *sintaktiese* terme aangewend word om die (sintaktiese) verhouding tussen 'n antesedent en 'n possessiewe bepaling daarvan te beskryf, bv. *pitša ya mosadi* 'die vrou se pot' en *pitša ya tshipi* 'n ysterpot'. *Beskryf* sal as 'n *semantiese* term gebruik word om die verhouding binne possessiefgroepe wat nie besit uitdruk nie te tipeer, omdat die possessiewe partikelgroep in

dergelike gevalle die antesedent omskryf, bv. *dikgômo tša go nôna* 'vet beeste', *selêpê sa tshipi* 'n ysterbyl', ens. In beide tipes possessiefstrukture vervul die possessiewe partikelgroep dus sintakties 'n kwalifikatiewe funksie, maar semanties is daar belangrike verskille in die verhouding wat tussen die antesedent en die possessiewe partikelgroep bestaan. In die geval van *pitša ya mosadi* 'die vrou se pot' bestaan daar semanties 'n *besitter/besitting* - verhouding tussen die antesedent en die possessiewe komplement, en in die geval van *selêpê sa tshipi* 'n ysterbyl' is daar 'n omskrywende verhouding tussen die antesedent en die komplement van die possessiewe partikel. Sintakties het beide tipes konstruksies dus 'n kwalifiserende funksie, terwyl die twee egter semanties van mekaar verskil in dié sin dat die een letterlike *besit* uitdruk, terwyl die ander 'n omskrywing gee van die antesedent.

Grammatici is dit nie eens oor wat presies met die term 'possessief' bedoel word nie. Volgens Ziervogel, et al (1978:50) is dit 'n besitvorm wat uit 'n besitskakel en 'n "stam" bestaan. Hulle gebruik dus die term "stam" om na 'n woord te verwys soos byvoorbeeld *monna* in *dimpša tša monna* 'die man se honde'.

Doke en Mofokeng (1971:135) sê dat 'n possessief 'n "woord" is wat 'n ander naamwoord kwalifiseer en wat daarmee kongrueer deur middel van die besitskakel. Vir Van Eeden (1956:171) gaan dit om 'n kwalifikatiewe verhouding tussen twee naamwoorde, terwyl Fortune (1955:170) ook die possessief as 'n "woord" beskou.

In feite is die 'possessief' 'n *woordgroep* en behoort dié term gebruik te word om die volledige konstruksie wat 'n possessiewe verhouding uitdruk, te beskryf. Vergelyk byvoorbeeld die volgende analise van 'n possessief wat uitsluitlik besit uitdruk:

dimpša tša monna 'die honde van die man'
dimpša tša monna = possessiewe konstruksie/woordgroep
dimpša = besittingsnaamwoord, antesedent
tša monna = possessiewe partikelgroep
tša = possessiewe partikel
monna = besittersnaamwoord, possessiewe komplement

Waar dieselfde konstruksie gebruik word om 'n omskrywende verhouding uit te druk, kan die volgende terme gebruik word:

pitša ya meetse 'n waterpot'
pitša ya meetse = omskrywende possessiefkonstruksie
pitša = antesedent, gekwalifiseerde naamwoord
ya meetse = omskrywende possessiewe partikelgroep
ya = possessiewe partikel
meetse = kwalifiserende/omskrywende naamwoord, possessiewe komplement

Beide tipes konstruksies is dus kwalifikatief van aard. By die eersgenoemde konstruksie val die klem op werklike besit (wat 'n kwalifiserende funksie is), terwyl daar by die tweede konstruksie nie sprake is van besit nie, maar van die omskrywing van 'n naamwoord (die antesedent) deur middel van die aanwending van 'n possessiewe partikelgroep.

1.2.1.2 Samestelling

In die bostaande definisies is melding gemaak van 'n sogenaamde besitskakel. Morfologies word hierdie possessiewe skakel volgens Cole (1955:60) gekenmerk deur die vokaal -a waaraan 'n aanvangselement gelyk aan die onderwerpskakel gevoeg word - die vokaal van die onderwerpskakel word weggelaat of gekonsonantaliseer en in sommige gevalle vind palatalisering van die konsonant plaas. In die geval van klasse 8 en 10 in Noord-Sotho byvoorbeeld, is die konkordiale element wat volgens Cole met die onderwerpskakel ooreenkom *di-*. Die [i] van [ɟ i] word weggelaat, en die konsonant [ɟ] palataliseer tot [tʰ] wat die possessiewe skakel *tša* tot gevolg het.

Van Eeden (1956:172) verwys na 'n konkordiale element wat gelyk is aan die onderwerpskakel en wat deel uitmaak van die uiteindelijke possessiewe skakel, terwyl Fortune (1955:171) beweer dat dit die onderwerpskakel self is wat deel uitmaak van die possessiewe skakel. Hy voeg by dat wanneer die onderwerpskakel uit die vokale *i* of *u* bestaan, dit na die ooreenstemmende semi-vokale *y* of *w* verander. Dus:

i- + -a → ya en
u- + -a → wa.

Vir Noord-Sotho dus:

e- (klas 4 en 9) + -a → ya en
o- (klas 1 en 3) + -a → wa.

Wat klasse 16, 17 en 18 betref, word die possessiewe partikel *ga* van klas 17 vir al drie klasse in Noord-Sotho gebruik. Hierdie tendens kom algemeen in die Suidoostelike Bantoetale voor. Prinsloo (1979) probeer hierdie verskynsel verklaar deur na Givon (1971b) se hipotese te verwys, naamlik dat die naamwoordprefikse in Bantoe vroeër waarskynlik betekenis gehad het maar hierdie betekenis verloor het. Volgens Prinsloo het die herinterpretasie van onder andere die lokatiefprefikse op semantiese gebied die neutralisasie van kongruensiemorfeme en pronomina tot gevolg gehad. Poulos (1985) het ook hierdie verskynsel ondersoek. Hy verwys in sy artikel na Givon (1979:316) se stelling, naamlik dat

"It is the *most generic* semantic features
that survive longest..."

en sê dat dit verwag kan word dat klas 17 die meeste gebruik sal word omdat klas 17 vanuit 'n semantiese oogpunt meer algemeen van aard is en dat dit op onbepaalde lokaliteit dui.

Hierdie possessiewe skakels kom vooraan verskillende vorme te staan wat as possessiewe komplemente optree. Cole (1955:159) gee die volledigste lys van vorme wat volgens hom as possessiewe *stamme* (sic) kan optree:

- a) Naamwoorde van alle klasse, bv.

mašemo a morêna
'die landerye van die meneer'

- b) Pronominale possessiewe stamme wat hoofsaaklik op absolute voornaamwoorde gebaseer is, bv.

dijô tša rena
'ons kos'

- c) Demonstratiewe en kwalifikatiewe voornaamwoorde, bv.

dikgômo tša yô
'die beeste van hierdie een'

- d) Sekere bywoorde, hoofsaaklik van plek en tyd, bv.

bana ba lehôno¹
'die kinders van vandag'

- e) Partisipiale werkwoordvorme (in 'n beperkte mate), bv.

pele ga gê a sepela
'voordat hulle loop'

- f) Die stamme *-golo*, *batho* en *Modimo*², bv.

mosadi wa batho
'die arme vrou' (met gespesifiseerde idiomatiese betekenis)

Doke en Mofokeng (1971:139) verwys net na naamwoorde en bywoorde van plek³ of tyd wat as komplement van die possessiewe partikel kan optree, terwyl Guma (1971:120) ook na konjunktiewe en infinitiewe as moontlike possessiewe komplemente verwys.

Vir Swahili beweer Ashton (1952:55) dat slegs naamwoorde, pronominale wortels of stamme

¹ lehôno is streng gesproke nie 'n bywoord in Noord-Sotho nie, maar wel 'n naamwoord wat bywoordelik gebruik word.

²Die term "stamme" word deur tradisionele Bantoe-grammatici gebruik. In werklikheid is batho en Modimo woorde wat bestaan uit 'n klasprefiks en 'n stam.

³'Bywoorde van plek' is in Noord-Sotho naamwoorde wat bywoordelik gebruik word.

en interrogatiewe as possessiewe komplemente kan optree. Fortune (1955:146) sê dat frases ook as possessiewe komplemente gebruik kan word. Hy gee die volgende Shonavorbeeld ter illustrasie:

"Haazive caari. (He does not know what he is.)"
(Fortune, op cit:147)

Die possessief in hierdie sin, nl. *caari*, bestaan uit 'n possessiewe skakel *ca-*, die onderwerpskakel van die derde persoon enkelvoud *-a-* en die kopulatiewe stam *-ri*. (Daar kom nie 'n vergelykbare konstruksie in Noord-Sotho voor nie.)

Fortune (op cit:176) en Cole (1955:165) noem albei die volgende vorme wat as possessiewe komplemente kan optree:

a) adjektief, bv.

lebelô la yê ntsho
'die spoed van die swarte'

b) demonstratief, bv.

modirô wa yô
'die werk van hierdie een'

c) enumeratief, bv.

namane ya efe?
'die kalf van watter een?'

d) possessief, bv.

mmala wa ya ka
'die kleur van myne'

e) relatief, bv.

go ngwala ga yô bohlale
'die geskryf van die slimme'

Fortune noem ook die kwantitatief, bv.

maina a (sehlôpha) sôhlê
'die name van die hele (groep)'

In Hoofstuk 2 word 'n volledige uiteensetting gegee van hoe die possessiewe komplement in Noord-Sotho daar uitsien, en word kommentaar gelewer op die tradisionele siening van possessiewe komplemente.

1.2.1.3 Semantiese verhoudinge binne die possessiefkonstruksie

Tradisionele grammatici tref op grond van hulle funksies 'n duidelike onderskeid tussen wat hulle *direkte* en *indirekte* of *deskriptiewe possessiewe* noem.

Doke en Mofokeng (1971:139) vat hulle siening rakende hierdie aangeleentheid soos volg saam:

"In Bantu there are two functions of the possessive: (i) the direct, in which the concord agrees with the possessee, while the stem (pronominal or nominal) indicates the possessor; and (ii) the descriptive in which the concord agrees with the possessor of some quality, material or location, indicated by the stem following the concord; such a stem cannot be pronominal."

Hulle gee "ntja ea monna (the man's dog)" as voorbeeld van 'n direkte possessief en "thipa ea tšepe (an iron knife)" as voorbeeld van 'n deskriptiewe/beskrywende possessief.

Guma (1971:122) sluit hom by hierdie beskouing aan:

"(i) The direct possessive which denotes possession or ownership of the antecedent by the possessive stem, and
(ii) the descriptive possessive in which the possessive stem does not indicate the possessor or owner as such, but rather a feature, characteristic, quality or location pertaining to the antecedent."

Cole (1955:160) se onderskeid tussen direkte en beskrywende possessiewe kom grootliks ooreen met dié van Guma (1971) en Doke en Mofokeng (1971), maar hy wys ook daarop dat direkte possessiewe gevorm kan word van naamwoorde, possessiewe stamme en

voornaamwoorde. Cole (op cit:167) noem verder ook verskeie funksies van die deskriptiewe possessief wat hier aan die hand van Noord-Sothovoorbeelde toegelig word:

a) Dui materiaal of konstruksie aan, bv.

pitša ya tshipi
'n ysterpot'

b) Dui inhoud aan, bv.

pitša ya meetse
'n pot water'

c) Dui gebruik, funksie of doel aan, bv.

pitša ya meetse
'n waterpot'

d) Dui tipe, eienskappe of karaktertrekke aan, bv.

diaparô tša sesadi
'vroueklere'

e) Dui volgorde aan, bv.

puku ya bobêdi
'die tweede boek'

Cole wys verder daarop dat die onderskeid tussen direkte en deskriptiewe possessiewe bloot semanties is en dat dieselfde vorm òf 'n deskriptiewe òf 'n direkte verhouding kan uitdruk afhange van die konteks. (Vergelyk byvoorbeeld (b) en (c) hierbo.) By nadere ondersoek het dit geblyk dat funksie, doel of gebruik primêr deur 'n infinitiewe komplement uitgedruk word en dat dit dikwels met 'n handeling verband hou, soos in:

phapoši ya go hlapa
'n waskamer'

Cole se voorbeeld in (c) naamlik *pitša ya meetse* 'n waterpot' hoort eerder tuis onder (d) omdat die betekenis daarvan dui op eienskappe soos in (d) genoem.

Infinitiese komplemente druk egter nie uitsluitlik doel, funksie of gebruik aan nie, byvoorbeeld:

meetse a go fiša
'warm water'

Hier het die possessief die funksie dat dit 'n eienskap beskryf, nl. 'warmte'.

Kotzé (1988:121) wys daarop dat in die Noord-Sothodialek Hananwa die naamwoordrelatief konsekwent met 'n possessiefkonstruksie vervang word, byvoorbeeld *monna wa maatla* "'n sterk man' in plaas van *monna yô maatla*. Dit dui op die kwalifikatiewe eienskappe wat die possessief in sekere gevalle kan hê.

Oor die semantiese verhoudinge binne die possessiefgroep beweer Van Eeden (1956:178) dat

"... alle possessiewe nie werklike besit (van die besitting) uitdruk nie; dus, hoewel die vernaamste funksie van die possessiewe -a sekerlik dié van besitaanduiding is, is hierdie formatief se huidige funksie nie daartoe beperk nie. Die pronominale possessiewe druk feitlik uitsluitlik besit uit ... Dit is egter nie die geval met nominale possessiewe nie."

Van Eeden (op cit:178) vergelyk die volgende twee Zoeloevoorbeelde:

- i) *isitsha somfazi* 'die skottel van die vrou'
isitsha = besitting
umfazi = besitter
- ii) *isitsha sensimbi* "'n ysterskottel'
isitsha = besitter (van eienskap)
insimbi = sg. besitting (kenmerk)

In voorbeeld (i) is *isitsha* die besitting en *umfazi* die besitter. Die naamwoord *isitsha* neem dieselfde sintaktiese posisie in voorbeeld (ii) in, maar in dié geval "besit" *isitsha* die eienskap dat dit van yster gemaak is. Dus: waar die possessiewe konstruksie werklike besit uitdruk (voorbeeld i) is dit die naamwoord wat as possessiewe komplement optree (*umfazi*) wat die gekwalifiseerde naamwoord (hier *isitsha*) besit. In die geval waar die possessiefkonstruksie

nie werklike besit uitdruk nie (voorbeeld ii), word die een naamwoord (*isitsha*) in terme van 'n besondere kwaliteit of eienskap (*sensimbi*) beskryf wat volgens Van Eeden, 'n kwalifikatiewe karakter aan die possessief verleen. Daar is dus in beide gevalle sprake van 'n kwalifikatiewe funksie.

Ziervogel, et al (1978:51) sê dat

"... wanneer die besitstam nie 'n persoon of ander lewende voorwerp aandui nie, maar 'n lewelse, doen die possessief die werk van 'n Afrikaanse byvoeglike naamwoord of 'n samestelling, bv. *lesogana la maatla* ('n sterk jong man)."

Tradisionele skrywers het nie melding gemaak van die begrippe *vervreembare* en *onvervreembare* besit wanneer hulle verwys het na semantiese verhoudinge binne die possessiefkonstruksie nie. In hierdie stadium moet daar egter op gewys word dat *vervreembare* en *onvervreembare* besitsverhoudinge onder direkte possessiewe ressorteer, en 'n vollediger bespreking hiervan volg in paragraaf 1.2.2.1.

1.2.1.4 Sintaksis

Enkele sintaktiese verskynsels betreffende die possessief word deur tradisionele grammatici vermeld, en kan kortliks soos volg saamgevat word:

a) Verskeie skrywers maak melding van die pronominale funksie wat possessiewe kan verkry wanneer hulle sonder 'n antesedent gebruik word:

"Possessives of either direct or descriptive type may be used independently of the substantives with which they show agreement, and then function as possessive qualificative pronouns."
(Cole, 1955:170)

Vergelyk die volgende voorbeeld:

"Ya ka e a bogola, ya gago e a homola.
 'Myne blaf, joune is stil.'
 (Ziervogel, et al 1978:55)

In die bostaande voorbeeld word die naamwoord *mpša* 'hond' as bekend veronderstel en dus weggelaat. Hier verkry die possessiewe partikelgroepe *ya ka* en *ya gago* pronominale of voornaamwoordelike status. Dit gebeur op grond daarvan dat die possessiefpartikel met die antesedent kongruer en gevolglik daarmee korefereer.

b) Horton (1949:198) en Doke en Mofokeng (1971:420) verwys na die sintaktiese gebruiksmoontlikhede van sogenaamde 'possessiewe frases', en volgens Horton ontstaan sodanige frases in Luvale as gevolg van:

- i) die uitbreiding van 'n possessiewe stam deur ander kwalifikatiewe, bv. "Lizavu lyamakumi atanu. (A group of fifty)." (Vgl. Noord-Sotho: *Sehlôpha sa masomehlano*)
- ii) die uitbreiding van 'n lokatiewe infleksie om 'n possessief te vorm, bv. "Mutu wakunganda yamwangana. (A person from the chief's capital)." (Vgl. Noord-Sotho: *Motho wa gakgôši*)
- iii) die uitbreiding van possessiewe wat gevorm is van werkwoord-infinitiewe of deur voorwerpe wat deur sodanige infinitiewe geneem word, bv. "Ndeho yakutelekela kulya cetu. (A pot for cooking food.)" (Vgl. Noord-Sotho: *Pitša ya go apea dijô*)

Doke en Mofokeng (op cit:420) sê dat possessiewe frases gevorm word deur die uitbreiding van possessiewe van

- i) gewone naamwoorde

Vgl. Noord-Sotho: *dipuku (tša ngwana wa ka yô mogolo)*
 'die boeke (van my oudste kind)'

ii) lokatiewe

Vgl. Noord-Sotho: *ditšhwene (tša dithôkgwêng tša Natala)*
'die bobbejane (van die bosse van Natal)'

iii) infinitiewe

Vgl. Noord-Sotho: *motho (wa go rata bana gagolo)*
'iemand (wat baie van kinders hou)'

c) Ziervogel, et al (1978:67) wys daarop dat possessiewe soos naamwoorde kan optree en dus voorsien kan word van die sekondêre morfeme⁴, bv.

ke wa ka
'dit is myne'

d) Ziervogel, et al (op cit:67) toon aan dat die substantiewe (wat volgens sy beskouing die possessiewe partikelgroep insluit), op partisipiale kopulas *e le* en *e se* kan volg, bv.

Gê thipa e le ya ka ...
'As dit my mes is ...'

Dit volg dat possessiewe partikelgroepe oor al die sintaktiese eienskappe van naamwoorde beskik. Hulle kan dus optree as onderwerpe, voorwerpe, en komplemente van kopulatiewe en lokatiewe partikels.

1.2.1.5 Verwantskapsterme

In sy A Grammar of the Sesuto Language wy Jacottet (1927) 'n hoofstuk aan die possessiewe konstruksie, maar hy konsentreer hoofsaaklik op die vorming van possessiewe konstruksies waarin verwantskapsterme voorkom. Volgens hom word die volgende verskynsels waargeneem wanneer die besitting 'n 'noun of relationship' is:

⁴Ziervogel beskou partikels soos kopulatiewe, assosiatiewe en instrumentale partikels as "sekondêre morfeme".

- "1. In that case, the connecting particle is not *oa'*, but merely *a'*, as in *ntat'a Lerata...*
2. In the plur., the same particle *a'* is used, not *ba'* as might be expected, e.g. *bo-ntat'a Lerata...*
3. When followed by a possessive pron. of the 2nd cl. sing. or the 3rd pers. 1 st cl. sing. the form of that pronoun is *o* or *e* (not *hao*, *hae*) as, *ntat'ao* thy father ..." (Jacottet, 1927:51)

Bostaande vorme blyk sametrekings van volledige strukture soos *ntate wa Lerata* te wees.

Hy verwys ook na die possessiewe partikel *ga* wat gebruik word wanneer die komplement in die possessiewe konstruksie 'n verwantskapsterm, egte naamwoord ('proper noun') of die interroгатief *mang?* is. Die partikel *ga* tree in sulke strukture tussen die possessiewe "voornaamwoord" (d.i. die partikel) en die komplement op, bv.

"batho ba ga' Letsie Letsie's people"
(Jacottet, op cit:53)

Cole (1955) verwys ook na die gebruik van *-ga-* in sekere Tswanadialekte wanneer die possessiewe komplement 'n enkelvoudige persoonsnaamwoord uit klas 1a is, byvoorbeeld

ngwana wagaDikêlêdi
'die kind van Dikêlêdi'

Hy wys egter ook daarop dat hierdie *-ga-* deur sprekers van die oostelike dialekte weggelaat word, soos byvoorbeeld in

ngwana waDikêlêdi
'die kind van Dikêlêdi'

Wat Noord-Sotho betref, word die partikel *ga* ook voor naamwoorde in klas 1a aangetref, maar dan met die betekenis 'by iemand se plek', byvoorbeeld

gaMasemola
'by Masemola se plek'

Hierdie *ga* is egter nie 'n possessiewe partikel soos dié waarna Jacottet (1927) en Cole (1955)

verwys nie, maar is volgens Prinsloo (1979:81) 'n lokatiewe voorsetsel. Prinsloo sê verder dat die lokatiewe voorsetsel *ga* waarskynlik verwant is aan die possessiewe partikel *ga* van klas 17. Dat die lokatiewe voorsetsel *ga* 'n possessiewe element bevat, is nie te betwyfel nie, aangesien die voorsetsel *ga* slegs naamwoorde selekteer wat verwys na potensiële eienaars van 'n plek en daar dus van 'n possessiewe verhouding tussen besitter en besitting sprake is.

Poulos (1990:100) verwys ook na die prefiks *ha-* wat in Venda gebruik word om kommunale besit aan te dui. Hy beweer:

"This prefix commonly occurs with the absolute pronouns to express the idea of communal possession, i.e. common or collective possession of a place, be it a homestead, village, district, etc. Such forms would therefore freely translate the English "the place of ...", with the exact significance being determined by the context."

Guma (1971:121) verwys na die term 'primitive possessive stems' waaronder hy twee tipes vir Suid-Sotho onderskei, naamlik dié wat enkelvoudige besit aandui (byvoorbeeld */-ka/* vir die eerste persoon enkelvoud en */-rona/* vir die eerste persoon meervoud) en dié wat meervoudige besit deur byvoorbeeld die familie aandui (byvoorbeeld */-eso/* vir die eerste persoon meervoud). Hy meen verder dat die lokatiewe possessiewe skakel */ha-/* of */h-/* van klas 17 aan sodanige stamme geprefigeer kan word om besit deur 'n eenheid groter as die familie aan te dui, bv. */monna oa-heso/*.

Vir Noord-Sotho beweer Ziervogel, et al (1978:51) dat daar drie besitlike voornaamwoordstamme gebruik word om 'n familiegroep as die besitter aan te dui, naamlik *gêšo* 'ons familie', *gabô* 'hulle familie' en *gêno* 'julle familie'. Lombard (1985:94) verwys na die verskil tussen possessiewe vorme soos *tša gêšo* 'van ons familie' en *tša rena* 'van ons'. Die voornaamwoord in *tša gêšo* word aangedui as 'n besitlike voornaamwoord waarvan die struktuur slegs diachronies ontleed kan word. Dit kan uiteraard net in possessiewe

konstruksies gebruik word, en dui op besit deur die familie. Wat voornaamwoorde soos *rena* betref, wys Lombard daarop dat dit 'n "absolute" voornaamwoord is wat as besitlike voornaamwoord in possessiewe konstruksies kan optree, en dit dui op besit deur individue.

Van Wyk (1958:343) bespreek die besitskakel van klas 17 naamlik *ga* en sê dat hierdie skakel 'n onskeibare morfeem van die besitlike voornaamwoorde *gago* (*ga* + *go*), *gagwê* (*ga* + *go* + *ê*), *gêšo* (*ga* + *ešo*) en *gêno* (*ga* + *eno*) uitmaak.

Horton (1949:81) verwys ook in sy Luvale-grammatika na 'relationship possessives', en laat hom soos volg hieroor uit:

"A number of nouns, particularly those denoting relationship, take possessives enclitically, i.e., possessive stems and also, sometimes, nouns. That is, they take possessives without the intervention of possessive concords."

Vergelyk byvoorbeeld: "mwanami 'my child'"

Hy sê ook dat

"... some nouns of relation include the possessive idea in themselves" (p.82),

byvoorbeeld *tata* 'my pa'.

Dit geld in Noord-Sotho vir alle verwantskapsterme soos *tatê*, *mmê*, *rrakgadi*, ens.

Volgens Doke en Mofokeng (1971:141) kan die volgende in Suid-Sotho waargeneem word:

"When the possessee is a noun of relationship, particularly one of class 1a, the possessive becomes suffixed or compounded, the concord being -a- for both singular and plural."

Vergelyk byvoorbeeld

- i) *malom'a Petrose*
'Petrus se oom'
- ii) *bômalom'a Petrose*
'Petrus se ooms'

Ziervogel, et al (1978:89) maak ook melding daarvan dat sametrekking van besitskonstruksies dikwels by verwantskapsterme voorkom.

Volgens Cole (1955:164) impliseer die meeste verwantskapsterme 'n besitter wat deur 'n enklitiese possessiewe element aangedui word. Sulke verwantskapsterme is dus eintlik samestellings van 'n naamwoord plus 'n oorspronklike possessief, alhoewel die twee dele dikwels onlosmaakbaar saamgesmelt het, byvoorbeeld *mmago* 'jou ma' van **mma wa gago*.

1.2.2 Moderne beskouinge

1.2.2.1 Gemarkeerde en Ongemarkeerde besit v/s Vervreembare en Onvervreembare besit

Die onderskeid tussen *gemarkeerde* en *ongemarkeerde* besit berus op die aan- of afwesigheid van die possessiewe partikel. In 'n gemarkeerde besitskonstruksie figureer die possessiewe partikel as 'n 'merker' van die possessiewe verhouding tussen twee naamwoorde. Die gemarkeerde vorm kan òf direk òf beskrywend van aard wees. Vergelyk byvoorbeeld

- i) *mpša ya monna*
'die man se hond'
- ii) *thipa ya tshipi*
'n ystermes'

In voorbeeld (i) het ons 'n gemarkeerde possessief wat direkte besit uitdruk, terwyl voorbeeld

(ii) ook 'n gemarkeerde possessief is (beide word gemerk deur die possessiewe partikel *ya*), maar met 'n beskrywende funksie.

In 'n ongemarkeerde besitskonstruksie het ons te make met 'n possessiewe verhouding tussen twee naamwoorde wat nie vormlik deur middel van 'n possessiewe partikel gemarkeer is nie, byvoorbeeld:

O ôpilê phala lenaka.

'Jy het die rooibok die/se horing getref.' met ander woorde

'Jy het die spyker op die kop geslaan.'

(Die verskillende vorme wat sodanige konstruksie kan aanneem sal later volledig bespreek word.) Die ongemarkeerde konstruksie is altyd direk en kan nooit 'n beskrywende funksie hê nie.

Daar word ook onderskeid gemaak tussen *vervreembare* en *onvervreembare* besit. Vervreembare besit dui op 'n sekere verhouding tussen iemand ('n persoon) en sy besitting/s. Hierdie verhouding kan normaalweg beëindig word, met ander woorde 'n besitter/eienaar kan van sy besitting/s vervreem word soos in die geval van 'n persoon wat sy motor verkoop. Onvervreembare besit dui egter op 'n verhouding tussen 'n sg. besitter en sy besitting wat nie op 'n natuurlike wyse beëindig kan word nie, byvoorbeeld 'n man en sy arm. Die arm maak 'n onafskeidbare deel van die man uit en wanneer hierdie onderdeel (arm) en sy geheel (man) in 'n vervreembare verhouding tot mekaar staan, is die situasie nie meer natuurlik nie (soos wanneer die arm geamputeer word).

Bird (1972:7) beweer dat die gemarkeerde vorm altyd vervreembare besit uitdruk en dat die ongemarkeerde vorm altyd onvervreembare besit uitdruk. Vergelyk die volgende twee Bambaravoorbeelde:

- i) *Bàba ba*
Baba moeder 'Baba se moeder '
- ii) *Baba ka so*
Baba GEN huis 'Baba se huis'

Voorbeeld (i) is die ongemarkeerde vorm en druk onvervreembare besit uit, terwyl voorbeeld (ii) die gemarkeerde vorm is en vervreembare besit uitdruk.

Die verband tussen *gemarkeerde/ongemarkeerde besit* en *vervreembare/onvervreembare besit* blyk egter nie so eenvoudig te wees nie.

Bird se beskouing suggereer volgens Wilkes (1978:7) dat ongemerkte konstruksies net beperk is tot gevalle waar die besitter 'n lewendige saak is en die besitting 'n (onvervreembare) onderdeel daarvan uitmaak. Volgens Wilkes kan die ongemerkte konstruksie ook aangewend word in gevalle waar die sogenaamde 'besitter' nie-lewendig is en waar daar in werklikheid glad nie van besit sprake is nie (en dus ook nie van onvervreembaarheid nie).

Vergelyk o.a. die volgende Noord-Sothovoorbeeld:

Ke penta ngwakô lebôtô.
'Ek verf die huis die muur.' (Ek verf die huis se muur.)

Hier is die sogenaamde besitter (huis) nie-lewendig en kan dus nie die muur besit nie.

Schuh (1981:118) beskryf sodanige konstruksies as volg:

" ... the alienable construction requires some sort of overt genetical 'linking' morpheme between N1 and N2, whereas the inalienable construction involves mere juxtaposition of the nouns, or at most, some phonological modification of N1, or, less commonly, N2."

Die sogenaamde "overt genetical 'linking' morpheme" waarna hy verwys is die possessiewe partikel in die volgende Noord-Sothovoorbeeld:

mpša ya monna
'die man se hond'

Hierdie is 'n vervreembare besitskonstruksie soos dié wat Schuh hierbo beskryf. Die vorm wat die onvervreembare besitskonstruksie in Noord-Sotho kan aanneem sal later volledig bespreek word.

Wat betref die historiese ontwikkeling van die onderskeid tussen die vervreembare/onvervreembare genitief in Tjadies beweer Schuh (op cit:119):

" ... the genitival relation between nouns was originally marked only by juxtaposition of N1 + N2. The linking morpheme 'of' seen in modern 'alienable' constructions is historically either a definite determiner to N1 or a determiner in apposition to N1. There is, therefore, no historical difference between 'alienable' and 'inalienable' syntactic constructions..."

'n Baie belangrike waarneming wat Schuh ook maak, is dat onvervreembare besit 'n inherente eienskap is, met ander woorde dit is nie 'n eienskap wat aan 'n voorwerp toegeken of van hom weggeneem kan word nie. So byvoorbeeld, moet 'n arm 'n 'besitter' hê waarvan hy deel is. Liggaamsdele word dus outomaties as onvervreembare besit deur hul besitters 'bepaal'. Dieselfde geld vir verwantskappe soos familielede. Tipiese vervreembare besittings soos byvoorbeeld 'n mes of 'n troeteldier hoef nie 'n besitter te hê nie.

Hyman, et al (1970:86) beweer dat daar twee algemene tendense is in dáárdie tale waarin onvervreembare besit sintakties gemerk word, nl.:

a) die referent van die besitter van 'n onvervreembare besitting word weggelaat wanneer daar in dieselfde sin na sodanige besitter verwys is, vergelyk byvoorbeeld Noord-Sotho:

" ... a ntebelela ka mahlong..."
' ... hy kyk my toe in die oë...'
(Bopape, 1982:1)⁵

In hierdie sin is die referent van die besitter (die eerste persoon enkelvoud) weggelaat omdat daar in dieselfde sin na die besitter verwys is deur middel van die voorwerpskakel van die

⁵Wanneer Noord-Sothovoorbeelde uit letterkundige werke aangehaal is, is kappies nie op die vokale aangebring nie. Wanneer daar egter buite die aanhaling na sodanige voorbeelde verwys is, is kappies wel waar nodig aangebring.

eerste persoon enkelvoud *-n-*. As die besitter weer genoem sou word, sal die konstruksie só daar uitsien: *... a ntêbêlêla ka mahlông a ka...

b) die referent van die besitter van 'n onvervreembare besitting word so na as moontlik aan die werkwoord geïnkorporeer (normaalweg as indirekte voorwerp) wanneer die referent van die onderwerp nie dieselfde is as die referent van die possessief nie, en ook wanneer die werkwoord 'n aksiewerkwoord is. Vergelyk die volgende Noord-Sothovoorbeeld:

" ... o nthobile letsogo"
' ... jy het my arm gebreek'
(Palaki Tsebe, 1983:10)

Hier word die besitter (eerste persoon enkelvoud) deur die voorwerpskakel *-n-* verteenwoordig terwyl die referent van die onderwerp van die sin die tweede persoon enkelvoud is en dus nie dieselfde is as die referent van die naamwoord wat na die besitting verwys nie.

Omondi (1982:351) wys op die volgende:

"The difference between alienable and inalienable possession is perhaps best treated as a question of preference in the language and not a hard rule that should be captured by the syntax. If we generate both alienable and inalienable possession from the same deep structure, we in fact do not generate unacceptable structures."

Hinnebusch & Kirsner (1980) meen dat alhoewel sekere sintipes gebruik kan word om onvervreembaarheid by die hoorder te suggereer, daar niks in die grammatika van Swahili is wat onvervreembare besit vormlik markeer nie. Volgens hulle is die hipotese dat Swahili 'n spesiale nie-genitiefkonstruksie het om onvervreembare besit te encodeer, vals, omdat

a) nie-genitiefsinne ook vervreembare besit kan uitdruk, byvoorbeeld

"Ni-me-lowa shati
I + am + soaked shirt 'My shirt [which I am wearing] is soaked'"
(Hinnebusch & Kirsner, op cit: 3)

Hier word nie gebruik gemaak van die "A of relationship" nie, en is dit dus 'n nie-genitiefsin

wat vervreembare besit uitdruk; en

b) die referent van die "bare noun" (dit is 'n naamwoord wat nie deur middel van die sg. '-A of relationship' aan 'n besitter geskakel is nie) nie altyd as 'in besit' beskou kan word nie.

Vergelyk byvoorbeeld:

- i) "Meza i-me-panguswa mguu.
table it+is+wiped leg
'The leg of the table has been wiped.'"
- ii) "Meza i-me-panguswa vumbi.
table it+is+wiped dust
'The dust has been wiped off the table.'"
(Hinnebusch & Kirsner, op cit:4)

Alhoewel die tafelpoot in (i) as 'n onderdeel van die tafel beskou kan word, kan dieselfde nie van die stof in voorbeeld (ii) gesê word nie. In (ii) het ons te make met wat Hinnebusch & Kirsner 'n "bare noun" noem (*vumbi*) en wat nie as 'in besit' beskou kan word nie.

1.2.2.2 Die deel-geheelbeskouing

Voeltz (1976) het eerste vorendag gekom met die idee dat 'n onderdeel deel van die geheel moet uitmaak tydens die uitvoering van die proses, met ander woorde wanneer 'n proses die deel affekteer, moet dit noodwendig ook die geheel affekteer omdat die een deel uitmaak van die ander. Hy stel dan ook drie vereistes om die grammatikaliteit van 'n sin soos

"Ke roba Opa letsoho. 'I break Opa's arm."
(Voeltz, op cit:258)

te bepaal:

- a) Die naamwoord wat na die onderdeel (hier "arm") verwys moet voldoen aan die seleksiebeperinge van die werkwoord, met ander woorde die voorwerp moet van so 'n aard wees dat dit deur die proses soos deur die betrokke werkwoord verwoord geaffekteer kan word;

- b) Die (direkte) objek (*letsoho*) moet 'n moontlike deel van die indirekte objek (*Opa*) uitmaak, terwyl die indirekte objek die direkte objek voorafgaan;
- c) Die werkwoord moet 'n aksie of 'n toestandsverandering verwoord.

In die bostaande voorbeeld voldoen die objek, nl. *letsoho* 'arm' aan die seleksiebeperkinge van die werkwoord *go-roba* 'om te breek', omdat 'n arm fisies kan breek. *letsoho* as direkte objek maak 'n definitiewe deel uit van die indirekte objek nl. *Opa* en dit gaan *Opa* ook vooraf. Die werkwoord *go-roba* is 'n aksiewerkwoord, omdat dit 'n handeling uitdruk wat die objek affekteer. Die sin is dus volgens Voeltz se deel-geheelteorie wel reëlmatig of grammatikaal korrek.

Wilkes (1978:99) gaan egter verder en tref 'n onderskeid tussen

- a) onderdele wat tydens die uitvoering van die proses in 'n onvervreembare verhouding tot die geheel staan, d.w.s. 'n integreerende deel daarvan uitmaak; en
- b) onderdele wat in 'n vervreembare verhouding tot die geheel staan, d.w.s. nie deel van die geheel uitmaak nie.

Wilkes (op cit:99) vervolg:

"Wanneer onderdele in 'n onvervreembare verhouding tot die geheel staan affekteer die proses (met inagneming van die aard daarvan ...) die onderdeel sowel as die geheel en moet daar van die ongemarkeerde vorm gebruik gemaak word. Wanneer die onderdeel egter in 'n vervreemde verhouding tot die geheel staan het die betrokke proses slegs op die onderdeel betrekking en affekteer dit dus nie die geheel nie en moet van die gemarkeerde vorm gebruik gemaak word."

Vergelyk die volgende twee Noord-Sothosinne:

- i) *O sêgilê ngwana leoto.*
'Hy het die kind se voet gesny.'
- ii) *Mosadi o roka rôkô ya ngwana.*
'Die vrou herstel die rok van die kind.'

In voorbeeld (i) hierbo, maak die onderdeel (*leoto*) deel uit van die geheel (*ngwana*) tydens die uitvoering van die proses. Hier word dan ook van die ongemarkeerde vorm gebruik gemaak. Die proses affekteer die deel sowel as die geheel.

In voorbeeld (ii) staan die onderdeel (*rôkô*) in 'n vervreemde verhouding tot die geheel (*ngwana*) en die proses (*go-roka*) het slegs op die onderdeel betrekking. Hier word van die gemarkeerde vorm gebruik gemaak, m.a.w. die possessiewe skakel word gebruik om die besittingsverhouding tussen die besitter en besitting aan te dui.

Wilkes (op cit:102) wys ook daarop dat die geheel en die onderdeel aan die seleksievereistes van die betrokke werkwoord moet voldoen. In die sin

"?Ukhande lomfazi izicathulo.
'Hy het die vrou saam met haar skoene herstel."

voldoen die geheelnaamwoord (*umfazi*) nie aan die seleksievereistes van die werkwoord (*ukhande*) nie. Hierdie voorwaarde geld volgens Wilkes nie waar die proses slegs op die onderdeel betrekking het nie.

Hy sê verder dat prosesse waarvan die toepassing nie tot 'n verandering in die staat van die geheel aanleiding gee nie, normaalweg nie die ongemarkeerde vorm kan selekteer nie, byvoorbeeld

"*Angithandi lendoda ubuso.
'Ek hou nie van hierdie man se gesig nie."

Hier gee die werkwoord *angithandi* nie aanleiding tot 'n verandering in die staat van die geheel *lendoda* nie.

Wilkes (op cit:103) besluit gevolglik dat

"... die semantiese verskil wat tussen die ongemarkeerde en gemarkeerde vorms bestaan nie soseer met besit te make het as met die feit dat die ongemarkeerde struktuur te kenne gee dat die proses die onderdeel sowel as die geheel affekteer terwyl die gemarkeerde vorm weer impliseer dat die proses slegs die onderdeel, wat in hierdie geval ook 'n besitting kan wees, affekteer..."

Sutherland (1985:100) wys daarop dat werkwoorde wat nie die staat van die geheel verander nie egter ook in deel-geheelkonstruksies in Noord-Sotho aangetref word, bv.

"...ka mo nyaka molala.
'ek soek hom toe die nek (as dit bv. my strategie in 'n geveg was om my opponent te wurg).'"

Volgens Sutherland sal die werkwoord(-stam) *-nyaka* nie die staat van die geheel (hom) verander nie. Dit wil egter blyk of die werkwoord *ka mo nyaka* tog 'n uitwerking op die geheel kan hê indien die gevolg van die aksie is dat die persoon gewurg word.

Hy beweer verder dat kognitiewe werkwoorde wat slegs op die deel betrekking het, ook in hierdie konstruksie kan voorkom en dat 'n teenstelling tussen die deel en geheel ontstaan, byvoorbeeld:

"ke mo tseba leina.
'ek ken hom die naam.' (maar nie die res van hom nie)"

Sutherland (op cit:104) onderskei tussen drie situasies met betrekking tot die gebruik van die deel-geheelkonstruksies:

- a) waar geen deel-geheelverhouding bestaan of geredelik aangevoel kan word nie;
- b) waar die gebruik opsioneel is; en
- c) waar die gebruik verpligtend is, spesifiek waar liggaamsdele ter sprake is.

Volgens Sutherland hou die deel-geheelkonstruksies verband met die verpersoonliking van 'n nie-lewende objek. Hy sê dat as 'n nie-lewende objek soos 'n motor in 'n gesprek

verpersoonlik word, sal 'n spreker neig om 'n deel-geheelkonstruksie te gebruik om na die motor te verwys, bv.

"... ka e pompa matsekere.
'... toe pomp ek hom die wiele."
(Sutherland, op cit:104)

Wat die gebruiksvoorwaardes vir deel-geheelkonstruksies met kognitiewe werkwoorde betref, geld die volgende volgens Sutherland:

- a) die handeling het slegs op die deel betrekking en nie op die geheel nie sodat 'n teenstelling tussen die deel en die geheel ontstaan;
- b) deel-geheelkonstruksies word dikwels gebruik met 'n besitkonstruksie as kwalifikasie by die deelnaamwoord, bv.

Ga ke rate Piti maaka a *gagwê*.
'Ek hou nie van Piet sy leuens nie.' (Ek hou nie van Piet se leuens nie.)

Hy meen voorts dat sprekers neig om so 'n kwalifikasie aan te voeg wanneer die deelnaamwoord 'n spesifieke kenmerk van die geheel uitdruk.

Volgens Wilkes (1989) word Sutherland se bevindinge nie deur Zoeloedata ondersteun nie. In Zoeloe tree die possessiewe voornaamwoord op as ietwat meer van 'n nagedagte wanneer dit saam met naamwoorde wat onvervreembare besit aandui, gebruik word.

- c) by poëtiese uitdrukings word spesifieke kenmerke nie deur besitkwalifikasies uitgewys nie, bv.

Se bône thola borêlêdi ...
'Moenie die bitterappel die gladheid sien nie...'

Sutherland se gevolgtrekking met betrekking tot die deel-geheelkonstruksie lui dat die gebruik van die deel-geheelkonstruksie verpligtend in Noord-Sotho is wanneer liggaamsdele ter sprake is, maar nie wanneer dit gaan om nie-lewende sake nie. Volgens hom wil dit voorkom asof die genoemde konstruksie oorspronklik net by liggaamsdele gebruik kon gewees het,

maar dat die gebruik daarvan mettertyd kon verbreed het om ook nie-lewende sake in te sluit. Die opsionele gebruik by nie-lewende sake spruit dááruit voort dat hierdie sogenaamde verbredingsproses nog nie voltooi is nie en dat sprekers nou na gelang van omstandighede 'n keuse het tussen die gebruik van 'n deel-geheelkonstruksie of 'n besitkonstruksie.

Volgens Wilkes (1989) is die *deel-geheelbenadering* die mees bevredigende manier waarop rekenskap gegee kan word van oënskynlik possessiewe vorms in Zoeloe wat in wese nie besit uitdruk nie. Sy bevinding is dat Zoeloesprekers nie deel-geheelverhoudings op 'n konsekwente wyse enkodeer nie, en dat die meeste die gebruik van die non-genitiefstruktuur verkies wanneer onvervreembare *deel-geheelverhoudings* uitgedruk word - veral dié wat op liggaamsdele betrekking het. Ander sprekers het egter nie omgee om genitiefstrukture in sodanige gevalle te gebruik nie. Wat *vervreembare* deel-geheelverhoudings betref, het Wilkes (op cit) vasgestel dat jonger sprekers beide die genitief- en non-genitiefstruktuur erken.

1.2.2.3 Die sintaksis van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys

Die eienskap [+onvervreembaar] word normaalweg aan naamwoorde wat na liggaamsdele verwys, geheg. Hyman, et al (1970:99) som die situasie goed op wanneer hulle sê dat die eienskap [\pm onvervreembaar] die volgende uitwerking het op naamwoorde wat na liggaamsdele verwys:

"... it informs the hearer of whether or not a body part is still attached to its owner..."

Daar kan dus gesê word dat wanneer 'n liggaamsdeel 'n natuurlike deel van die persoon (die sg. "eienaar" van die liggaamsdeel) uitmaak, dit die kenmerk [+onvervreembaar] dra.

Omdat dit egter fisies moontlik is om 'n persoon van sy liggaamsdele te vervreem (deur byvoorbeeld sy been af te sit), kan naamwoorde wat na liggaamsdele verwys ook die

kenmerk [+vervreembaar] dra.

Hedendaagse grammatici soos Fox (1981) en Hyman (1977) het ondersoek ingestel na die sintaktiese optrede van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys.

Hyman (1977:100) verwys na twee tipiese verskynsels in die sintaktiese aanwending van naamwoorde wat op liggaamsdele slaan, nl. *besitterweglating* en *besitterpromosie*.

Hy beweer dat die weglating van die besitter voorkom as die besitter en die subjek identies aan mekaar is. Hy sê verder dat indien die possessiewe voornaamwoord eksplisiet genoem sou word, dit sou impliseer dat die hande nie deel van die liggaam uitmaak in die volgende

Haya-voorbeeld nie:

"? η-k-óogy' émikôno yange
I-P3- wash hands my
'I washed my (detached) hands"
(Hyman, op cit:100)

In die bostaande voorbeeld is die subjek en die besitter identies aan mekaar. Hier word die possessiewe voornaamwoord *yange* genoem en daardeur word dus geïmpliseer dat die hande nie deel van die besitter se liggaam uitmaak nie. Indien besitterweglating egter plaasvind, sien dieselfde sin só daaruit:

"η-k-óogy' émikôno
I-P3-wash hands
'I washed my hands"
(Hyman, op cit:100)

Wat Noord-Sotho betref, word daar wel voorbeelde aangetref waar die besitter en die subjek identies aan mekaar is en die besitter wel genoem word, byvoorbeeld:

"....Ka realo ka lentšwana la tlase ke bea *seatla sa ka* godimo ga molala wa gagwe ka boletiana." (Eie kursivering)
 '....Ek sê toe so met 'n sagte stem terwyl ek *my hand* liggies op haar nek plaas.'
 (Bopape, 1982:1)

Volgens Hyman se hipotese sal die persoon wat in hierdie sin aan die woord is, se hand nie deel van sy liggaam uitmaak nie.

Hyman beweer verder dat wanneer die objek nie 'n liggaamsdeel is nie, hierdie reël verval. Indien die possessiewe voornaamwoord weggelaat word, beteken dit òf dat die objek nie 'n besitting is nie òf dat die besitter nie gespesifiseer is nie.

Onder besitterpromosie verwys Hyman (op cit:101) na die promosie van die besitter na die *objeksposisie* indien die werkwoord *oorganklik* is, en die promosie van die besitter na die *subjeksposisie* indien die werkwoord *onoorganklik* is. Hy sê egter nie watter posisie hierdie besittersnaamwoord in die sin ingeneem het alvorens dit gepromoveer is nie.

Vergelyk byvoorbeeld:

- i) "ŋ-ka-hénd' omwáán ómukôno
 I-P3- break child arm
 'I broke the child's arm' (lit. I broke the child the arm)"
 (Hyman, op cit:101)
- ii) "omwáána n-aa-sháásh' ómútwe
 child PR-he-ache head
 'the child has a headache' (lit. the child is aching the head)"
 (Hyman, op cit: 108)

In (i) hierbo is die werkwoord 'breek' oorganklik en die besitter 'kind' word gepromoveer na die objeksposisie. In (ii) is die werkwoord 'pyn ervaar' onoorganklik en die besitter 'kind' word dus gepromoveer na die subjeksposisie.

Hy beweer dat die verhouding tussen liggaamsdele en die sg. besitter daarvan van só 'n aard is dat wanneer die besittingsnaamwoord (liggaamsdeel) deur 'n aksie geaffekteer word, die

besitter as geheel ook geaffekteer word.

Wat die aard van die werkwoord betref, wys hy daarop dat aksiewerkwoorde 'n omgewing skep wat ideaal vir besitterpromosie is. Aksiewerkwoorde verander die staat van die geheel en nie net die besitting as onderdeel nie. (Hyman se teorie word in Hoofstuk 3 aan die hand van Noord-Sotho getoets.)

Fox (1981:323) probeer aantoon dat die sintaktiese gedrag van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys, die feit weerspieël dat liggaamsdele fisies aangrensend aan hul 'besitters' is. Sy maak gebruik van vier sintaktiese eienskappe waarvolgens naamwoorde wat na liggaamsdele verwys onderskei kan word van naamwoorde wat nie na liggaamsdele verwys nie, nl. "*possessor ascension*", *liggaamsdeelidiome*, *refleksiewe* en *passiewe*.

Fox (op cit:326) verduidelik die meganisme vir "*possessor ascension*" as volg:

* Liggaamsdele (en soms ook kledingstukke) is fisies verbind en aangrensend aan hul besitters en wanneer 'n liggaamsdeel of kledingstuk deur 'n aksie geaffekteer word, word die besitter noodwendig ook deur die aksie geraak.

* Die besitter kan beskou word as 'n volle deelnemer in die aksie (byvoorbeeld as direkte objek), bv.

O mo atlilê molômong.

'Hy het haar op die (haar) mond gesoen.'

* Omdat 'n menslike besitter hoër in die aktualiteitshiërargie is as nie-lewende besittings, beklee die besitter soms 'n 'hoër' posisie (soos dié van onderwerp) in die sin as die besittingsvoorwerp wat semanties die direkte voorwerp is.

Met die term "body part-idiom" verwys Fox na 'n fisiese of emosionele staat wat deur die persoon ondervind word, maar wat grammaties uitgedruk word as òf 'n toestand wat uitsluitlik deur 'n liggaamsdeel ondervind word sonder verwysing na die besitter (soos in "stomach is hungry"), òf as 'n staat wat deur beide die persoon en die liggaamsdeel ondervind word. In hierdie sinsdele is die besitter betrokke by die aksie omdat die liggaamsdeel as deel van die geheel daarby betrokke is. Die besitter (d.w.s. die geheel) word verantwoordelik gehou vir die aksies van die liggaam, selfs al is 'n enkele liggaamsdeel die oorsaak van 'n besondere sensasie of emosie.

Daar is egter voorbeelde in die Noord-Sotholiteratuur aangetref waar die persoon en sy liggaamsdeel albei geaffekteer word deur die proses, maar die besitter van die liggaamsdeel word wel genoem, byvoorbeeld:

"A kwa *mmele wa gagwe* o hlafa." (Eie kursivering)
 'Sy voel dat haar liggaam swak word.'
 (Phatudi, 1971:8)

In hierdie sin is die persoon en haar liggaam absoluut ekwivalent aan mekaar en tog word die besitter eksplisiet genoem.

Fox (op cit:331) haal Teng (1974) aan oor dergelike sinsdele:

"... a body part can be used without any reference to a possessor, and yet the possessor is still assumed to be the most 'involved' participant, or, if the possessor is mentioned, possessive morphology is often not required to link the possessor with its body part, giving the effect of a 'double nominative'."

Hiervolgens hoef die 'besitter' van 'n liggaamsdeel nie eksplisiet genoem te word wanneer 'n liggaamsdeel in 'n aksie betrokke is nie. Omdat die 'besitter' en sy liggaamsdele so onafskeidbaar deel is van mekaar word die 'besitter' noodwendig ook deur die aksie geaffekteer. Wanneer die 'besitter' wel genoem word, hoef dit nie vormlik gemarkeer te word dat die 'besitter' en sy liggaamsdele verwant is nie.

Volgens Fox sal sulke sinne waar die 'besitter' weggelaat word, of nie vormlik as die besitter aangedui is nie, nooit aangetref word saam met enige iets anders as liggaamsdele as besittingsnaamwoorde nie.

Oor refleksiewe laat Fox (op cit:331) haar as volg uit:

"Given that reflexives signal the repeated mention of a participant it follows that any action a participant performs on his body will qualify for the status of reflexive, since a person is essentially, at least in space, equivalent to his body."

Wanneer daar dus van 'n refleksiefkonstruksie gebruik gemaak word, hoef die 'besitter' ook nie genoem te word nie omdat die refleksief tog dui op 'n aksie deur die persoon op homself.

Vergelyk byvoorbeeld die volgende Noord-Sothosin:

"Ge a realo a *ipipa sefahlego* ka dikobo..." (Eie kursivering)
'Terwyl sy so sê *bedek sy haar gesig* met die komberse...'
(Bopape, 1982:3)

Fox (op cit:332) beskryf die passiefkonstruksie as 'n meganisme wat twee uitwerkings op 'n sin het nl.

- a) dit deaktualiseer die agent; en
- b) dit aktualiseer 'n nuwe onderwerp.

Sy wys daarop dat indien die ou agent en die nuwe subjek korefereer, m.a.w. as die nuwe subjek 'n liggaamsdeel is, kan passivering nie plaasvind nie. Vergelyk bv.

i) "... ke bea *seatla sa ka godimo ga molala wa gagwe*..."
'... ek plaas my hand op haar nek...'
(Bopape, 1982:1)

ii) * *seatla sa ka se bewa ke nna*

Hier verwys die onderwerpskakel *ke* van die eerste persoon enkelvoud in (i) na die subjek en *seatla sa ka* wat 'n liggaamsdeel is na die voorwerp. Omdat hulle korefereer (die een maak

deel uit van die ander) kan passivering soos in (ii) nie plaasvind nie.

Uit die bostaande voorbeelde blyk duidelik dat dit geen sin het om een deelnemer (die eerste persoon enkelvoud verteenwoordig deur *ke*) te demoveer (van onderwerp na voorwerp) en 'n ander (*seatla sa ka*) te promoveer (van voorwerp na onderwerp) deur middel van passivering terwyl hulle in werklikheid dieselfde deelnemer is nie.

1.2.3 Samevatting

Die voorafgaande paragrawe bied 'n oorsig oor enkele tradisionele sowel as moderne beskouinge oor die possessief se struktuur en betekenis in die Bantoetale.

Tradisionele Bantoe-grammatici het probeer om die begrip 'possessief' te definieer, maar hulle is dit nie eens oor wat presies met die begrip bedoel word nie. Daar is 'n uiteensetting gegee van die *samestelling*, *sintaksis* en *semantiese verhoudinge binne die possessiefkonstruksie* vanuit 'n tradisionele oogpunt, terwyl *verwantskapsterme* ook onder die loep geneem is. Die moderne beskouinge van die possessief sluit begrippe soos *gemarkeerde en ongemarkeerde besit*, *vervreembare en onvervreembare besit* asook die *deel-geheelteorie* in. Bird (1972), Schuh (1981), Hyman, et al (1970), Omondi (1982) en Hinnebusch & Kirsner (1980) ondersoek die verband tussen *gemarkeerde* en *ongemarkeerde* besit aan die een kant, en *vervreembare* en *onvervreembare* besit aan die ander kant. Voeltz (1976), Wilkes (1978) en (1989) en Sutherland (1985) werk aan die *deel-geheelteorie* wat kortliks daarop neerkom dat 'n onderdeel wat deel uitmaak van 'n groter geheel ook deur die proses soos verwoord deur die werkwoord geaffekteer word. Hyman, et al (1970), Hyman (1977) en Fox (1981) stel ondersoek in na die sintaktiese optrede van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys. Hyman (1977) bespreek die prosesse *besitterweglating* en *besitterpromosie* terwyl Fox (op

cit) die sintaktiese verskynsels "*possessor ascension*", *liggaamsdeelidiome*, *refleksiewe* en *passiewe* ondersoek.

Van die aspekte wat reeds in hierdie hoofstuk genoem is, word breedvoerig met verwysing na Noord-Sotho in Hoofstukke 2 en 3 ondersoek.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Uit die voorafgaande paragrawe blyk dit dat tradisionele Bantoe-grammatici veral klem gelê het op die semantiese en sintaktiese funksies van die possessief, naamlik dié van besitaanduiding enersyds, en dié van beskrywing of kwalifisering van naamwoorde, andersyds. Moderner skrywers het weer meer aandag geskenk aan konstruksies wat op die oog af nie soos possessiewe konstruksies lyk nie (hulle verwys hierna as ongemarkeerde possessiewe), maar wat beslis 'n possessiewe semantiese element bevat. Hieruit het die deel-geheelteorie ontstaan wat toepaslik blyk te wees op die Bantoetale.

Dit het egter uit die ondersoek geblyk dat daar tog leemtes bestaan in die beskrywing van possessiewe konstruksies. Die genoemde skrywers het byvoorbeeld baie aandag geskenk aan die possessiewe komplemente, met ander woorde dié naamwoorde wat na die sogenaamde besitter verwys. Weinig is egter bekend oor possessiewe antesedente, d.w.s. dié naamwoorde wat na die sogenaamde besitting verwys.

Grammatici verwys vlugtig na possessiewe se pronominale funksie wanneer die naamwoordelike antesedent weggelaat is. Die pronominale funksie en gebruik van ander aspekte van die possessief moet egter ook ondersoek word.

Die sintaktiese optrede van die gemarkeerde possessief in sy geheel verdien ook verdere aandag. Slegs enkele verskynsels is deur tradisionele grammatici genoem.

Die semantiese onderskeid tussen direkte en beskrywende possessiewe het by nadere ondersoek nie so eenvoudig geblyk te wees nie. 'n Possessief soos *thatô ya ka* 'my wil' kan byvoorbeeld moeilik in een van die genoemde kategorieë geplaas word sonder dat daar verdere spesifikasie van die sogenaamde besitting plaasvind.

Tradisionele grammatici gee net kursories aandag aan die beskrywende funksie van die possessief, en 'n vollediger uiteensetting van hierdie komplekse funksie is nodig.

Wat die ongemarkeerde possessief betref, behoort daar aandag gegee te word aan al die sintaktiese eienskappe wat sulke naamwoorde kan hê. Grammatici het hoofsaaklik gekonsentreer op die ongemarkeerde konstruksie waarin die deelnaamwoord die direkte voorwerp en die geheelnaamwoord die indirekte voorwerp van die predikaat is. Dit blyk egter in die Noord-Sotholiteratuur dat deel-geheelnaamwoorde ook ander sintaktiese posisies kan inneem. Die rol wat die werkwoord in sodanige sinne speel, behoort ook van nader beskou te word. Onder 'werkwoord' word ook bedoel die assosiatiewe kopulatief wat semantiese ooreenkomste met die possessief toon.

Uit die betekenis van sekere saamgestelde naamwoorde blyk dit ook dat daar moontlike possessiewe strukture verskuil kan wees. Op hierdie saak behoort ook ingegaan te word. Grammatici maak tot dusver nie melding van die possessiewe eienskappe van sommige samestellings nie.

1.4 WERKSWYSE

Daar is hoofsaaklik gebruik gemaak van Noord-Sothotekste vir die opspoor van tersaaklike voorbeelde om argumente te staaf. Bestaande bronne wat met die onderwerp verband hou is geraadpleeg en die geldigheid van teorieë is ten opsigte van die Noord-Sothodata getoets, en waar nodig aangepas.

1.5 AANBIEDING

In Hoofstuk 2 word die gemarkeerde possessiewe konstruksie ondersoek. Daar word met ander woorde gekyk na die konstruksies wat 'n antesedent, possessiewe partikel en komplement bevat en wat na direkte of beskrywende possessiewe verhoudings kan verwys.

Hoofstuk 3 word gewy aan alternatiewe konstruksies wat ook na 'n possessiewe verhouding verwys, maar waarin daar nie 'n possessiewe partikel voorkom nie.

In Hoofstuk 4 volg 'n oorsig van die voorafgaande hoofstukke, en 'n samevatting van belangrike bevindinge.

HOOFSTUK 2

DIE GEMARKEERDE POSSESSIEWE KONSTRUKSIE

2.1 INLEIDING

Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar na die gemarkeerde konstruksie verwys word as dáárdie konstruksie waarin 'n possessiewe partikel voorkom om die kwalifikatiewe verhouding (dié van besitaanduiding, òf dié van beskrywing) tussen antesedent en komplement uit te druk.

'n Gemarkeerde konstruksie sien dus só daaruit:

mpša ya monna e a bogola: 'die man se hond blaf'

mpša 'hond' is die antesedent wat kongruensionele ooreenkoms toon met die possessiewe partikel *ya*. *monna* 'man' is die komplement van die possessiewe partikel.

In die bostaande voorbeeld bestaan daar 'n besitter-besittingsverhouding tussen die antesedent en die komplement. Die antesedent *mpša* is die besitting van die komplement *monna* en word as sodanig aangedui deur die gebruik van die possessiewe partikel *ya* wat na *mpša* verwys. (Hierdie is 'n voorbeeld van 'n direkte possessiewe verhouding.)

Die voorbeeld *ntlô ya thapêlô* 'huis van aanbidding' gaan ook as 'n gemarkeerde konstruksie deur ofskoon daar nie 'n besitter-besittingsverhouding tussen die antesedent *ntlô* en die komplement *thapêlô* bestaan nie, maar wel 'n beskrywingsverhouding omdat die komplement van die possessiefpartikel 'n beskrywing gee van die antesedent.

2.2 PRONOMINALISASIE BINNE DIE POSSESSIEFKONSTRUKSIE

In 'n gemarkeerde possessiefkonstruksie kan beide die antesedent en komplement gepronominaleer word.

Louwrens (1981) wys daarop dat pronominalisasie in die Bantoetale deur middel van twee prosesse kan geskied, naamlik (i) delesie (weglating) en (ii) die vervanging van naamwoorde.

Sy teorie kom daarop neer dat naamwoorde wat met ander woorde kongruer en dus daarmee koreferer, *weggelaat* kan word in welke geval die ander woorde as pronomina funksioneer, bv.

- i) *Monna yêna o tlile.* 'Die man daarenteen, het gekom.'
- ii) (-) *Yêna o tlile.* 'Hy, daarenteen, het gekom.'

In (ii) is die naamwoord *monna* weggelaat en verkry die bepaler *yêna* pronominale status.

In gevalle waar naamwoorde in sintaktiese omgewings voorkom waar hulle nie met ander woorde kan kongruer of koreferer nie, kan die naamwoorde *vervang* word in die pronominalisasieproses, vergelyk bv.

- i) *Ke bôna mmôtôrô wa monna.* 'Ek sien die man se motor.'
- ii) *Ke bôna mmôtôrô wa gagwê.* 'Ek sien sy motor.'

Die naamwoord *monna* in (i) word in voorbeeld (ii) vervang met die besitlike voornaamwoord *gagwê*.

In eersgenoemde geval waar die naamwoord weggelaat word, verkry bepalers en kongruensiemerkers die sekondêre funksie van voornaamwoorde, maar bly hul primêr as bepalers en kongruensiemerkers funksioneer. In laasgenoemde geval het ons egter te doen

met "egte" voornaamwoorde met 'n suiwer pronominale funksie.

Louwrens (1981) se teorie kan met sukses op die gemarkeerde possessief toegepas word. Wanneer die antesedent in 'n possessiewe konstruksie gepronominaleer word, het ons te make met pronominalisasie as weglatingsproses omdat daar verpligte kongruensie bestaan tussen die naamwoordelike antesedent en die possessiewe bepaling. Vergelyk byvoorbeeld:

- i) *Mpša ya monna e a bogola.* 'Die man se hond blaf.'
- ii) (-) *Ya monna e a bogola.* 'Die man s'n blaf.'

In (i) is daar verpligte kongruensie tussen die antesedent *mpša* en die naamwoordelike bepaler (possessief) *ya monna* deurdat die naamwoord *mpša* en die possessiewe partikelgroep *ya monna* albei na klas 9 verwys. In (ii) is *mpša* weggelaat waardeur die bepaler *ya monna* voornaamwoordelike status verkry. Primêr is die funksie van die possessiewe partikelgroep *ya monna* in albei voorbeelde dié van naamwoordelike bepaler, maar in (ii) verkry dit ook die sekondêre funksie van "voornaamwoord".

Die komplement in (i), naamlik *monna*, kan egter ook gepronominaleer word. Na aanleiding van Louwrens (1981) se artikel word *monna* vervang met die besitlike voornaamwoord *gagwê* omdat daar nie 'n ander woord, bepaler of kongruensiemerker is waarmee *monna* kongruer en dus korefereer nie. Vergelyk byvoorbeeld:

- iii) *Mpša ya gagwê e a bogola.* 'Sy hond blaf.'

Volgens Louwrens (op cit:55) het besitlike voornaamwoorde soos *gagwê*

"wat die produk is van naamwoordelike vervanging 'n suiwer pronominale karakter en funksie, en verteenwoordig hulle in Bantoe waarskynlik dié vorme wat die naaste kom aan wat tradisioneel onder die term "voornaamwoord" verstaan word."

Die komplement van die possessiewe partikel kan egter ook gepronominalees word deur middel van weglating indien daar 'n bepaler is wat daarmee kongruer, soos in

- iv) "... *motswaledi wa lona lemati leo.*" (Eie kursivering by alle aanhalings)
'... die toemaker van daardie spesifieke deur.'
(Ngoepe, 1980:2)

Wanneer die komplement *lemati* weggelaat word, verkry die demonstratiewe voornaamwoord *lêo* en die 'absolute' voornaamwoord *lôna* pronominale status en funksie, soos in

- v) *motswalêdi wa lôna (-) lêo*
'daardie spesifieke een se toemaker'

Daar kan dus met reg gesê word dat beide weglating en vervanging as pronominalisasieproses binne die gemarkeerde possessiefkonstruksie aangetref word.

2.3 DIE KOMPLEMENT EN ANTESEDENT IN POSSESSIEWE KONSTRUKSIES

Soos in Hoofstuk 1 aangedui is, het tradisionele Bantoe-grammatici baie aandag geskenk aan die possessiewe komplement, met ander woorde dié vorme wat na die sogenaamde besitter verwys. Weinig is egter gesê oor possessiewe antesedente, d.w.s. dié vorme wat na die sogenaamde besitting verwys.

Vervolgens sal aandag gegee word aan beide vorme soos wat dit in Noord-Sothotekste teëgekome is, en sal daar gepoog word om 'n volledige uiteensetting te gee van hoe die genoemde vorme in Noord-Sotho daar uitsien.

2.3.1 Die komplement van die possessiewe partikel

Soos enige partikelgroep, bestaan die possessiewe partikelgroep uit 'n (possessiewe)

partikel en 'n komplement. Volgens Lombard (1985) is partikels 'n afhanklike woordkategorie omdat partikels saam met ander woorde in die taal gebruik moet word. In 'n direkte possessiefkonstruksie verwys hierdie komplement na die besitter en in 'n beskrywende possessiefkonstruksie verwys die komplement na 'n kwaliteit van die antesedent. (Sien par. 2.5 oor die semantiese eienskappe van gemarkeerde possessiewe.)

2.3.1.1 Morfologiese en sintaktiese eienskappe van die komplement

Die volgende vorme wat as komplement van die possessiewe partikel kan optree, is in Noord-Sothotekste aangetref:

i) Naamwoorde, met die volgende subkategorieë:

a) Basiese naamwoorde, d.w.s. naamwoorde met die morfologiese struktuur klasprefiks + kern, bv.

"motse wa molao"
'n stat van die wet'
(Nkadimeng, 1977:1)

Onder basiese naamwoorde kan op die volgende tipes gewys word:

1) lokatiewe naamwoorde (klasse 16, 17 en 18), bv.

"e be e le tša *godimo*"
'dit was van bo af'
(Kekana, 1985:4)

2) verwantskapsterme uit klasse 1a en 2a, asook eiename, bv.

"ditloloseela tša *Brenda*"
'Brenda se grimering'
(Bopape, 1982:4)

3) rangtelwoorde, bv.

"polatefomong ya *bobedi*"
 'by die tweede platform'
 (Kekana, 1985:3)

4) interrogatiewe, bv.

"... a sa tsebe gore ke ya *mang ..*"
 '...hy nie weet wie s'n dit is nie..'
 (Ngoepe, 1980:1)

5) bywoorde¹

"tiragalo ye ya *bjale*"
 'hierdie gebeurtenis van nou'
 (Kekana, 1985:3)

6) Informatiewe², bv.

"pele ga *go tla* ga masogana"
 'voor die koms van die jongmanne'
 (Palaki Tsebe, 1983:2)

b) Kwalifikatiewe naamwoorde

Hierdie subkategorie tree slegs op as deel van kwalifikatiewe partikelgroepe, te wete as komplement (adjektief of relatief) van die kwalifikatiewe partikel. (Sien partikelgroepe hieronder.)

c) Deverbatiewe naamwoorde, bv.

"motse wa *khutšo*"
 "'n stat van vrede'
 (Nkadimeng, 1977:1)

¹Basiese bywoorde wat nie uit ander kategorieë ontwikkel het nie, soos byvoorbeeld *kae* 'waar' kan ook as komplement van die possessiewe partikel optree, bv. "Eupša mangwalo afe, a *kae* ...?" (Ngoepe, 1980:6) 'Maar watter briewe, van waar...?'

²Die infinitief wat nominale sowel as verbale kenmerke het, kan ook as komplement van die possessiewe partikel optree. In die gegewe voorbeeld dui die gebruik van die possessiewe partikel *ga* wat na die infinitief optree, op die nominale karakter van die infinitief. In hierdie sin tree die infinitief *go tla* op as komplement van die possessiewe partikel en terselfdertyd as antesedent van die daaropvolgende possessief. Vir voorbeelde waar die verbale infinitief as komplement van die possessiewe partikel optree, sien Bysinne hieronder.

d) Gelokativeerde naamwoorde³, bv.

"Tšhego ya *lebelethorong*"
'Gebrek aan sorghum'
(Rammala, 1975:1)

e) Diminutiewe naamwoorde, bv.

"kgorong ya *bašemanyana*"
'by die poort van die seuntjies'
(Palaki Tsebe, 1983:1)

f) Augmentatiewe naamwoorde, bv.

"sefahlogomolora sa *morutwaborutišigadi*"
'die witgepoeierde gesig van 'n damesonderwysstudent'
(Mminele, 1983:1)

ii) Voornaamwoorde, waaronder die volgende tipes:

a) Absolute voornaamwoorde, bv.

"koloji ya *bona*"
'die motor van hulle spesifiek'
(Ngoepe, 1980:5)

b) Besitlike voornaamwoorde, bv.

"Moratho wa *gagwe*"
'sy jonger broer'
(Mphahlele, 1984:13)

c) Demonstratiewe voornaamwoorde, bv.

"Ka morago ga *fao*"
'Dáárna'
(Palaki Tsebe, 1983:17)

³Lombard (1985) gebruik die term "lokatiwe naamwoorde" om na hierdie naamwoorde te verwys, maar vir die doel van hierdie studie word gehou by Prinsloo (1979) se terminologie. Hy verwys na lokatiwe naamwoorde as naamwoorde uit die lokatiefklasse (16, 17 en 18) en na gelokativeerde naamwoorde as naamwoorde sonder 'n oorspronklike lokatiefbetekenis wat gelokativeer word met behulp van die suffigering van die lokatiefsuffiks -ng.

d) Kwantitatiewe voornaamwoorde, bv.

modirô wa *bôhle*
'almal se werk'

e) Radikale voornaamwoorde⁴, bv.

"... ke ya *dife*...?"
'watter s'n is dit?'
(Ngoepe, 1980:1)

iii) Sekere partikelgroepe⁵, naamlik

a) Lokatiewe partikelgroepe, bv.

"setswalelo sa *ka morago*"
'die hek van die agterkant'
(Ngoepe, op cit:1)

b) Kwalifikatiewe partikelgroepe, bv.

"letsogo lela la *Yo-maatla*"
'doerdie arm van die Almagtige'
(Ngoepe, op cit:3)

c) Possessiewe partikelgroepe, bv.

"gare ga ya *dinaledi*"
'tussen dié van die sterre'
(Kekana, 1985:2)

⁴Sekere grammatici gebruik hier die term "enumeratief" wat volgens Lombard (1985) slegs op die kern -tee 'een' betrekking het.

⁵In wese is partikelgroepe (b) en (c) voornaamwoordelike bepalers deurdat hulle met weggelate naamwoordelike komplemente kongruer en korefereer soos in par. 2.2 uiteengesit.

- iv) Bysinne. Ziervogel, et al (1978:131) onderskei drie tipes bysinne, naamlik
- a) naamwoordelike bysinne: dit is die ekwivalent van 'n naamwoord en kan dus die onderwerp, voorwerp of komplement van die predikaat wees;
 - b) kwalifikatiewe bysinne: dit kan verbale betreklike bysinne, adjektiewe bysinne of nie-verbale relatiewe bysinne wees;
 - c) bywoordelike bysinne: hierdie tipe bysin kan 'n predikaat, 'n kwalifikatief en 'n bywoord bepaal. Ziervogel onderskei verskillende tipes, naamlik bysinne van plek, tyd, voorwaarde, oorsaak, toegewing, hoedanigheid, gevolg, doelstelling en graad.

Die volgende tipes bysinne wat deur 'n voegwoord ingelei kan word, is as komplement van die possessiewe partikel opgemerk:

1) Situatiewe bysinne, bv.

"Yeo gape ke ya *ge batho ba batamela*"
 'Daardie, terloops, is van as die mense naderkom'
 (Ngoepe, op cit:3)

Die situatiewe bysin *gê batho ba batamêla* val in die kategorie bywoordelike bysin van tyd. Die bysin wat ook die komplement is van die possessiewe partikel *ya*, verwys na 'n sekere moment, naamlik 'toe hulle naderkom', en is dus tydsbepalend. Verder bepaal die bysin die kwalifikatief *Yêo* (demonstratiewe voornaamwoord).

2) Subjunktiewe bysinne, bv.

"... a leba kua ga boSerati go ba botša lentšu la *gore ba bofe mpša ya bona...*"
 '... hy kies toe koers daar na Serati-hulle se plek om aan hulle die boodskap te gee dat hulle hul hond moet vasbind...'
 (Sethe, 1986:14)

Die subjunktiewe bysin *gore ba bôfê mpša ya bôna* is ook 'n bywoordelike bysin.

Dit word ingelei deur *gore* en is 'n bysin van doelstelling. As deel (naamlik as komplement) van die possessief *lentšu la gore ba bôfê mpša ya bôna* bepaal hierdie bysin die predikaat *go ba botša*.

3) Infnitiewe bysinne, bv.

"legotlwana la *go se kwe* la tšwela ntle ..."
'die stout muisie (wat nie luister nie) gaan toe buite toe...'
(Shai-Ragoboya, 1988:5)

Die infinitiewe bysin *go se kwê* is hier die komplement van die possessiewe partikel *la* en dit is 'n naamwoordelike bysin. Die possessief waarvan dit deel is, tree op as onderwerp van die predikaat *la tšwêla ntlê*...

4) Indikatiewe bysinne, bv.

"A fela a gadimile seferong ka tshepo ya *gore Mamahlo o tla itshola*..."
'Hy het toe aanhoudend die hek dopgehou met die hoop dat Mamahlo haarself sal verwyd...'
(Palaki Tsebe, 1983:6)

Hier word die indikatiewe bysin deur die voegwoord *gore* ingelei. Hierdie tipe bysinne word deur Ziervogel as naamwoordelike bysinne beskryf en in hierdie sin tree dit saam met die res van die possessiefkonstruksie op as komplement van die instrumentale partikel *ka*. Hierdie partikelgroep *ka tshêpô ya gore Mamahlô o tla itshôla* is 'n adjunk van die predikaat *a gadimilê*.

5) Relatiewe bysinne, bv.

"Tša *mo re tšwago* di swana le tše tša lena."
'Dié van waar ons vandaan kom, is dieselfde as van julle s'n.'
(Serudu, s.j.: 56)

Die bysin *mo re tšwago* is 'n kwalifikatiewe verbale betreklike bysin wat die weggelate

antesedent kwalifiseer.

6) Konsekutiewe bysinne⁶, bv.

"Ga ke hlobaetšwe ke la *wa longwa ke selwana seswana!*"

'Ek is nie bekommerd oor die idioom wat sê: jy word gebyt deur die klein swart dingetjie, nie.'

(Serudu, s.j.:83)

wa longwa ke selwana seswana is 'n konsekutiewe bysin wat volg op die possessiewe partikel. (Die possessiewe partikelgroep bestaan dus uit die possessiewe partikel *la* en die konsekutiewe bysin as komplement.) Die possessief (wat die konsekutiewe bysin insluit) *la wa longwa ke selwana seswana* is die komplement van die agentatiewe partikel en hierdie partikelgroep is 'n adjunk van die predikaat *Ga ke hlobaêtšwê*. Die naamwoordelike bysin bestaan dus uit die possessiewe partikel en die konsekutiewe bysin as sy komplement.

2.3.1.2 Gevolgtrekking

Omdat die possessiewe partikel 'n afhanklike woord is, moet dit saam met ander woorde in die taal gebruik word. Hierdie 'woorde' staan bekend as die komplement van die possessiewe partikel en saam vorm hulle die possessiewe partikelgroep.

Tradisionele Bantoe-grammatici se uiteensetting van hoe possessiewe komplemente daar uitsien, is onbevredigend. Hul siening van wát as possessiewe komplemente in die Bantoetale kan funksioneer, word kortliks weer herhaal:

⁶Hierdie bysin kan dalk ook 'n kondisionale bysin wees, omdat werkwoorde in die kondisionale modus vormlik net soos konsekutiewe werkwoorde lyk. Semanties verskil hulle egter van laasgenoemde omdat hulle nie chronologiese opeenvolging van handeling aandui nie, maar kondisie/voorwaarde.

- (a) Naamwoorde van alle klasse
- (b) Absolute voornaamwoorde
- (c) Demonstratiewe
- (d) Sekere bywoorde
- (e) Partisipiale werkwoordvorme
- (f) Sekere stamme⁷ soos *batho* en *Modimo*
- (g) Konjunktiewe
- (h) Infinitiewe
- (i) Interrogatiewe
- (j) Frases
- (k) Adjektiewe
- (l) Enumeratiewe
- (m) Possessiewe
- (n) Relatiewe
- (o) Kwantitatiewe

In aansluiting by Lombard (1985) se woordkategorie-indeling kan die volgende punte van kritiek teen die tradisionele siening van possessiewe komplemente ingebring word:

(1) Onder die kategorie 'naamwoord' word tradisioneel bywoorde, "stamme" soos *batho* en *Modimo*, infinitiewe en interrogatiewe ingesluit. In Noord-Sotho word naamwoorde bywoordelik gebruik, *lehôno* is byvoorbeeld 'n bywoord van tyd, maar in feite is dit eerstens 'n naamwoord uit klas 5. Die "stamme" *batho* en *Modimo* wat 'n idiomatiese betekenis aan

⁷ Verwys na Voetnota 2 in Hoofstuk 1.

'n possessief verleen is ook maar naamwoorde uit klas 2 en 1 onderskeidelik. Informatiewe as naamwoorde (klas 15) kan ook as komplement van die possessiewe partikel optree. Verder is interrogatiewe soos *mang* en *eng* in wese niks anders as naamwoorde uit klas 1a en 9 onderskeidelik, nie. Steyn (1991) wys egter daarop dat alhoewel vraagwoorde op morfologiese en sintaktiese gronde as naamwoorde geklassifiseer kan word, hulle nie sintakties *gelykwaardig* is aan naamwoorde nie. (Die gronde vir haar bewering sal nie hier bespreek word nie.)

(2) Absolute voornaamwoorde, demonstratiewe, kwantitatiewe en enumeratiewe kan almal onder die kategorie 'voornaamwoord' geklassifiseer word. Wanneer 'n demonstratiewe bepaler byvoorbeeld as komplement van die possessiewe partikel optree, verkry dit voornaamwoordelike status.

(3) Adjektiewe, relatiewe en possessiewe moet eintlik as partikelgroepe geklassifiseer word omdat dit uit 'n (kwalifikatiewe) partikel en 'n komplement bestaan.

(4) Die onderskeid tussen 'partisipiale werkwoordvorme' en 'konjunktiewe' is vals, omdat konjunktiewe as sulks nie as komplement van die possessiewe partikel optree nie, maar as inleidende lid van 'n bysin wat as komplement van die possessiewe partikel optree. Hieronder kan ook informatiewe geklassifiseer word, omdat informatiewe bysinne (dit is informatiewe met verbale kenmerke) ook as komplement van die possessiewe partikel kan optree.

'n Meer bevredigende klassifisering van possessiewe komplemente sal eerder so daar uitsien:

- a) Naamwoorde - al die subkategorieë van dié kategorie word aangetref as

komplement van die possessiewe partikel in Noord-Sotho. Daar moet egter op gewys word dat die subkategorie "kwalifikatiewe naamwoorde" slegs as deel van die kwalifikatiewe partikelgroepe (naamlik as die komplement van kwalifikatiewe partikels) in possessiewe konstruksies kan optree. (Sien (b) hieronder).

b) Voornaamwoorde - dit sluit ook sekere partikelgroepe soos kwalifikatiewe partikelgroepe in. In sodanige gevalle funksioneer die kwalifikatiewe partikelgroep pronominaal omdat dit kongrueer (en bygevolg korefereer) met 'n weggelate naamwoord. Primêr is die funksie van hierdie kwalifikatiewe partikelgroep dié van bepaler van die naamwoord soos byvoorbeeld in

i) *letsôgô la monna yô maatla* 'die sterk man se arm'

In (i) is *monna yô maatla* (N + bepaler) die komplement, maar onder sekere omstandighede kan die naamwoord *monna* weggelaat word in welke geval die bepaler *yô maatla* wat 'n kwalifikatiewe partikelgroep is, optree as komplement van die possessiewe partikel, maar met voornaamwoordelike status. Vergelyk byvoorbeeld:

ii) *letsôgô la (-) yô maatla* 'die arm van die sterk een'

yô maatla korefereer met *monna* en verkry dus voornaamwoordelike (pronominale) status wanneer *monna* (as bekend veronderstel) weggelaat word.

Al die sogenaamde voornaamwoorde, behalwe besitlike voornaamwoorde, kan in apposisie tot naamwoorde optree en het dus primêr die funksie van bepalers en kan slegs in 'n sekondêre hoedanigheid pronominaal optree. Besitlike voornaamwoorde kan egter nooit in apposisie tot hul antesedente optree nie, vergelyk byvoorbeeld:

- iii) * *letsôgô la monna gagwê* 'die arm van (hom) die man'
- iv) *letsôgô la gagwê* 'sy/haar arm'
- v) *letsôgô la monna yô* 'hierdie man se arm'
- vi) *letsôgô la yô* 'hierdie een se arm'

Uit (iii) - (vi) blyk dit dat in teenstelling met 'n demonstratief soos *yô* wat in apposisie tot sy antesedent kan optree en as voornaamwoord kan funksioneer wanneer die antesedent weggelaat is, kan die besitlike voornaamwoord nie in apposisie tot sy antesedent optree nie. Dit is dus nie primêr 'n bepaler nie, maar 'n voornaamwoord. Besitlike voornaamwoorde kan dus as egte voornaamwoorde in die Bantoetale gewaardeer word, in dié sin dat hulle naamwoorde vervang en hulle pronominale status nie kragtens die weglating van sodanige naamwoorde bekom nie.

c) Partikelgroepe.

d) Bysinne- wat deur 'n voegwoord ingelei kan word kan ook as komplement van die possessiewe partikel optree.

2.3.2 Die antesedent in possessiewe konstruksies

Die antesedent in possessiewe konstruksies is daardie substantief (nominaal of pronominaal) wat na die sogenaamde besitting verwys. Daar is ook 'n kongruensionele verbintenis tussen die antesedent en die possessiewe partikel deurdat albei na dieselfde klas verwys. Vergelyk byvoorbeeld: *kgarebê ya batho* 'die arme meisie'. Hier verwys die naamwoord *kgarebê* (antesedent) en die possessiewe partikel *ya* albei na klas 9. (Let daarop dat die antesedent ook weggelaat kan word in possessiewe konstruksies in welke geval die possessiewe partikelgroep pronominale status verkry.)

2.3.2.1 Grammatiese eienskappe van die antesedent

Wanneer daar na die grammatiese eienskappe van die antesedent in gemarkeerde possessiewe konstruksies gekyk word, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat hierdie antesedent 'n naamwoord moet wees omdat daar kongruensionele verbintenis is tussen die naamwoordelike antesedent en die possessiewe partikelgroep. Lombard (1985) wys daarop dat slegs naamwoorde kongruensie kan genereer, en daarom moet die antesedent dus noodwendig 'n naamwoord wees of na 'n naamwoord verwys. Na aanleiding van die hipotese oor pronominalisasie in Noord-Sotho (vergelyk par. 2.2) kan bepalers voornaamwoordelike (pronominale) status verkry wanneer die naamwoorde waarmee hulle kongruer as bekend veronderstel weggelaat word. Dit is dus slegs naamwoorde en voornaamwoorde wat die antesedentsposisie in Noord-Sothosinne en meer bepaald in possessiefkonstruksies kan inneem.

Die volgende voorbeelde illustreer die voorkoms van antesedente in die kategorie naamwoord⁸ soos wat dit in Noord-Sothotekste aangetref is:

1. Naamwoorde

1.1 Basiese naamwoorde, bv.

"ba kwa *lentšu* la gagwe"
'hulle hoor haar stem'
(Shai-Ragoboya, 1988:17)

1.2 Kwalifikatiewe naamwoorde - hier word andermaal daarop gewys dat kwalifikatiewe naamwoorde slegs as komplemente van kwalifikatiewe partikels kan optree en dus as deel van kwalifikatiewe partikelgroepe funksioneer. Hierdie kwalifikatiewe partikelgroep kwalifiseer

⁸Hier word weer gebruik gemaak van Lombard (1985) se klassifikasie van die subkategorieë van die kategorieë **naamwoord** en **voornaamwoord**.

dus 'n basiese naamwoord wat as antesedent optree van beide partikelgroepe (kwalifikatief en possessief). Vergelyk byvoorbeeld:

"mengwaga e *mebedi* ya go feta"
'twee jaar gelede'
(Bopape, 1982:6).

Hier is die kwalifikatiewe naamwoord *mebedi* deel van die adjektiewe bepaling (*e mebedi* : kwalifikatiewe partikelgroep) van die naamwoord *mengwaga* wat ook die antesedent is van die possessiewe bepaling *ya go feta*.

Wanneer 'n relatiewe naamwoord soos *bohlale* 'wysheid' sonder 'n meegaande kwalifikatiewe partikel optree, funksioneer dit nie as 'n relatiewe naamwoord nie, maar as 'n basiese naamwoord. Vergelyk byvoorbeeld:

"*Bohlale* bja gagwê bo a mmakatša.
'Sy wysheid verbaas my.'
(Lombard, 1985:59).

Die term kwalifikatiewe naamwoord is 'n sintaktiese term wat verwys na naamwoorde wat as komplemente van kwalifikatiewe partikels kan optree. Buite die kwalifikatiewe partikelgroep funksioneer sodanige naamwoorde soos enige ander selfstandige naamwoord. So beskou, kan kwalifikatiewe naamwoorde nie as antesedent van possessiefpartikels optree nie.

1.3 Deverbatiwe naamwoorde, bv.

"*mootledi* wa yona"
'sy bestuurder'
(Bopape, 1982:3)

1.4 Gelokativeerde naamwoorde⁹, bv.

"*Bakeng* sa go tsoga..."
'in plaas van om op te staan...'
(Bopape, op cit:1)

⁹Verwys na Voetnota 3 in Hoofstuk 2.

1.5 Diminutiewe naamwoorde, bv.

"*Letlalwana* la gagwe..."
 'Haar velletjie...'
 (Bopape, op cit:1)

1.6 Augmentatiewe naamwoorde, bv.

"*morutišigadi* wa mehla yeno"
 'n hedendaagse onderwyseres'
 (Shai-Ragoboya, 1988: Ketapele)

Wat die kategorie *voornaamwoord* betref, kan al die tipes voornaamwoorde soos deur Lombard (1985) onderskei as antesedent in possessiewe konstruksies optree, buiten besitlike voornaamwoorde, omdat dié soort voornaamwoord nie in apposisie tot sy antesedent kan optree nie. (Verwys na paragraaf 2.2 oor pronominalisasie binne die gemarkeerde possessief, asook par. 2.3.2.2 hieronder.)

2.3.2.2 Sintaktiese eienskappe van die antesedent¹⁰

Die possessiewe partikelgroep tree op as bepaler van die antesedent, hetsy om besit aan te dui, of om die antesedent te beskryf. Sodanige antesedent kan egter terselfdertyd ook deur 'n ander bepaler gekwalifiseer word. Vergelyk die volgende voorbeelde uit die literatuur:

a) Naamwoord + demonstratiewe bepaler, bv.

"*taba ye ya gago*..."
 'hierdie saak van jou...'
 (Bopape, op cit:2)

¹⁰Vergelyk par. 2.2 oor pronominalisasie.

b) Spesifiserende bepaler + naamwoord + demonstratiewe bepaler, bv.

"o na le *wona mogopolo woo wa gore ...*"
'sy het daardie spesifieke idee dat...'
(Bopape, op cit:3)

c) Naamwoord + possessiewe partikelgroep, bv.

"*phapoši ya rena* ya bohlapelo"
'ons badkamer'
(Bopape, op cit:4)

d) Naamwoord + adjektiewe partikelgroep, bv.

"*dilwanalwana tše dintši tša dikorosare*"
'allerlei dingetjies van kruideniersware'
(Bopape, op cit: 5)

e) Naamwoord + verbale relatiewe partikelgroep, bv.

"*melao ye e lokilego* ya senna"
'die regverdige, deeglike wette'
(Palaki Tsebe, 1983: 2)

Die naamwoorde wat in die bostaande voorbeelde (a - e) gekwalifiseer word, kan onder sekere omstandighede weggelaat word, en die bepalers verkry dan pronominale status.

Vergelyk byvoorbeeld die volgende gevalle waar die antesedent weggelaat is:

i) "Tšela (-) tša bokomanisi"
'Doerdies van kommunisme'
(Ngoepe, 1980:9)

ii) "...ke (-) ya mang...?"
'...wie s'n is dit...?'
(Ngoepe, op cit:1)

In voorbeeld (i) verkry die demonstratiewe bepaler voornaamwoordelike status omdat die antesedent wat dit kwalifiseer weggelaat is, en in voorbeeld (ii) verkry die possessiewe partikel voornaamwoordelike status omdat dit al woord is wat na die antesedent verwys (deur middel van klassekongruensie).

2.3.2.3 Gevolgtrekking

Die antesedent in 'n possessiewe konstruksie moet 'n naamwoord wees omdat dit kongruensie moet genereer met die possessiewe partikelgroep. Indien die naamwoordelike antesedent as gevolg van diskoersfaktore egter weggelaat word, kan ander woorde met voornaamwoordelike status as antesedent optree.

Absolute, demonstratiewe, kwantitatiewe en radikale voornaamwoorde kan as antesedent optree indien die naamwoord waarmee hul kongruer as bekend veronderstel weggelaat word. Primêr moet hulle egter eers as bepaler van die antesedent kan optree alvorens hulle sekondêr as voornaamwoordelike antesedent kan optree. Om hierdie rede kan besitlike voornaamwoorde nie as antesedent in 'n possessiewe konstruksie optree nie.

Ander woorde/woordgroepe soos partikelgroepe kan ook voornaamwoordelik (met ander woorde in die plek van die weggelate antesedent) as antesedent optree, byvoorbeeld:

- i) "melao ye e lokilego ya senna"
'die regverdige, deeglike wette'
(Palaki Tsebe, 1983:2)
- ii) (-) yê e lokilêgo ya senna

In (ii) word *melaô* as bekend veronderstel weggelaat en die verbale relatiewe partikelgroep *yê e lokilêgo* tree dan voornaamwoordelik as antesedent van die possessief op.

2.4 SINTAKTIESE OPTREDE VAN DIE POSSESSIEF

Die sintaktiese posisie wat die possessiefkonstruksie as geheel in basiese Noord-Sothosinne kan inneem word hier behandel. Die basiese sin bestaan uit 'n onderwerp en 'n predikaat (wat uitgebrei kan word deur middel van adjunkte).

Die possessief kan as onderwerp van die volgende tipes predikate optree:

i) Werkwoorde (hoofwerkwoorde), bv.

"*Diphahlo tša gago di nkgā gona mo kgauswi...*"
'Jou goedere stink hier naby...'
(Ngoepe, 1980:11)

· di-nkgā = hoofwerkwoord as predikaat

ii) Kopulatiewe, bv.

"*Sa gago ke go lala*"
'Joune is om te slaap'
(Palaki Tsebe, 1983:2)

· ke = identifiserende kopulatiewe partikel

Hieronder ressorteer ook die demonstratief-kopulatief, bv.

"*Nnete ya ka še*"
'Hier is my waarheid'
(Palaki Tsebe, op cit: 13)

· še = demonstratief-kopulatief

iii) Hulpwerkwoordgroepe, bv.

"*Pelo ya gagwe e be e thabetše taba ye*"
'Sy hart was verheug oor hierdie saak'
(Palaki Tsebe, op cit: 2)

· e be e thabetše = hulpwerkwoordgroep

Die possessief kan ook as adjunk van die werkwoordelike element optree, naamlik as

i) voorwerp, bv.

"go bonala *kgopana ya go loya*"
'daar is 'n towerende dwergie sigbaar'
(Mminele, 1983:2)

ii) bywoord, bv.

"Naga e robetše *bja matlogadibešong...*"
'Die veld slaap 'n eerste diep slaap...'
(Matsepe, 1968:111)

iii) partikelgroepe. Hier kan die possessief as komplement van verskeie partikels (onderstreep in die onderstaande voorbeelde) optree. Die volgende tipes is in Noord-Sothotekste opgespoor:

a) Konjunktiewe partikelgroep, bv.

"...e hlapišwa mašula le *megokgo ya maabane*" (Eie kursivering en onderstreping)
'hy is gereinig van die slaap en trane van gister'
(Mminele, op cit:1)

megokgo ya maabane = possessief, komplement van konjunktiewe partikel.

b) Instrumentale partikelgroep, bv.

"ba fela ba utswa ka *meselana ya mahlo*"
'hulle het die hele tyd uit die hoeke van hul oë geloer'
(Mminele, op cit:1)

c) Lokatiewe partikelgroep, bv.

"meetse a pumpunyega gohle mo *mmeleng wa ka*"
'die water bruis oral oor my lyf'
(Bopape, 1982:4)

d) Kopulatiewe partikelgroepe, bv.

"ga o *motho wa mo Transfala*"
'jy is nie 'n Transvaler nie'
(Ngoepe, op cit: 9)

Hier is die possessief *motho wa mo Transfala* die komplement van die kopula *ga o*.

e) Possessiewe partikelgroep, bv.

"gare ga ya dinaledi"
'tussen dié van die sterre'
(Kekana, 1985:2)

f) Agentatiewe partikelgroep, bv.

"a tshatshwa maledu ke sefahlogomolora sa morutwaborutišigadi"
'hy word aangegaap deur die witgepoeierde gesig van 'n
damesonderwysstudent'
(Mminele, 1983:1)

Die possessief kan dus as onderwerp van die predikaat optree, nl. van hoofwerkwoorde, kopulatiewe en hulpwerkwoordgroepe. Dit kan ook as adjunk van die werkwoordelike elemente optree, te wete as voorwerp, bywoord en as partikelgroep.

2.5 SEMANTIESE EIENSKAPPE VAN GEMARKEERDE POSSESSIEWE

2.5.1 Inleiding

Soos die term 'possessief' aandui, word hierdie konstruksie gebruik om die besitter-besittingsverhouding tussen 'n antesedent (N1) en 'n komplement (N2) uit te druk. In par. 2.3 hierbo is uiteengesit dat dit hoofsaaklik naamwoorde (of voornaamwoorde) is wat die antesedents- en komplementsposisie in 'n gemarkeerde konstruksie inneem.

Dat hierdie konstruksie gebruik word om na 'n possessiewe verhouding tussen twee sake te verwys, is egter nie die volle waarheid nie. Tradisionele Bantoe-grammatici verwys na twee funksies van die possessief, naamlik 'n direkte funksie van besitaanduiding en 'n deskriptiewe of beskrywende funksie.

Direkte possessiewe verwys na 'n besitter-besittingverhouding tussen twee sake. Die

beskrywende funksie van die possessief is egter baie meer omvattend en sal verderaan volledig behandel word.

2.5.2 Die direkte funksie van gemarkeerde possessiewe

Gemarkeerde possessiewe met 'n direkte funksie is dáárdie possessiewe wat bestaan uit 'n antesedent, 'n possessiewe partikel wat daarmee kongrueer, en 'n komplement van die possessiewe partikel, en waar die antesedent na 'n saak verwys wat as die besitting van iets/iemand aangedui kan word en die komplement na daardie iets/iemand wat die eienaar daarvan is.

Om as die besitter van 'n saak te kwalifiseer, moet 'n naamwoord noodwendig die eienskap [+lewend] hê, want iets wat nie-lewend is, kan nie die potensiaal hê om iets te besit nie.

Daar kan verder onderskeid gemaak word tussen *konkrete* en *abstrakte* besit wanneer daar na die direkte funksie van gemarkeerde possessiewe verwys word.

2.5.2.1 Konkrete besit

Konkrete besit dui op 'n besitter-besitting verhouding tussen twee naamwoorde waar die antesedent of naamwoord wat na die besitting verwys die eienskap [+konkreet] het, en daar sonder twyfel bepaal kan word dat die naamwoordelike komplement na 'n besitter van sodanige konkrete voorwerp of voorwerpe verwys. Vergelyk byvoorbeeld:

- i) "marotse a gagwe"
'sy pampoene'
(Shai-Ragoboya, 1988:3)

In (i) het die antesedent die eienskap [+konkreet], en kan daarna verwys word as 'n konkrete besitter-besittingsverhouding tussen antesedent en komplement.

2.5.2.2 Abstrakte besit

Naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+abstrak] word ook as antesedent in direkte possessiewe verhoudings aangetref. Uit die betekenis daarvan blyk dit dat daar 'n nuanseverskil bestaan tussen abstrakte en konkrete besit soos hierbo beskryf. Wanneer 'n abstrakte naamwoordelike antesedent in 'n possessiewe verhouding tot 'n naamwoordelike komplement met die kenmerkspesifikasie [+lewend] verskyn, is die verhouding tussen die antesedent en komplement ook direk, maar dui dit nie op 'n besitting van iets/iemand nie, maar eerder op eksklusiwiteit van denke, taal soos deur die spesifieke spreker gebesig, gevoelens, persoonlike eienskappe, ens. Vergelyk byvoorbeeld die volgende:

- ii) "*taba ya ka*"
'my saak'
(Shai-Ragoboya, 1988:3)
- iii) "*polelo ya mokgekolo*"
'die oувrou se taal'
(Shai-Ragoboya, op cit:10)
- iv) "*kgopolo ya mong-koloi*"
'die idee van die eienaar van die motor'
(Ngoepe, 1980:2)
- v) "*menagano ya gagwe*"
'sy gedagtes'
(Ngoepe, op cit:21)
- vi) "*lehlogonolo la Mamahlo*"
'Mamahlo se geluk'
(Palaki Tsebe, 1983:8)
- vii) "*lerato la gagwe go Mamahlo*"
'sy liefde vir Mamahlo'
(Palaki Tsebe, op cit:8)

- viii) "*thato ya batswadi*"
'die wil van die ouers'
(Palaki Tsebe, op cit:11)

Wanneer daar na die betekenis van die antesedente in die bostaande voorbeelde (ii) - (viii) gekyk word, is dit duidelik dat hulle na iets verwys wat deel uitmaak van die saak wat die komplement aandui. In hierdie voorbeelde het die komplement nie net die kenmerkspesifikasie [+lewend] nie, maar ook die kenmerk [+menslik].

2.5.2.3 Deel-geheelverhoudings

Naamwoorde wat na konkrete sake verwys, kan ook in 'n direkte possessiewe verhouding tot hul komplemente staan, maar dan in 'n deel-geheelverhouding, met ander woorde die antesedent maak deel uit van die komplement. Hierdie naamwoorde verwys gewoonlik na liggaamsdele en tree as antesedent in die possessiefkonstruksie op, terwyl die komplement 'n naamwoord is met die kenmerkspesifikasie [+lewend]. Vergelyk byvoorbeeld:

- ix) "*mahlo a kwena*"
'die krokodil se oë'
(Shai-Ragoboya, 1988:15)

Die antesedent *mahlô* het die eienskap [+liggaamsdeel] wat in werklikheid nie die 'besitting' van die komplement *kwêna* is nie, maar eerder deel is daarvan.

Die komplement kan egter ook nie-lewend wees en in welke geval die antesedent ook deel uitmaak van die saak waarna die komplementsnaamwoord verwys, bv.

- x) "*lebati la karatšhe*"
'die motorhuis se deur'
(Bopape, 1982:5)

2.5.2.4 Verwantskapsverhoudings

Wanneer die antesedent en die komplement beide die eienskappe [+lewend] het, dui die konstruksie dikwels op 'n verwantskapsverhouding tussen die twee sake, bv.

- i) "kgoši ya diphoofolo"
'die koning van die diere'
(Shai-Ragoboya, op cit:8)
- ii) "banna ba gešo"
'die mans van ons familie'
(Serudu, s.j.:91)

Daar is egter ook gevalle waar die antesedent en komplement albei [+lewend] is, maar die verhouding nie een is van verwantskap nie, maar eerder dié van beskrywing, bv.

- iii) "ngwana wa mošemane"
'n seunskind'
(Shai-Ragoboya, op cit:28)

2.5.2.5 Vervreembare en onvervreembare verhoudings

Dit is nou moontlik om 'n verdere onderskeid te maak, naamlik dié tussen vervreembare en onvervreembare verhoudings tussen antesedent en komplement in 'n gemarkeerde possessiefkonstruksie.

In voorbeeld (i) (par. 2.5.2.1) het ons te make met 'n besitting wat op 'n natuurlike wyse van sy besitter of eienaar vervreem kan word en daarom kan ons daarna verwys as 'n vervreembare besittingsverhouding tussen die antesedent en die komplement. In voorbeeld (x) (par. 2.5.2.3) bestaan daar 'n vervreembare deel-geheel-verhouding tussen die antesedent en die komplement, omdat die motorhuis se deur as vervreembare deel van die motorhuis, sonder meer verwyder kan word.

In voorbeelde (ii) - (viii) (par. 2.5.2.2) is dit duidelik dat daar nie sprake kan wees van vervreemding tussen die antesedent en die komplement nie, omdat die antesedent onlosmaaklik deel uitmaak van die komplement. 'n Persoon kan immers nie van sy gedagtes, wil, gevoelens, ens. geskei word nie.

In (ix) (par. 2.5.2.3) kan die besitting of deel slegs op brutale en onnatuurlike wyse van sy besitter of die geheel vervreem word, en daarom word daar na sodanige gevalle as 'n onvervreembare besitsverhouding tussen antesedent en komplement verwys.

By 'n onvervreembare besitsverhouding verwys die komplement na 'n saak met die kenmerkspesifikasie [+lewend], maar terselfdertyd maak die antesedent (as 'n liggaamsdeel) 'n onvervreembare deel uit van die komplement.

Dit is ook duidelik dat slegs konkrete sake vervreembaar kan wees, hetsy op natuurlike of onnatuurlike wyse. Wanneer abstrakte sake in 'n possessiewe verhouding tot hul komplemente staan, maak die antesedent (abstraksie) 'n inherente deel uit van die komplement wat [+menslik] is, en kan dit op geen wyse van mekaar vervreem word nie.

2.5.3 Die beskrywende funksie van gemarkeerde possessiewe

Die beskrywende funksie van die gemarkeerde possessiefkonstruksie is 'n hoogs omvattende een en daar word vervolgens gepoog om die verskillende soorte van beskrywing te tipeer.

Wanneer daar na voorbeelde van beskrywende possessiewe in Noord-Sothotekste gekyk

word, word dit duidelik dat hierdie konstruksie gebruik word om 'n wye verskeidenheid kwaliteite, hoedanighede, eienskappe, ens. te verwoord. Die volgende tipes is geïdentifiseer:

- (a) Beskrywing van lokaliteit, bv.

"ka thoko ga tsela"
'aan die kant van die pad'
(Shai-Ragoboya, 1988:1)

- (b) Tydsaanduidend, bv.

"bogobe bja mosegare"
'bedags se pap'
(Shai-Ragoboya, op cit:3)

- (c) Aanduiding van handeling, bv.

"go boa ga legotlwana"
'die terugkoms van die muisie'
(Shai-Ragoboya, op cit:6)

- (d) Beskrywing van 'n spesifieke eienskap van iets/iemand, bv.

"phukubje ya setlatla"
'die dwase jakkals'
(Shai-Ragoboya, op cit:8)

- (e) Dui volgorde aan, bv.

"iri ya bohllano"
'die vyfde uur'
(Bopape, 1982:2)

- (f) Dui gebruik of doel aan, bv.

"phapošing ya bohllapelo"
'in die badkamer'
(Bopape, op cit:3)

- (g) Dui tipe of soort aan, bv.

"mabone a motlhakgase"
'elektriese ligte'
(Bopape, op cit: 3)

(h) Word gebruik vir personifikasie, bv.

"mpa ya bošego"
'die nag se maag'
(Bopape, op cit:6)

(i) Dui getal aan, bv.

"Bobedi bja tšona"
'Al twee van hulle'
(Bopape, op cit:7)

(j) Dui lateraliteit aan, bv.

"letsogong la go ja"
'aan die regterkant'
(Bopape, op cit:7)

(k) Dui plek as die besitting aan, bv.

"o ya ga rrangwaneagwe"
'hy gaan na sy oom se plek toe'
(Kekana, 1985:2)

(l) Dui kleur of vorm aan, bv.

"mmaleng wa gautabohubedu"
'by die rooi-goud kleur'
(Kekana, op cit:8)

(m) Dui nasionaliteit aan, bv.

"monna wa Lekgowa"
'n blanke man'
(Ngoepe, 1980:18)

(n) Dui geslag aan, bv.

"ngwana wa mošemane"
'n seunskind'
(Shai-Ragoboya, op cit:28)

(o) Dui nering/beroep aan, bv.

"motho wa titšhere"
'n onderwyser'
(Ngoepe, op cit:21)

(p) Vir naamgewing, bv.

"leina la Lefšega"
'die naam Lefšega'
(Shai-Ragoboya, op cit:1)

(q) In idiomatiese uitdrukkings, bv.

"kgarebe ya batho"
'die arme jong meisie'
(Palaki Tsebe, 1983:11)

2.5.4 Gevolgtrekking

Anders as wat tradisionele Bantoe-grammatici te kenne gee, kan die funksie van die possessief nie net as direk of beskrywend getipeer word nie. Die aard van direkte possessiewe verhoudings is naamlik tweeledig, te wete òf abstrak òf konkreet. Abstrakte besit verwys na die gevoelens, wil en ander persoonlike eienskappe van iets/iemand, sowel as die verwantskapsverhouding wat hy/sy met ander persone soos familielede, vriende, ens. kan hê, asook op die verhouding tussen 'n mens of dier en sy liggaamsdele. Sodanige besit is vanselfsprekend onvervreembaar. Konkrete besit daarenteen, dui op die besit van 'n besitting deur 'n besitter of eienaar. Hierdie besitting kan op verskeie maniere verkry word en net so kan dit weer van die eienaar vervreem word.

Wat beskrywende possessiewe betref, blyk dit dat 'n wye verskeidenheid eienskappe gedek word wanneer daar van die possessiewe konstruksie gebruik gemaak word.

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die *gemarkeerde possessief* soos wat dit in Noord-Sotho aangetref word, op *morfologiese, sintaktiese* en *semantiese* gebied ondersoek.

Gemarkeerde possessiewe verwys na daardie konstruksies waar 'n antesedent en 'n komplement deur middel van 'n possessiewe partikel aan mekaar geskakel word. (Onder sekere omstandighede kan die komplement en die antesedent gepronominaleer word.)

Die morfologiese en sintaktiese eienskappe van die *komplement* (naamwoord wat na die sg. besitter verwys) is ondersoek. Dit het geblyk dat *naamwoorde, voornaamwoorde, sekere partikelgroepe* en *bysinne* as die komplement van possessiewe partikels kan optree.

Wat die *antesedent* betref, is tot die gevolgtrekking gekom dat 'n possessiewe antesedent 'n naamwoord moet wees omdat dit kongruensie met die possessiewe partikelgroep genereer. Wanneer die naamwoordelike antesedent egter as gevolg van diskoersfaktore weggelaat word, kan ander woorde of woordgroepe met voornaamwoordelike status as die antesedent optree.

Die *possessief* in sy geheel, met ander woorde, antesedent, possessiewe partikel en komplement, kan *sintakties* as *onderwerp* en as *adjunk* (as voorwerp, bywoord en partikelgroep) van die drie tipes *predikate* (hoofwerkwoord, hulpwerkwoord en kopulatief) wat in Noord-Sotho aangetref word, optree.

Wanneer die *semantiese* eienskappe van gemarkeerde possessiewe ondersoek word, blyk dit dat daar onderskeid gemaak kan word tussen *direkte* en *beskrywende* possessiewe.

Onder direkte possessiewe ressorteer *konkrete* en *abstrakte* besit, sowel as die onderskeid *vervreembare* en *onvervreembare* besit. *Beskrywende* possessiewe daarenteen, word aangewend om 'n wye verskeidenheid eienskappe van die antesedent te beskryf.

HOOFSTUK 3

ALTERNATIEWE VIR DIE GEMARKEERDE POSSESSIEWE KONSTRUKSIE

3.1 INLEIDING

In die inleidende hoofstuk van hierdie verhandeling het dit geblyk dat daar benewens die gemarkeerde possessiewe konstruksie, alternatiewe konstruksies bestaan wat 'n possessiewe verhouding tussen twee sake kan uitdruk.

In hierdie hoofstuk gaan daar ondersoek ingestel word na daardie konstruksies waarin daar nie van 'n possessiewe partikel as merker van die possessiewe verhouding tussen twee sake gebruik gemaak word nie, maar waar tog 'n possessiewe verhouding tussen genoemde sake aangevoel kan word.

Onderstaande dien as voorbeeld van sodanige konstruksie:

"... o opile kgomo lenaka"

'...jy het die spyker op die kop geslaan' (Letterlik: jy het die bees se horing getref)
(Serudu, s.j.:16)

In hierdie sinsnede is daar nie 'n possessiewe partikel om die possessiewe verhouding tussen *kgômo* 'bees' en *lenaka* 'horing' uit te druk nie. Die twee naamwoorde verskyn in apposisie.

In hierdie hoofstuk sal daar hoofsaaklik klem gelê word op die sintaktiese eienskappe van naamwoorde wat in 'n possessiewe verhouding tot mekaar staan, maar wat nie deur 'n possessiewe partikel aan mekaar geskakel word nie. Daar sal ook 'n kritiese evaluering gemaak word van bestaande teorieë betreffende die semantiese en ander aspekte van hierdie konstruksies, met spesifieke verwysing na Noord-Sothovoorbeelde soos wat dit in die literatuur aangetref is.

3.2 NAAMWOORDE WAT NA LIGGAAMSDELE VERWYS

3.2.1 Inleiding

Soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, is die sintaktiese optrede van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys deur grammatici soos Fox (1981) en Hyman (1977) ondersoek en hulle teorieë sal nou aan die hand van Noord-Sothovoorbeelde ontleed word.

Grammatici soos Wilkes (1978 en 1989), Sutherland (1985) en Voeltz (1976) verkies om eerder te verwys na deel-geheelverhoudings tussen naamwoorde want dit kan ander naamwoorde wat nie na liggaamsdele verwys nie, insluit.

3.2.2 Liggaamsdele in 'n deel-geheelverhouding

Die naamwoorde wat na liggaamsdele sowel as die liggaam waarvan dit deel uitmaak, verwys, beklee die objeksposisie (direkte en indirekte objekte onderskeidelik) in Noord-Sotho binne die bestaande deel-geheelteorie. Vergelyk byvoorbeeld:

- (1) "... o robile *Selina leoto*" (Eie kursivering by aanhalings)
'... hy het Selina se voet gebreek' (Idiomaties: hy het haar swanger gemaak)
(Motuku, 1990:8)

Hier verwys die eienaam *Selina* na die geheel en *leoto* 'voet' na die onderdeel. *Selina* beklee verder die posisie van indirekte objek, en *leoto* dié van direkte objek. Die werkwoord in hierdie sin voldoen ook aan die vereistes wat grammatici stel aan werkwoorde in hierdie soort konstruksies, naamlik dat dit 'n aksiewerkwoord moet wees en die objek moet affekteer.

Daar bestaan egter ook ander moontlike konstruksies waarin sodanige deel-geheelnaamwoorde kan voorkom (hier word spesifiek na liggaamsdeel-liggaamnaamwoorde verwys).

3.2.2.1 Besitterweglating

Hyman (1977) beweer dat die besitter weggelaat word in 'n sin wanneer die besitter en die subjek identies aan mekaar is of korefereer. (Die naamwoord wat na 'n liggaamsdeel verwys, tree op as 'n adjunk van die werkwoord, gewoonlik as voorwerp.)

Hierdie verskynsel kom ook algemeen in Noord-Sotho voor. Vergelyk byvoorbeeld die volgende:

- (2) "Tau o be a hlomoga *pelo* ge a bona manyami a *pelo tša bona*."
'Leeu se hart was seer toe hy hulle harte se droefheid sien.'
(Ngoepe, 1980:1)
- (3) "A iša *maahlo* ntle..."
'Sy neem toe haar oë buite toe, m.a.w. sy kyk toe buite toe'
(Phatudi, 1971:8)
- (4) "... a bea *seatla molomong*, ..."
'... sy plaas toe haar hand voor haar mond,...'
(Motuku, 1990:3)

In voorbeeld (2) kan duidelik gesien word dat die objek *pelo* 'hart' in die hoofsin in 'n deel-geheelverhouding tot die onderwerp *tau* 'leeu' en possessief ongemarkeerd is, terwyl *pelo* in die bysin nie in 'n deel-geheelverhouding met die onderwerp staan nie en wel possessief gemarkeerd is. In die hoofsin is die 'besitter' van die liggaamsdeel dus weggelaat omdat die liggaamsdeel deel uitmaak van die subjek van die sin, en in die bysin word die 'besitter' eksplisiet genoem omdat die liggaamsdeel nie deel van die subjek uitmaak nie.

In voorbeeld (3) en (4) staan die liggaamsdeel as objek telkens in 'n deel-geheelverhouding met die subjek van die sin en daarom word die besitter in beide sinne weggelaat. In voorbeeld (4) staan die ander adjunk naamlik *molômong* (gelokativeerde naamwoord wat funksioneer as bywoord van plek) ook in 'n deel-geheelverhouding met die subjek van die sin en die 'besitter' daarvan is ook weggelaat. In hierdie twee voorbeelde is die 'besitter' van die

liggaamsdeel voor die hand liggend en hoef dit nie genoem te word nie.

Hyman (op cit) beweer egter dat indien die possessiewe voornaamwoord eksplisiet genoem sou word, dit sou impliseer dat die liggaamsdeel nie deel van die liggaam uitmaak nie. Wat Noord-Sotho betref, is dit nie heeltemal waar nie. In die volgende voorbeeld bestaan daar 'n deel-geheelverhouding tussen die liggaamsdeel en die subjek, maar die besitter word wel genoem:

- (5) "... ke bea *seatla sa ka* godimo ga *molala wa gagwe* ka boletiana."
'... ek plaas *my hand* liggies op *haar nek*.'
(Bopape, 1982:1)

Volgens Hyman se hipotese sal die persoon se hand hier nie deel van sy liggaam uitmaak nie. Wat hierdie voorbeeld betref, is dit noodsaaklik dat die 'besitter' van die hand eksplisiet genoem moet word, omdat daar ook 'n ander persoon betrokke is aan wie die hand kon behoort. Dieselfde geld vir die ander liggaamsdeel nl. *molala 'nek'*. Hier word die besitter eerstens genoem omdat die liggaamsdeel nie deel uitmaak van die subjek van die sin nie, maar ook om verwarring te voorkom.

Nog 'n belangrike waarneming wat gemaak is uit die bestudering van Noord-Sothotekste, is dat wanneer die liggaamsdeel nie in 'n deel-geheelverhouding met die subjek van die sin staan nie, dit ook possessief ongemarkeerd kan voorkom (met ander woorde sonder 'n besitter), maar dan moet daar 'n ander merker in die sin wees (gewoonlik in die vorm van 'n voorwerpskakeel) waarvan die referent in 'n deel-geheelverhouding met die betrokke liggaamsdeel staan. Vergelyk byvoorbeeld:

- (6) "A lebelela gape *sefahlego sa morodi wa gagwe*..."
'Sy kyk toe weer na haar dogter se gesig...'
(Phatudi, 1971:9)
- (7) "A re go *mmona sefahlego*..."
'Toe sy haar gesig sien...'
(Phatudi, op cit:9)

- (8) "O *mo lebeletše ka mahlong.*"
 'Hy het hom in die (sy) oë gekyk.'
 (Serudu, s.j.:2)

In voorbeeld (6) staan die liggaamsdeel en die subjek van die sin nie in 'n deel-geheelverhouding nie, en daarom word die besitter van die liggaamsdeel gespesifiseer, met ander woorde die liggaamsdeel word possessief gemarkeer. In voorbeeld (7) bestaan daar ook nie 'n deel-geheelverhouding tussen die liggaamsdeel en die subjek van die sin nie, maar die liggaamsdeel staan wel in 'n deel-geheelverhouding met die referent van die voorwerpskakeel *m(o)-*, en daarom hoef die liggaamsdeel nie possessief gemarkeer te word nie. In voorbeeld (8) beklee die liggaamsdeel nie die objeksposisie nie, maar wel dié van bywoord van plek. Omdat dit egter in 'n deel-geheelverhouding met die referent van die voorwerpskakeel staan, hoef dit nie possessief gemarkeer te word nie.

Wanneer die naamwoord wat na die liggaamsdeel verwys egter as antesedent in 'n volledige possessiewe konstruksie (m.a.w. antesedent + possessiewe partikel + komplement) of 'possessief gemarkeerd' voorkom, en terselfdertyd in 'n deel-geheelverhouding met die referent van die voorwerpskakeel staan, beteken dit dat die liggaamsdeel in 'n vervreemde verhouding tot die geheel staan tydens die uitvoering van die proses. Shai-Ragoboya (1988:14) gebruik dié konstruksie in 'n sprokie waarin diere die hoofkarakters is:

- (9) "Mogweraka, tsoga o *nnee dinaka tša ka ke a di nyaka.*"
 'My vriend, staan op en gee vir my my horings, ek wil dit hê.'

Hier staan die referent van die voorwerpskakeel *n-* (verwys na die geheel) en die objek *dinaka* (onderdeel) in 'n deel-geheelverhouding, maar *dinaka* is ook possessief gemarkeerd (*tša ka*). Dit impliseer dat daar 'n vervreemde verhouding tussen die onderdeel en die geheel bestaan tydens die uitvoering van die proses soos verwoord in die werkwoord *o nneê* en wanneer 'n mens na die betekenis van die sin kyk, is dit dan ook duidelik dat dit wel die geval is .

Nog 'n uitsondering op Hyman se reël dat die liggaamsdeel met die subjek van die sin moet 'korefereer' alvorens dit possessief ongemarkeerd gebruik kan word, word in imperatiewe hoofsinne in Noord-Sotho aangetref. Hierdie sinne het nie 'n grammatiese onderwerp waarmee so 'n liggaamsdeel sou kon 'korefereer' nie. By imperatiewe sinne is daar wel sprake van 'n aangesprokene. Indien die betrokke liggaamsdeel in 'n deel-geheelverhouding met die aangesprokene verkeer, kan dit sonder 'n besitter gebruik word soos in:

- (10) "Bea *pelo* moratiwa, ..."
 'Bedaar liefling,...'
 (Letterlik: Stel jou hart gerus liefling...)
 (Palaki Tsebe, 1983:18)

In hierdie sin maak die liggaamsdeel *pelo* 'hart' deel uit van die aangesprokene *moratiwa* 'liefing' en word die liggaamsdeel sonder 'n besitter gebruik.

3.2.2.2 Naamwoorde wat na liggaamsdele verwys in die subjeksposisie

Wanneer naamwoorde wat na liggaamsdele verwys in die subjeksposisie voorkom, word dit gewoonlik saam met die meegaande besitter in 'n possessiewe konstruksie gebruik (liggaamsdeel + possessiewe partikel + besitter), byvoorbeeld:

- (11) "*Theka la gagwe* e be nke o ja gatee ka ngwaga."
 'Haar heup het voorgekom asof sy eenmaal 'n jaar eet.'
 (Motuku, 1990:2)

Daar is egter uitsonderings. Vergelyk die volgende:

- (12) "*Mahlo* a tšwele dinameng."
 'Hy kyk senuweeagtig rond (soos iemand wat uitkomkans soek).'
 (Letterlik: Die oë kom uit die vleis uit.)
 (Phatudi, 1971:28)
- (13) "*Hlogo* e meetse e lotwa ke mong..."
 'Wie in glashuise woon, moenie met klippe gooi nie...'
 (Letterlik: Waterkop word deur sy baas opgepas)
 (Phatudi, op cit:24)

Uit voorbeelde (12) en (13) blyk dit dat wanneer naamwoorde wat na liggaamsdele verwys,

in die subjeksposisie in idiomatiese uitdrukkings gebruik word, dit sonder 'n meegaande besitter voorkom. Hierdie naamwoorde verwys nie na 'n liggaamsdeel as deel van 'n spesifieke persoon se liggaam nie en daarom is daar nie sprake van 'n possessiewe verhouding tussen die deel en 'n (spesifieke) geheel nie.

Naamwoorde wat na liggaamsdele (behorende aan 'n persoon) verwys, kan egter onder sekere omstandighede wel in die subjeksposisie sonder 'n meegaande besitter voorkom.

Vergelyk byvoorbeeld:

- (14) "*Selina* yena ka nako yeo ..., *maoto* e le mekgeledi fela."
'Selina daarenteen, teen daardie tyd.... was haar voete die ene strepe.'
(Motuku, op cit:12)
- (15) "*Selina* ka nako yeo ke ge *ditsebe* di thibilwe ke moti, ..., *molomo* o rokilwe ka lešika."
'Selina, teen daardie tyd was haar ore verstop met was, ..., haar mond was toegewerk met 'n sening.'
(Motuku, op cit:12)

In die twee bostaande sinne word die naamwoorde *maoto* 'voete', *ditsêbê* 'ore' en *molômo* 'mond' in die subjeksposisie gebruik sonder 'n meegaande besitter. In albei sinne word die 'besitter' van die liggaamsdele, naamlik *Selina* egter baie duidelik vooropgestel deurdat dit die inisiële sinsposisie inneem. In hierdie sinne kan daar dus geen twyfel bestaan oor wie se voete, ore en mond ter sprake is nie, en hoef dit nie possessief gemarkeer te word nie.

3.2.2.3 Naamwoorde wat na liggaamsdele verwys as adjunkte

Die naamwoord wat na die geheel verwys kan in die subjeksposisie in die sin verskyn, terwyl die deelnaamwoord in die objeksposisie verskyn, soos in:

- (16) "*Banna* ka moka ba itshwere *maledu*..."
'Al die mans het hul baarde vasgegryp...'
(Nkadimeng, 1984:1)

Banna 'mans' verwys hier na die geheel en beklee terselfdertyd die subjeksposisie, terwyl

malêdu 'kenne' na die deel (liggaamsdeel) verwys en in die objeksposisie verskyn. Omdat daar 'n deel-geheelverhouding tussen die subjek en objek bestaan, (vergelyk par. 3.2.2) hoef die besitter van die objek nie eksplisiet genoem te word nie.

Die naamwoord wat na die deel verwys, kan ook as komplement in 'n partikelgroep optree, waar die partikelgroep 'n adjunk van die werkwoord is, terwyl die naamwoord wat na die geheel verwys, die subjeksposisie beklee. Vergelyk byvoorbeeld:

- (17) "... a wa fase ka *sefahlego*."
'... hy val toe neer met sy gesig.'
(Nkadimeng, op cit:2)

Die onderwerpskakel *a-* verwys hier na die subjek as geheel en die naamwoord *sefahlêgô* 'gesig' wat na die deel verwys, tree op as komplement van die partikel *ka*. *ka sefahlêgô* fungeer as adjunk van die werkwoord *a wa (fase)*.

3.2.3 Gevolgtrekking

Naamwoorde wat na liggaamsdele verwys kan slegs sonder 'n meegaande besitter gebruik word wanneer die besitter daarvan bo alle twyfel bekend is, en daarom is 'n baie belangrike voorvereiste vir die weglating van 'n besitter dat die deel-geheelverhouding voor die hand liggend moet wees.

Naamwoorde wat na liggaamsdele verwys en in 'n deel-geheelverhouding met hul 'besitters' staan, kan saam met hierdie besitters in dieselfde sin optree sonder dat hulle deur middel van 'n possessiewe partikel geskakel word.

Wanneer naamwoorde wat na liggaamsdele verwys in die subjeksposisie in 'n sin optree, word dit gewoonlik as antesedent in 'n possessiewe konstruksie aangetref (met ander

woorde, saam met 'n meegaande besitter).

3.3 DIE ROL VAN DIE PROSES IN POSSESSIEWE EN ALTERNATIEWE KONSTRUKSIES

3.3.1 Inleiding

Wanneer twee naamwoorde wat in 'n possessiewe -/deel-geheelverhouding tot mekaar staan, saam in 'n sin optree sonder dat die verhouding tussen hulle eksplisiet deur 'n possessiewe partikel aangedui word, word daar sekere semantiese vereistes gestel aan die betrokke werkwoord.

Voeltz (1976) bepaal dat die werkwoord 'n aksie of toestandsverandering moet verwoord, terwyl Wilkes (1978) sê dat beide naamwoorde (wat onderskeidelik na die geheel en die onderdeel verwys) aan die seleksievereistes van die betrokke werkwoord moet voldoen. Hy wys egter daarop dat hierdie voorwaarde nie geld waar die proses slegs op die onderdeel betrekking het nie. In gevalle waar die aksie nie tot 'n verandering in die staat van die geheel aanleiding gee nie, kan die naamwoorde wat respektiewelik na die onderdeel en die geheel verwys, nie in 'n ongemarkeerde konstruksie gebruik word nie, m.a.w. in só 'n sin moet die possessiewe partikel gebruik word om die possessiewe verhouding tussen die onderdeel en die geheel aan te dui.

Sutherland (1985) beweer egter dat werkwoorde wat net die onderdeel affekteer wel in deel-geheelkonstruksies (m.a.w. konstruksies waarin daar nie 'n possessiewe partikel voorkom nie) gebruik kan word. Verder sê hy ook dat kognitiewe werkwoorde (dit is nie-aksie werkwoorde) ook in deel-geheelkonstruksies gebruik kan word in welke geval daar 'n teenstelling tussen die deel en die geheel ontstaan. (Vergelyk hoofstuk 1, par. 1.2.2.2)

Bogenoemde skrywers maak net melding van gevalle waar die twee naamwoorde wat onderskeidelik na die deel en die geheel verwys, as (direkte en indirekte) objekte van die sin in apposisie optree. In die volgende paragrawe sal daar ook aandag gegee word aan konstruksies waarin hierdie naamwoorde in ander sintaktiese posisies optree. Verder sal hier ook gekyk word na die rol van die werkwoord by gemarkeerde possessiewe konstruksies.

3.3.2 Transitiviteit van die werkwoord

Lombard (1985:139) onderskei tussen *transitiewe* en *intransitiewe* werkwoorde volgens hulle gebruik in Noord-Sotho. Onder *transitiewe* werkwoorde onderskei hy werkwoorde met 'n beperkte transitiviteit (sodanige werkwoorde kan net op 'n beperkte skaal voorwerpe neem), enkeltransitiewe werkwoorde (wat slegs met een voorwerp gebruik kan word) en dubbel transitiewe werkwoorde (wat twee voorwerpe, naamlik 'n direkte en 'n indirekte voorwerp kan neem).

Intransitiewe werkwoorde is werkwoorde wat sonder 'n voorwerp gebruik word, met ander woorde dié werkwoord se betekenis is van só 'n aard dat die aksie wat verwoord word nie op 'n voorwerp kan oorgaan nie.

3.3.2.1 Intransitiewe werkwoorde

Intransitiewe of onoorganklike werkwoorde word in sinne gebruik waar 'n liggaamsdeel die onderwerp van die sin is. In só 'n konstruksie kom die naamwoord wat na 'n liggaamsdeel verwys, egter in 'n gemarkeerde possessiewe konstruksie voor, al is daar in dieselfde sin na die geheel (persoon of liggaam) verwys. Omdat die werkwoord onoorganklik is word die liggaamsdeel 'gepromoveer' na die subjeksposisie. (Indien die werkwoord

oorganklik sou wees, sou hierdie naamwoord die objeksposisie beklee het.) Vergelyk

byvoorbeeld:

(18) "Mmele wa gagwe o be o lekanetše."
'Haar liggaam was net groot genoeg.'
(Motuku, 1990:2)

(19) * *O bê a lekanêšê mmele.*

Die werkwoordstam *-lekanêšê* is onoorganklik en daarom is 'n vorm soos dié in (19) ontoelaatbaar. Die naamwoord wat na die liggaamsdeel verwys moet dus die subjeksposisie inneem en daarom word dit ook possessief gemarkeerd gebruik.

3.3.2.2 Transitiewe werkwoorde

Transitiewe werkwoorde word in die meeste gevalle gebruik waar van die ongemarkeerde possessiewe konstruksie gebruik gemaak word.

Wanneer die naamwoord wat na die liggaam as geheel verwys, in die subjeksposisie voorkom en die werkwoord is oorganklik, kom die naamwoord wat na die liggaamsdeel verwys, ongemarkeerd in die objeksposisie voor, byvoorbeeld:

(20) "A iša maahlo ntle..."
'Sy neem toe haar oë buitentoe...'
m.a.w. sy kyk toe buite toe...
(Phatudi, 1971:9)

a) Enkeltransitiewe werkwoorde

Die deel- en geheelnaamwoorde kan albei in die objeksposisie optree, met die geheelnaamwoord as indirekte objek en die deelnaamwoord as direkte objek. Wat hier egter baie belangrik is, is dat die werkwoord enkeloorganklik is al is daar twee objekte. Die rede hiervoor is dat die direkte objek deel uitmaak van die indirekte objek tydens die uitvoering van

die proses en daar is dus in werklikheid net een objek. Vergelyk byvoorbeeld:

- (21) "... di opa Hohamang makopo"
 '... hulle slaan Hohamang die oogbanke'
 m.a.w. hulle slaan Hohamang se oogbanke
 (Nkadimeng, 1984:1)

Hier het ons twee voorwerpe, naamlik *Hohamang* (indirekte voorwerp) en *makôpô* (direkte voorwerp), maar die werkwoord *di ôpa* is in sy wese enkeloorganklik. In hierdie sin kan dit egter sintakties dubbeloorganklik gebruik word, omdat die direkte objek deel uitmaak van die indirekte objek tydens die uitvoering van die proses.

Pronominalisasie van die indirekte objek (wat na die geheel verwys) kan ook plaasvind by enkeloorganklike werkwoorde, byvoorbeeld:

- (22) "A re go mmona sefahlego..."
 'Toe sy haar die gesig sien...'
 m.a.w. toe sy haar gesig sien...
 (Phatudi, op cit:9)

In hierdie sin is die werkwoord enkeloorganklik, dog daar kom 'n voorwerpskakeel en 'n voorwerp in die sin voor. Die referent van die voorwerpskakeel en die liggaamsdeel as voorwerp staan egter in 'n deel-geheelverhouding (die liggaamsdeel maak deel uit van die geheel waarna die voorwerpskakeel verwys) en fungeer dus as een voorwerp. (Let daarop dat hoewel die referent van die voorwerpskakeel en die voorwerp in 'n deel-geheelverhouding betrokke is, hulle nie kongruer nie, omdat die voorwerpskakeel na die geheel *mosadi* (klas 1) verwys en die voorwerp *sefahlêgô* in klas 7 is.)

b) Dubbeltransitiewe werkwoorde

Die applikatiewe ekstensie *-ê/-* word aan enkeloorganklike werkwoorde gesuffigeer om hulle dubbeloorganklik te maak. Wanneer so 'n dubbeloorganklike werkwoord saam met twee voorwerpe gebruik word, is die direkte en indirekte voorwerpe nie in 'n deel-

geheelverhouding betrokke nie, maar daar is wel 'n vae possessiewe element te bespeur.

Vergelyk byvoorbeeld:

- (23) "... tate o be a tlogeletše mma ntlo..."
'... pa het vir ma 'n huis agtergelaat...'
(Bopape, 1982:9)
- (24) "... o ile a nyakela Selina mošomo wa go apea..."
'... sy het vir Selina kookwerk gesoek...'
(Motuku, 1990:2)

In hierdie twee voorbeelde verleen die applikatiewe ekstensie 'n dubbeloorganklikheid aan die werkwoorde. Indien die applikatiewe ekstensie nie deel was van die werkwoorde nie, sou dit impliseer dat die direkte objekte ('n huis en kookwerk) deel uitmaak van die indirekte objekte (ma en Selina). In voorbeeld (23) is die possessiewe element dáárin geleë dat die direkte voorwerp *ntlo* 'huis' nou in besit is van die indirekte voorwerp *mma* 'ma'. Wat voorbeeld (24) betref, is die possessiewe element nie so eksplisiet nie. Wat wel duidelik is, is dat die kookwerk wat gesoek word, eksklusief vir Selina bedoel is. Die possessiewe element is dus nie een van besit nie, maar een van eksklusiwiteit (vergelyk hoofstuk 2, par. 2.5.2.2).

3.3.3 Hoe voorwerpe geaffekteer word

Wanneer 'n werkwoord onoorganklik is, kan die handeling wat dit verwoord nie 'n voorwerp affekteer nie. 'n Enkeltransitiewe werkwoord verwoord 'n handeling wat een voorwerp affekteer, en 'n dubbeltransitiewe werkwoord 'n handeling wat twee voorwerpe affekteer. In konstruksies waar deel- en geheelnaamwoorde voorkom, kry ons gevalle waar die handeling òf albei naamwoorde affekteer, òf gevalle waar die aksie van die werkwoord net op die deelnaamwoord betrekking het.

3.3.3.1 Prosesse wat net die deelnaamwoord affekteer

Wanneer daar van die gemarkeerde possessiewe konstruksie gebruik gemaak word in 'n sin waarin die deel- en geheelnaamwoorde in die objeksposisie verskyn, kan dit een van twee dinge beteken. Dit kan eerstens wees dat die deel in 'n vervreemde verhouding tot die geheel staan, of tweedens dat die aksie van die werkwoord net op die deel betrekking het, of net op die deel gerig is.

Wanneer die proses net die deelnaamwoord affekteer, word van die gemarkeerde konstruksie gebruik gemaak om die possessiewe verhouding tussen die deel- en geheelnaamwoorde aan te dui, byvoorbeeld:

- (25) "O se sa hlwe o sa sabalatša mahlo a gago."
'Jy mag nie meer jou oë laat ronddwaal nie.'
(Palaki Tsebe, 1983:15)
- (26) "Leebakurwane ge le realo ke ge le phurolla diphego tša lona ..."
'Toe Tortelduif so sê, is dit toe hy sy vlerke oopsprei...'
(Shai-Ragoboya, 1988:18)

Die aksie van die werkwoorde *O ... sabalatša* (voorbeeld 25) en *le phurolla* (voorbeeld 26) het net betrekking op die deelnaamwoorde *mahlô* en *diphêgô*, en daarom word daar van die gemarkeerde possessiewe konstruksie gebruik gemaak.

In die volgende twee voorbeelde bestaan daar ook 'n vervreemde verhouding tussen die deel- en geheelnaamwoorde, en is dit onmoontlik om van die ongemarkeerde possessiewe konstruksie gebruik te maak:

- (27) "Naga ya tlala marapo a diruiwa."
'Die veld is gevul met die beendere van die vee.'
(Phatudi, 1971:16)

- (28) "... re tla ja dinama tša dipudi..."
 '... ons sal die vleis van die bokke eet...'
 (Phatudi, op cit:22)

Omdat daar 'n vervreemde verhouding bestaan tussen die dele en geheel in die bostaande twee sinne, is dit voor die hand liggend dat die aksie van die werkwoord net op die deel gerig is, want dit maak nie meer deel uit van die geheel tydens die uitvoering van die proses nie.

3.3.3.2 Prosesse wat die deel sowel as die geheel affekteer

In sinne waar die proses die deel sowel as die geheel affekteer, moet daar 'n onvervreemde verhouding tussen die deelnaamwoord en geheelnaamwoord bestaan, en moet hulle dus in 'n ongemarkeerde konstruksie verskyn. Daar kom vier tipes sinne in Noord-Sotho voor waar die proses die deel sowel as die geheel affekteer:

a) Die geheel as indirekte voorwerp en die deel as direkte voorwerp

Wanneer die geheelnaamwoord die indirekte voorwerp is en die deelnaamwoord die direkte voorwerp, is die werkwoord enkeloorganklik omdat die twee voorwerpe in werklikheid deel van dieselfde saak uitmaak. Die aksie van die werkwoord is op die deel sowel as die geheel gerig en die indirekte voorwerp (geheel) is direk betrokke by die aksie omdat die direkte voorwerp daarvan deel uitmaak. Wat die een affekteer, moet die ander noodwendig ook affekteer, byvoorbeeld:

- (29) "... o robile Selina leoto..."
 '... hy het Selina se voet gebreek...'
 (Idiomaties: hy het Selina swanger gemaak...)
 (Motuku, 1990:8)

Die onderdeel (liggaamsdeel) *leoto* maak deel uit van die geheel *Selina* wanneer dit gebreek word, en albei word deur die aksie soos verwoord deur die werkwoord *o rôbilê*

geaffekteer.

b) Die geheel as voorwerp en die deel as bywoord

Wanneer die geheelnaamwoord as die enigste voorwerp van 'n sin optree, terwyl die deelnaamwoord die funksie van bywoord vervul (albei is dus steeds adjunkte van die werkwoord) het die aksie van die werkwoord ook betrekking op die deelnaamwoord, alhoewel dit nie in 'n voorwerpsposisie is nie. Vergelyk byvoorbeeld die volgende:

- (30) "Taba ye e ile ya tshwenya Selina kudu moyeng."
'Hierdie saak het Selina erg in haar siel gehinder.'
(Motuku, 1990:1)
- (31) "Taba ye ya thoma go mo hura moyeng."
'Hierdie saak begin toe aan haar siel knaag.'
(Motuku, op cit:1)

In voorbeeld (30) is *Selina* die enigste voorwerp en word dus direk deur die handeling wat die werkwoord uitdruk geaffekteer. Die deelnaamwoord is hier gelokativeer, en fungeer as bywoord van plek. Die funksie van bywoorde is immers om die aksie van die werkwoord te beskryf, en daarom is die deelnaamwoord ook hier direk by die aksie betrokke. Die geheelnaamwoord is dus die onderganer van die proses soos deur die werkwoord uitgedruk, en die deelnaamwoord beskryf die lokaliteit van waar die aksie plaasvind. In voorbeeld (31) word die voorwerp gepronominaliseer omdat dit reeds vroeër genoem is en dus aan die hoorder/leser bekend is. Die voorwerpskakel verwys dus na die geheel en die deelnaamwoord tree hier ook op as bywoord van plek.

c) Die geheel as onderwerp en die deel as voorwerp

Lombard (1985:107) som die funksie van die refleksiefmorfeem só op:

"Die refleksiefmorfeem *reflekteer* die handeling of proses op die *onderwerp* en maak dan van die onderwerp tegelyk ook 'n *voorwerp*." (Lombard se kursivering)

Die refleksiefmorfeem kan ook in konstruksies gebruik word waar die onderwerp van die sin na die geheel verwys, en die voorwerp van die sin na die onderdeel. Die aksie van die werkwoord word dan tegelyk op die onderwerp en die voorwerp van die sin gereflekteer. Dit is fisies moontlik as die onderwerp en die voorwerp in 'n deel-geheelverhouding staan, soos in byvoorbeeld:

(32) "Banna ka moka ba itshwere maledu."
'Al die mans het hul baarde vasgegryp.'
(Nkadimeng, 1984:1)

In hierdie sin is die werkwoordstam *-swêre* enkeloorganklik, en die voorwerp waarop die aksie gerig is, is naamlik *malêdu*. Die refleksiefmorfeem *i-* reflekteer die aksie ook op die onderwerp van die sin, naamlik *banna ka moka*. Die voorwerp van die sin (*malêdu*) maak deel uit van die onderwerp tydens die uitvoering van die proses. Die onderwerp is dus tegelyk ook voorwerp, en die gebruik van die refleksiefmorfeem in orde.

d) Die geheel as grammatiese onderwerp en die deel as agent van 'n passiewe werkwoord

Die funksie van passiewe werkwoorde is volgens Lombard (1985:117) dat dit die grammatiese onderwerp die logiese voorwerp van die handeling maak. In die volgende sin is die geheelnaamwoord die grammatiese onderwerp van die sin (dus die logiese voorwerp of onderganer van die proses) en die deelnaamwoord die agent wat verantwoordelik is vir die aksie:

- (33) "Selina a hurwa ke pelo kgolegong..."
 'Selina se hart het toe aan haar geknaag in die tronk...'
 (Letterlik: Selina word toe geknaag deur haar hart in die tronk)
 (Motuku, 1990:6)

Die deelnaamwoord *pelo* tree hier op as agent van die passiewe werkwoord *a hurwa*, terwyl die geheelnaamwoord *Selina* die semantiese voorwerp van die handeling is, alhoewel dit in die grammatiese subjeksposisie voorkom. Die agent en die onderganer van die aksie is in 'n deel-geheelverhouding en verwys dus na dieselfde referent, en hier is gevolglik sprake van 'n reflekerende aksie deur die persoon op haarself. Die liggaamsdeel is verantwoordelik vir die proses wat deur die liggaam ondergaan word.

3.3.4 Die assosiatiewe kopulatief

Volgens Ziervogel, et al (1978:73) druk die assosiatiewe kopulatief die Afrikaanse werkwoord "hê" uit. Lombard (1985:194) dui aan dat dit die Afrikaanse "wees/is met (het)" uitdruk, en dat daar 'n assosiasie getref word "tussen die persone of dinge wat in verband met mekaar gebring word." Die assosiatiewe kopulatief toon dus duidelike semantiese ooreenkoms met die possessiewe konstruksie, in dié sin dat albei konstruksies op die besit van 'n voorwerp dui. Die assosiatiewe kopulatief kan egter in apposisie tot die gemarkeerde possessiefkonstruksie gebruik word waar die komplement van die assosiatiewe kopulatief tegelyk ook die antesedent is in 'n possessiewe konstruksie. Vergelyk byvoorbeeld:

- (34) "Bagologolo ba be ba na le dithuto tša bona..."
 'Die oumense het hulle eie lesse gehad...'
 (Shai-Ragoboya, 1988:Ketapele)
- (35) "Mohlomong yena mongwaledi o be a se na ya gagwe koloi."
 'Miskien het die spesifieke sekretaris nie sy eie motor gehad nie.'
 (Ngoepe, 1980:15)

Wanneer die assosiatiewe kopulatief saam met die gemarkeerde possessiefkonstruksie gebruik word, dui dit op 'n spesifieke possessiewe verhouding tussen die besitter en die besitting, en kan dit vertaal word met 'sy/haar eie ...'.

Wanneer naamwoorde wat na liggaamsdele verwys as die komplement van 'n assosiatiewe kopula gebruik word, kan dit op figuurlike spraak dui, soos byvoorbeeld in:

- (36) "Ga o na le ditsebe na?"
'Het jy nie ore nie?'
(Serudu, s.j.:65)

Sodanige sinne is meestal beskrywend, soos in die volgende sinne:

- (37) "O be a na le moriri o moswana ... O be a na le mahlo a magolo..."
'Sy het swart hare gehad.... Sy het groot oë gehad...'
(Bopape, 1982:10)

3.3.5 Gevolgtrekking

Die rol wat die werkwoord speel by gemarkeerde en ongemarkeerde possessiewe strukture kan nie geïgnoreer word nie, maar dit is ook belangrik om daarop te let dat die aard van die naamwoorde wat as objekte en subjekte van werkwoorde optree, ook die gebruik en funksie van die betrokke werkwoord beïnvloed. Een voorbeeld hiervan is dat 'n enkeloorganklike werkwoord twee objekte kan neem, op voorwaarde dat die direkte objek deel uitmaak van die indirekte objek tydens die uitvoering van die proses, en dat die indirekte en direkte objek in werklikheid een saak uitmaak.

Die rol wat die werkwoord speel, word die duidelikste geïllustreer wanneer naamwoorde wat normaalweg in 'n onvervreemde verhouding tot mekaar staan en dus nie possessief gemarkeerd hoef te wees nie, wel in 'n gemarkeerde konstruksie aangetref word wanneer die werkwoord van só 'n aard is dat dit slegs die onderdeel affekteer en nie ook die geheel nie.

3.4 SAAMGESTELDE NAAMWOORDE AS MOONTLIKE POSSESSIEWE STRUKTURE

3.4.1 Inleiding

Wanneer daar na die betekenis van saamgestelde naamwoorde gekyk word, is dit duidelik dat daar sekere samestellings is wat semanties 'n definitiewe possessiewe element bevat. Vergelyk byvoorbeeld die volgende twee konstruksies wat gebruik kan word om na die eienaar van 'n motor te verwys:

- i) *mong wa kôlôî*
'die eienaar van die motor'
- ii) *mongkôlôî*
'motoreienaar'

In voorbeeld (i) het ons 'n volledige possessiewe konstruksie bestaande uit 'n antesedent *mong* 'eienaar', 'n possessiewe partikel *wa* wat na die antesedent verwys en 'n komplement *kôlôî* 'motor'. Voorbeeld (ii) het dieselfde betekenis as voorbeeld (i), maar daar is nie 'n possessiewe partikel wat die verhouding tussen *mong* en *kôlôî* aandui nie. Uit die betekenis van *mongkôlôî* 'motoreienaar' blyk dit egter duidelik dat die verhouding tussen die motor en die eienaar een van besitter/besitting is. Hierdie soort verhouding word normaalweg (in die geval van vervreembare besit) deur middel van 'n possessiewe partikel aangedui soos in voorbeeld (i). Die afleiding kan dus gemaak word dat voorbeeld (i) die onderliggende vorm van voorbeeld (ii) is.

'n Volledige uiteensetting van samestellings wat 'n possessiewe element bevat, word vervolgens gegee:

3.4.1.1 Saamgestelde naamwoorde met *ra-* as eerste lid

In die GROOT NOORD-SOTHO WOORDEBOEK word *ra-* as volg beskryf:

"[gebruik in samestellings (< *rra wa* vader van) om besitter van, houer van, ens. aan te dui]"
(Ziervogel & Mokgokong, 1985:1082)

Uit die betekenis van saamgestelde naamwoorde wat met *ra-* begin, blyk dit egter dat hierdie omskrywing van *ra-* se funksie nie voldoende is nie. Die volgende funksies kan aan *ra-* gekoppel word:

(a) Die afleiding van vorme wat op 'n persoon se beroep dui, bv.

"ralebenekele" (< * *rra wa lebênkêlê* 'die vader van die winkel')
'winkelier'
(Palaki Tsebe, 1983:20)

"radihlapi" (< * *rra wa dihlapi* 'die vader van die visse')
'vishandelaar'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:1083)

(b) Die afleiding van beskrywende benamings vir persone, bv.

"raborokgwana" (< * *rra wa borokgwana* 'die vader van die broekie')
'n seuntjie wat 'n lang broek aan het'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:1082)

"radikunupi" (< * *rra wa dikunupi* 'die vader van die knope')
'iemand met baie knope aan sy klere'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:1083)

(c) Die afleiding van leierskapsvorme, bv.

"rakôrô" (< * *rra wa kgôrô* 'die vader van die kgôrô')
'hoof van die huishoudings van 'n bepaalde kgôrô'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:1087)

"radikômpô" (< * *rra wa dikômpô* 'die vader van die kampongs')
'kampongsbestuurder'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:1083)

3.4.1.2 Saamgestelde naamwoorde met *mma-* as eerste lid

Ziervogel & Mokgokong (1985) onderskei tussen *ma-* en *mma-* as die eerste gedeelte van nominale samestellings en beskryf *mma-*

"as eerste deel van saamgestelde nomina, meestal verwysend na die vroulike, maar in baie gevalle nie"
(p.808)

en *ma-* as 'n

"vormelement waarmee saamgestelde nomina afgelei word wat 'n persoon aandui wat 'n bepaalde handeling altyd/gedurig, ens. uitvoer"
(p.784)

Samestellings met *mma-* verskil dus van samestellings met *ma-* in dié sin dat eersgenoemde samestellings nie noodwendig 'n persoon aandui wat 'n handeling gedurig uitvoer nie, maar dit kan ook gebruik word om beskrywende benamings vir persone af te lei soos in die geval van *ra-* hierbo, byvoorbeeld:

"mmadimpê"
'n persoon met 'n groot maag'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:809)

Net soos in die geval van *ra-* kan ons aanneem dat die possessiewe partikel van *mma-*, naamlik *wa* weggelaat is uit die onderliggende struktuur * *mma wa dimpê* 'die moeder van die mae'.

Soos Ziervogel & Mokgokong tereg opmerk, hoef vorme met *mma-* as eerste lid nie noodwendig na 'n vroulike persoon te verwys nie, vergelyk byvoorbeeld:

"**MAŠILO:** E, Morena, ba gaSekwala ba nthomile ke le *mmaditsela* wa bona.
'**MAŠILO:** Ja, Oom, die Sekwala-mense het my as tussenganger gestuur."
(Franz, s.j.:18)

In hierdie voorbeeld word *mmaditsela* (< * *mma wa ditsela*) gebruik om na 'n manlike persoon te verwys.

Saamgestelde naamwoorde met *mma-* as eerste lid kan ook op iemand se beroep dui,

byvoorbeeld:

"mmalerôkô" (< * *mma wa lerôkô*)
'verpleegster'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:810)

"mmapatêng" (< * *mma wa patêng*)
'padmaker'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:812)

Hierdie saamgestelde naamwoorde kan ook spesifieke persoonlikheidseienskappe van 'n persoon beskryf, byvoorbeeld:

"mmabohlale" (< * *mma wa bohlale*)
'geslepe persoon'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:809)

"mmaborokwane" (< * *mma wa borokwane*)
'iemand wat lief is vir slaap'
(Ziervogel & Mokgokong, op cit:809)

'n Baie belangrike verskil tussen saamgestelde naamwoorde wat met *mma-* begin en dié wat met *ma-* begin, is dat dié met *mma-* van possessiewe vorme afgelei is (die possessiewe partikel word weggelaat, maar die betekenis van die afgeleide woord bevat steeds 'n possessiewe element), terwyl dié wat met *ma-* begin nie na 'n possessiewe struktuur herlei kan word nie, byvoorbeeld

"mabeša-dinama"
'bediende'
(Kriel, 1983:158)

"maganagobotšwa"
'koppige/eiesinnige mens(e)'
(Kriel, op cit:161)

"maganagodiša"
'wagtertjie wat weier om vee op te pas'
(Kriel, op cit:161)

3.4.1.3 Saamgestelde naamwoorde met *mong-* as eerste lid

Die naamwoord *mong* 'eienaar' bevat 'n inherente possessiewe element, omdat die verhouding 'eienaarskap' net tussen 'n besitter en sy/haar besitting/s kan bestaan. Saamgestelde naamwoorde waarvan *mong-* as eerste lid optree, moet dus semanties definitiewe possessiewe kenmerke hê, of die possessiewe partikel nou voorkom aldan nie.

Vergelyk byvoorbeeld:

"mongkoloi" (< *mong wa kôlôî*)
'motoreienaar'
(Ngoepe, 1980:3)

"mongmodiro" (< *mong wa modirô* 'baas van die werk')
'werkgewer'
(Bopape, 1982:9)

"monggae" (< *mong wa gaê*)
'huisseienaar'
(Kriel, 1983:208)

Uit die betekenis van die bostaande voorbeelde blyk dit duidelik dat daar in elke geval sprake is van eienaarskap, en al word die possessiewe partikel dus nie gebruik in die saamgestelde naamwoorde nie, is daar 'n possessiewe verhouding tussen die twee naamwoorde waaruit die saamgestelde woord bestaan.

3.4.1.4 Saamgestelde naamwoorde met 'n infinitiewe komplement in die onderliggende struktuur

Lombard (1969:47) wys op hierdie vorm van saamgestelde naamwoorde en verskaf daarby die volgende voorbeeld:

monnatia: 'n mondige man'

Volgens Lombard is hierdie woord waarskynlik saamgestel uit die naamwoord *monna*, die

possessiewe partikel *wa* en die infinitiewe naamwoord *go-tia*. Die saamgestelde naamwoord het dus tot stand gekom ná verlies van die possessiewe partikel en die infinitiewe klasprefiks.

3.4.2 Die funksie van die possessief in saamgestelde naamwoorde

By saamgestelde naamwoorde kan ook onderskei word tussen direkte en omskrywende possessiewe elemente. In die onderliggende struktuur is die funksie van die possessiewe element direk, met ander woorde dit dui op besit, soos byvoorbeeld in:

* *rra wa lebênkêlê* 'die vader van die winkel'

Die saamgestelde naamwoord wat uit hierdie possessiewe naamwoorde ontwikkel het, het egter 'n omskrywende funksie. Vergelyk byvoorbeeld:

ralebênkêlê 'winkelier'

Dit blyk hieruit dat die possessiewe element in saamgestelde naamwoorde onderliggend direk is, terwyl dit in die oppervlaktestruktuur 'n omskrywende funksie het.

Daar is egter saamgestelde naamwoorde wat in die onderliggende sowel as in die oppervlaktestruktuur semanties 'n direkte possessiewe element bevat. Hierdie samestellings is dié met *mong-* as eerste lid, soos in:

* *mong wa kôlôl* 'eienaar van die motor'
mongkôlôl 'motoreienaar'

Die possessief in saamgestelde naamwoorde met 'n infinitiewe komplement het 'n beskrywende funksie in die onderliggende- sowel as in die oppervlaktestruktuur.

3.4.3 Gevolgtrekking

By sommige saamgestelde naamwoorde in Noord-Sotho kan daar semanties 'n possessiewe element bespeur word.¹ Sodanige naamwoorde kan dan ook herlei word na onderliggend possessiewe strukture (bestaande uit 'n antesedent, 'n possessiewe partikel en 'n possessiewe komplement.)

3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daardie konstruksies waarin daar nie 'n possessiewe partikel voorkom nie, maar waar tog 'n possessiewe verhouding tussen twee sake aangevoel kan word, van nader beskou. Die sintaktiese kenmerke van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys, sowel as die naamwoorde wat na die liggaam as geheel verwys, is ondersoek. Daar is ook gekyk na die rol wat die proses (soos uitgedruk deur 'n predikaat) speel in die sintaktiese optrede van naamwoorde wat in 'n deel-geheelverhouding betrokke is. Die transitiwiteit van werkwoorde wat saam met deel-geheelnaamwoorde voorkom, hoe voorwerpe geaffekteer word deur hierdie prosesse en die assosiatiewe kopula is ook bespreek. Laastens is daar ook ingegaan op saamgestelde naamwoorde wat 'n possessiewe semantiese element bevat en wat gevolglik herlei kan word na onderliggende possessiewe strukture.

¹Daar is aanvanklik vermoed dat saamgestelde naamwoorde soos modulasetulô 'voorsitter', bokhutšasetimêla 'stasie', ens. ook onderliggend possessiewe strukture kan wees. Uit 'n persoonlike onderhoud met Prof D P Lombard het dit egter geblyk dat sodanige strukture op grond van tonologiese faktore wat nie hier bespreek sal word nie, inderdaad nie possessief is nie, maar dat die saamgestelde woord in sy geheel as 'n deverbandief gesien kan word. (Vergelyk Lombard (1969).)

HOOFSTUK 4

'N OORSIG OOR DIE POSSESSIEF IN NOORD-SOTHO

4.1 INLEIDING

Die possessiewe- of besitskonstruksie in Noord-Sotho word nie uitsluitlik gebruik om die 'besit' van 'n 'besitting' deur 'n 'besitter' aan te dui nie. Net so kom ander konstruksies in die taal voor waarin daar nie 'n possessiewe merker voorkom nie, alhoewel daar 'n definitiewe possessiewe verhouding tussen twee sake bestaan. Tradisionele en hedendaagse grammatici het gepoog om hierdie vraagstuk te ondersoek, maar na bestudering van bronne oor dié onderwerp in samehang met voorbeelde uit Noord-Sotho letterkundige werke, is gevind dat hul teorieë nie 'n volledige beskrywing gee van hierdie komplekse saak nie. Daar is in hierdie verhandeling gepoog om 'n volledige(-r) uiteensetting te gee van veral die sintaktiese en semantiese kenmerke van die possessief in Noord-Sotho.

4.2 SAMEVATTING

4.2.1 Enkele beskouinge oor die possessief

4.2.1.1 Tradisionele beskouinge

Tradisionele grammatici het gepoog om die possessiefkonstruksie in die Bantoetale te ondersoek.

Genoemde grammatici het eerstens probeer om 'n aanvaarbare definisie vir die begrip *possessief* daar te stel, maar uit hulle onderskeie definisies is dit duidelik dat hulle nie 'n eenvormige standpunt handhaaf nie. Waaroor hulle wel eens is, is dat die possessief twee

funksies het in die Bantoetale, naamlik dié van besitaanduiding wat hulle *direkte* possessiewe noem, en dié van kwalifisering van naamwoorde wat hulle *deskriptiewe* of *beskrywende* possessiewe noem.

Vir die doel van hierdie verhandeling is die term *possessief* as 'n oorkoepelende term gebruik om te verwys na konstruksies wat uit N1 + possessiewe partikel + N2 bestaan.

Vergelyk die volgende twee voorbeelde ter illustrasie van die twee funksies van die possessief soos deur tradisionele grammatici onderskei:

- i) *dimpša tša monna*: 'die man se honde'
- ii) *pitša ya meetse* : 'n waterpot'

Voorbeeld (i) is 'n *direkte* possessief waar van werklike besit sprake is, terwyl voorbeeld (ii) 'n *deskriptiewe* possessief is waar die possessiewe partikelgroep *ya meetse* die antesedent *pitša* kwalifiseer.

Van die tradisionele grammatici soos Cole (1955), Van Eeden (1956) en Fortune (1955) gee 'n uiteensetting van hoe die possessiewe partikel gevorm word. Dit kom min of meer daarop neer dat die vokaal *-a* aan 'n aanvangselement gelyk aan die onderwerpskakel gesuffigeer word.

Die volgende vorme kan volgens tradisionele Bantoe-grammatici as komplemente van die possessiewe partikel optree:

- (a) Naamwoorde van alle klasse
- (b) Absolute voornaamwoorde

- (c) Demonstratiewe
- (d) Sekere bywoorde, hoofsaaklik van tyd en plek
- (e) Partisipiale werkwoordvorme
- (f) Sekere 'stamme' soos *batho* en *Modimo*
- (g) Konjunktiewe
- (h) Infinitiewe
- (i) Interrogatiewe
- (j) Frases
- (k) Adjektiewe
- (l) Enumeratiewe
- (m) Possessiewe
- (n) Relatiewe
- (o) Kwantitatiewe

Cole (1955) noem die volgende funksies van deskriptiewe possessiewe:

- (a) Dui materiaal of konstruksie aan
- (b) Dui inhoud aan
- (c) Dui gebruik, funksie of doel aan
- (d) Dui volgorde aan

Soos reeds gemeld, is die funksie van direkte possessiewe dié van besitaanduiding.

Die volgende sintaktiese verskynsels word deur tradisionele grammatici aangedui betreffende die possessief:

- (a) Possessiewe verkry 'n pronominale funksie wanneer hulle sonder 'n meegaande naamwoord gebruik word;
- (b) Die vorming van possessiewe frases deur die uitbreiding van possessiewe van gewone naamwoorde, lokatiewe en infinitiewe;
- (c) Possessiewe kan soos naamwoorde optree en kan dus voorsien word van die sg. sekondêre morfeme;
- (d) Die possessiewe partikelgroep kan partisipiale kopulas *e le* en *e se* voor hulle neem.

Possessiewe partikelgroepe beskik dus oor al die eienskappe van naamwoorde.

Wanneer tradisionele grammatici oor *verwantskapsterme* skryf, verwys hulle hoofsaaklik na sogenaamde sametrekkinge soos *tatago* (van * tate wa gago).

4.2.1.2 Moderne beskouinge

Onder die moderne beskouinge ressorteer skrywers soos Wilkes (1978 en 1989), Voeltz (1976), Sutherland (1985), Hyman (1977), Fox (1981), en andere.

Bird (1972) se teorie is dat die *gemarkeerde* vorm altyd *vervreembare* besit uitdruk en dat die *ongemarkeerde* vorm altyd na *onvervreembare* besit verwys. Daar word egter met verwysing na Wilkes (1978) aangetoon dat dit nie in Noord-Sotho die geval is nie, omdat die ongemarkeerde vorm ook aangewend kan word in gevalle waar die sogenaamde besitter nie-lewendig is en daar dus nie van besit sprake kan wees nie.

Schuh (1981) wys daarop dat daar geen historiese verskil is tussen 'vervreembare' en 'onvervreembare' sintaktiese konstruksies in Tsjadies nie, omdat die genitiefverhouding tussen

naamwoorde oorspronklik deur die naasmekaarstelling van N1 en N2 gemerk is en dat die skakelingsmorfeem in onvervreembare konstruksies net in moderne Tsjadies voorkom. Schuh beweer ook dat onvervreembare besit inherent bepaal is.

Hyman, et al (1970) se bewerings oor tendense in dié tale waarin onvervreembare besit sintakties gemerk word, word met behulp van Noord-Sothodata ondersteun. Hy sê dat die referent van die besitter van 'n onvervreembare besitting weggelaat word wanneer daar in dieselfde sin na sodanige besitter verwys is en dat die referent van die besitter van 'n onvervreembare besitting so na as moontlik aan die werkwoord geïnkorporeer word wanneer die referent van die onderwerp nie dieselfde is as die referent van die possessief nie.

Omondi (1982) is van mening dat die onderskeid tussen vervreembare en onvervreembare besit eintlik 'n kwessie van voorkeur is en dat dit nie 'n vaste sintaktiese reël behoort te wees nie. Hinnebusch & Kirsner (1980) wys daarop dat daar niks in die grammatika van Swahili is wat onvervreembare besit vormlik markeer nie.

Voeltz (1976), Wilkes (1978 en 1989) en Sutherland (1985) ondersoek die *deel-geheelteorie* wat kortliks daarop neerkom dat 'n onderdeel wat deel uitmaak van die geheel ook geaffekteer word deur die proses soos verwoord deur die werkwoord en wanneer die onderdeel geaffekteer word, die geheel noodwendig ook deur die proses geaffekteer sal word. Voorts word daarop gewys dat die deel sowel as die geheel aan die seleksiebeperving van die betrokke werkwoord moet voldoen, maar volgens Wilkes (1978) geld dié voorwaarde nie waar die proses slegs op die onderdeel betrekking het nie.

Hyman (1977) en Fox (1981) rig hulle navorsing op die sintaktis van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys. Hyman (op cit) sê dat die eienskap [\pm onvervreembaar] van

naamwoorde aan die leser/hoorder aandui of die liggaamsdeel nog aan sy 'eenaar' vas is, aldan nie.

Hyman (op cit) bespreek die begrippe *besitterweglating* en *besitterpromosie* met verwysing na die sintaktiese optrede van naamwoorde wat na liggaamsdele verwys. Met 'besitterweglating' bedoel hy dat weglating van die besitter voorkom wanneer die besitter en die subjek identies is, maar daar word aangedui dat sy bewering nie deur Noord-Sothodata ondersteun word nie. Met 'besitterpromosie' verwys hy na die promosie van die besitter na die objeksposisie indien die werkwoord oorganklik is en na die subjeksposisie indien die werkwoord onoorganklik is.

Fox (1981) maak gebruik van vier sintaktiese kriteria waarvolgens naamwoorde wat na liggaamsdele verwys onderskei kan word van dié wat nie na liggaamsdele verwys nie, naamlik "*possessor ascension*", *liggaamsdeelidiome*, *refleksiewe* en *passiewe*. Met "*possessor ascension*" bedoel sy dat wanneer liggaamsdele deur 'n aksie geaffekteer word, die besitter daarvan noodwendig ook deur die aksie geaffekteer sal word en dat die besitter as 'n volle deelnemer in die aksie beskou kan word en dikwels die onderwerpsposisie beklee terwyl die liggaamsdeel (besittingsvoorwerp) semanties die direkte voorwerp is. By liggaamsdeelidiome is die besitter ook betrokke by die aksie omdat die liggaamsdeel as deel van die geheel daarby betrokke is, maar grammaties word die toestand uitgedruk asof dit uitsluitlik deur die liggaamsdeel ondervind word.

Oor refleksiewe beweer Fox dat die 'besitter' nie ook genoem hoef te word nie omdat die refleksief dui op 'n aksie deur 'n persoon op homself. 'Besitter' en 'besitting' dui dus hier op dieselfde persoon. Wat passiewe betref, wys Fox daarop dat passivering die agent deaktualiseer terwyl 'n nuwe onderwerp geaktualiseer word. In 'n sin waar die onderwerp en

die voorwerp in 'n deel-geheelverhouding betrokke is, met ander woorde as die voorwerp 'n liggaamsdeel is, kan passivering nie plaasvind nie, omdat dit geen sin het om een deelnemer te demoveer van onderwerp na voorwerp en 'n ander te promoveer van voorwerp na onderwerp terwyl hulle in werklikheid dieselfde deelnemer is nie.

Dit blyk dat die deel-geheelteorie ooreenkomste toon met die beskouing oor naamwoorde wat na liggaamsdele verwys, byvoorbeeld dat liggaamsdele 'n onvervreembare deel uitmaak van die liggaam as geheel en dat wanneer die besittingsnaamwoord (liggaamsdeel) deur 'n aksie geaffekteer word, die besitter (liggaam) as geheel ook geaffekteer word.

4.2.2 Die gemarkeerde konstruksie

Die gemarkeerde possessiewe konstruksie verwys na daardie sintaktiese konstruksie waarin 'n possessiewe partikel voorkom om die (possessiewe) verhouding tussen die antesedent (wat na die sg. besitting verwys) en die komplement (wat na die sg. besitter verwys) te markeer, byvoorbeeld

mpša ya monna 'die man se hond'

Hierdie konstruksie word aangewend om na direkte en omskrywende possessiewe verhoudings te verwys.

4.2.2.1 Pronominalisasie binne die possessiefkonstruksie

Beide die antesedent en die komplement van 'n possessief kan in Noord-Sotho gepronominaleer word.

Wanneer die antesedent gepronominaleer word, word gebruik gemaak van die weglatingsproses omdat daar verpligte kongruensie voorkom tussen die naamwoordelike antesedent en die possessiewe bepaling. Die komplement kan gepronominaleer word deur middel van weglating of vervanging. Vergelyk byvoorbeeld:

- a) *Mpša ya monna e a bogola.* 'Die man se hond blaf.'
- b) (-) *Ya monna e a bogola.* 'Die man s'n blaf.'
- c) *Mpša ya gagwê e a bogola.* 'Sy hond blaf.'
- d) *Mpša ya monna yôo e a bogola.* 'Daardie man se hond blaf.'
- e) *Mpša ya yôo e a bogola.* 'Daardie een se hond blaf.'

In voorbeeld (b) is *mpša* weggelaat. Wanneer die antesedent in (a) dus gepronominaleer word deur 'n proses van weglating, is die resultaat voorbeeld (b). In (c) is die komplement gepronominaleer deur middel van vervanging, met ander woorde die komplement in (a), nl. *monna* is in (c) vervang met die besitlike voornaamwoord *gagwê*. Wanneer daar 'n ander bepaler in die sin is waarmee die komplement kongruer, kan die komplement ook gepronominaleer word deur middel van weglating. In (d) kongruer die demonstratiewe bepaler *yôo* met die komplement *monna* en in (e) het ons die gepronominaleerde weergawe van (d), naamlik waar die komplement weggelaat is en die bepaler daardeur pronominale status verkry.

Weglating en vervanging kom dus albei voor as pronominalisasieprosesse binne die gemarkeerde possessiewe konstruksie.

4.2.2.2 Die komplement en antesedent in possessiewe konstruksies¹

a) Die komplement van die possessiewe partikel

Omdat possessiewe partikels aan 'n afhanklike woordkategorie in Noord-Sotho behoort, moet dit saam met 'n komplement in die taal gebruik word. Die possessiewe komplement kan een van die volgende in Noord-Sotho wees:

i) Naamwoord

- basiese naamwoord, bv. "*motse wa molao*" 'n stat van die wet'
- deverbatiweword, bv. "*motse wa khutšo*" 'n stat van vrede'
- gelokativeerde naamwoord, bv. "*tšhego ya lebelethorong*" 'gebrek aan sorghum'
- augmentatieweword, bv. "*sefahlogomolora sa morutwaborutišigadi*" 'die witgepoeierde gesig van 'n damesonderwysstudent'

ii) Voornaamwoord

- absolute voornaamwoord, bv. "*koloi ya bona*" 'die motor van hulle spesifiek'
- besitlike voornaamwoord, bv. "*moratho wa gagwe*" 'sy jonger broer'
- demonstratieweword, bv. "*ka morago ga fao*" 'dáárna'
- kwantitatieweword, bv. "*modiro wa bohle*" 'almal se werk'
- radikale voornaamwoord, bv. "*ke ya dife?*" 'watter s'n is dit?'

iii) Sekere partikelgroepe

- lokatieweword, bv. "*setswalelo sa ka morago*" 'die hek van die agterkant'

¹Alle Noord-Sothovoorbeelde in hierdie paragraaf kom uit hoofstuk 2 waar volledige verwysings gegee is. Derhalwe word die bronne waaruit die voorbeelde aangehaal is, nie weer genoem nie. Eie kursivering en onderstreping by aanhalings.

- kwalifikatiewe partikelgroep, bv. "*letsogo lela la Yo-maatla*" 'doerdie arm van die Almagtige'
- possessiewe partikelgroep, bv. "*gare ga ya dinaledi*" 'tussen dié van die sterre'

iv) Bysinne²

- situatiewe bysinne, bv. "*Yeo gape ke ya ge batho ba batamela*" 'Daardie, terloops, is van as die mense naderkom'
- subjunktiewe bysinne, bv. "*...a leba kua ga boSerati go ba botša lentšu la gore ba bofe mpša ya bona*" 'hy kies toe koers daar na Serati-hulle se plek om aan hulle die boodskap te gee dat hulle hul hond moet vasbind'
- infinitiewe bysinne, bv. "*legotlwana la go se kwe la tšwela ntle*" 'die stout muisie gaan toe buite toe'
- indikatiewe bysinne, bv. "*A fela a gadimile seferong ka tshepo ya gore Mamahlo o tlo itshola*" 'Hy het toe aanhoudend die hek dopgehou met die hoop dat Mamahlo haarself sal verwyf'
- relatiewe bysinne, bv. "*Tša mo re tšwago...*" 'Dié van waar ons vandaan kom'
- konsektiewe bysinne, bv. "*Ga ke hlobaetšwe ke la wa longwa ke selwana seswana*" 'Ek is nie bekommerd oor die idioom wat sê: jy word gebyt deur die klein swart dingetjie, nie'

b) Die antesedent in possessiewe konstruksies

Slegs naamwoorde en voornaamwoorde (onder sekere omstandighede) kan die antesedentsposisie in possessiewe konstruksies inneem. In die kategorie *naamwoord* kan die volgende subkategorieë in die antesedentsposisie voorkom:

²Die bysinne kan deur 'n voegwoord ingelei word.

- basiese naamwoorde, bv. "*lentšu la gagwe*" 'haar stem'
- deverbatiëwe naamwoorde, bv. "*mootledi wa yona*" 'sy bestuurder'
- gelokativeerde naamwoorde, bv. "*bakeng sa go tsoga*" 'in plaas van om op te staan'
- diminutiewe naamwoorde, bv. "*letlalwana la gagwe*" 'haar velletjie'
- augmentatiewe naamwoorde, bv. "*morutišigadi wa mehla yeno*" 'n hedendaagse onderwyseres'

Alle *voornaamwoorde* wat as antesedent kan optree, moet aan een vereiste voldoen en dit is naamlik dat hulle primêr as bepalers in apposisie tot die naamwoorde wat hulle kwalifiseer, moet kan optree. Sekondêr kan hulle dan voornaamwoordelik as antesedent in possessiewe konstruksies optree. Absolute, demonstratiewe, kwantitatiewe en radikale voornaamwoorde kan as antesedent optree indien die naamwoord waarmee dit kongruer as gevolg van diskoersfaktore weggelaat word. Omdat besittlike voornaamwoorde nie primêr bepalers is wat in apposisie tot naamwoorde waarmee hulle kongruer (en dus korefereer) kan staan nie, kan hulle nie in die antesedentsposisie in possessiewe konstruksies optree nie.

4.2.2.3 Sintaktiese optrede van die possessief

'n Basiese Noord-Sothosin bestaan uit 'n onderwerp en 'n predikaat wat uitgebrei kan word deur middel van adjunkte. Die possessief (antesedent + possessiewe partikel + komplement) kan as onderwerp en as adjunk van werkwoordelike elemente optree.

Die possessief tree op as onderwerp van die volgende:

- hoofwerkwoord, bv. "*Diphahlo tša gago di nkqa gona mo kgauswi*" 'Jou goedere stink hier naby'
- kopulatief, bv. "*Sa gago ke go lala*" 'Joune is om te slaap'
- hulpwerkwoordgroep, bv. "*Pelo ya gagwe e be e thabetše taba ye*" 'Sy hart was verheug oor hierdie saak'

Die possessief tree op as adjunkte van werkwoordelike elemente, naamlik as:

- voorwerp, bv. "*go bonala kgopana ya go loya*" 'daar is 'n towerende dwergie sigbaar'
- bywoord, bv. "*Naga e robetše bja matlogadibešong*" 'Die veld slaap 'n eerste diep slaap'
- partikels/partikelgroepe. Die possessief tree op as komplement van die volgende partikels/partikelgroepe:
 - konjunktiewe partikel, bv. "*... e hlapišwa mašula le megokgo ya maabane*" '... hy is gereinig van die slaap en trane van gister'
 - instrumentale partikel, bv. "*ba fela ba utswa ka meselana ya mahlo*" 'hulle het die hele tyd uit die hoeke van hulle oë geloer'
 - lokatiewe partikelgroep, bv. "*meetse a pumpunyega gohle mo mmeleng wa ka*" 'die water bruis oral oor my lyf'
 - kopulatiewe partikelgroepe, bv. "*ga o motho wa mo Transfala*" 'jy is nie 'n Transvaler nie'
 - possessiewe partikel, bv. "*gare ga ya dinaledi*" 'tussen dié van die sterre'
 - agentatiewe partikelgroep, bv. "*a tshatshwa maledu ke sefahlogomolora sa morutwaborutišigadi*" 'hy word aangegaap deur die witgepoeierde gesig van 'n damesonderwysstudent'

4.2.2.4 Semantiese eienskappe van gemarkeerde possessiewe

Gemarkeerde possessiewe konstruksies het twee semantiese funksies, naamlik 'n *direkte* funksie van besitaanduiding, en 'n *beskrywende* (omskrywende) funksie.

a) Die direkte funksie

In possessiewe konstruksies met 'n direkte funksie, verwys die antesedent na 'n besittingsnaamwoord en die komplement na die besittersnaamwoord. Die besittersnaamwoord moet die eienskap [+lewend] hê om te kwalifiseer as die besitter van 'n saak.

Die direkte funksie van possessiewe kan verder onderverdeel word in *konkrete* en *abstrakte* besit. *Konkrete* besit dui op 'n besitter-besitting verhouding tussen twee naamwoorde waar die antesedent die eienskap [+konkreet] het, en daar sonder twyfel bepaal kan word dat die komplement na die besitter van die konkrete saak verwys. *Abstrakte* besit, daarenteen, word gekenmerk deur antesedente met die kenmerkspesifikasie [+abstrak], en dui op die gevoelens, persoonlikheidseienskappe, gedagtes, ens. In abstrakte besitsverhoudings moet die komplement dus ook die kenmerk [+menslik] hê, omdat die bogenoemde menslike eienskappe is wat nie aan diere of nie-lewende voorwerpe toegeken kan word nie. Vergelyk byvoorbeeld:

- i) "marotse a gagwe"
'sy pampoene'
(Shai-Ragoboya, 1988:3)
- ii) "polelo ya mokgekolo"
'die oувrou se taal'
(Shai-Ragoboya, op cit:10)

In voorbeeld (i) het die antesedent die eienskap [+konkreet] en die komplement die eienskap

[+lewend] en dit is dus 'n geval van *konkrete* besit. In voorbeeld (ii) het die antesedent die eienskap [+abstrak] en die komplement is [+menslik] en [+lewend]. Dit is dus 'n voorbeeld van *abstrakte* besit.

Naamwoorde wat na konkrete sake verwys kan ook in die antesedentsposisie in 'n direkte possessiewe verhouding tot hul komplemente staan, maar nie in 'n suiwer besitter-besittingverhouding nie; eerder in 'n deel-geheelverhouding. Die komplement (naamwoord wat na die 'besitter' verwys) kan [+lewend] of [-lewend] wees. Vergelyk byvoorbeeld:

iii) "mahlo a kwena"
'die krokodil se oë'
(Shai-Ragoboya, op cit:15)

iv) "lebati la karatšhe"
'die motorhuis se deur'
(Bopape, 1982:5)

Wanneer die antesedent en komplement albei [+lewend] is, dui die possessiewe konstruksie op 'n verwantskapsverhouding tussen die twee persone/sake, bv.

v) "banna ba gešo"
'die mans van ons familie'
(Serudu, s.j.:91)

'n Verdere onderskeid wat getref word, is dié tussen *vervreembare* en *onvervreembare* possessiewe verhoudings. Konkrete besittings kan uiteraard van die besitters daarvan vervreem word. Dieselfde geld vir nie-lewende voorwerpe wat in 'n deel-geheelverhouding staan. (Vergelyk die motorhuis waarvan die deur maklik verwyder kan word.) By abstrakte besit is daar nie 'n moontlikheid van vervreemding tussen die 'besitter' en 'besitting' nie, omdat die 'besitting' iets is wat onlosmaaklik deel is van die persoon (bv. sy gedagtes). Dieselfde geld vir [+lewende] sake wat in 'n deel-geheelverhouding staan (vergelyk bv. die krokodil en sy oë wat net op onnatuurlike wyse vervreem kan word).

b) Die beskrywende funksie³

Beskrywende (omskrywende) possessiewe word in Noord-Sotho gebruik om 'n verskeidenheid kwaliteite, hoedanighede, ens. te verwoord:

- lokaliteit, bv. "*ka thoko ga tsela*" 'aan die kant van die pad'
- tyd, bv. "*bogobe bja mosegare*" 'bedags se pap'
- handeling, bv. "*go boa ga legotlwana*" 'die terugkoms van die muisie'
- karaktereienskappe, bv. "*phukubje ya setlatla*" 'die dwase jakkals'
- volgorde, bv. "*iri ya bohlano*" 'die vyfde uur'
- gebruik of doel, bv. "*phapošing ya bohlapelo*" 'in die badkamer'
- tipe of soort, bv. "*mabone a motlhakgase*" 'elektriese ligte'
- personifikasie, bv. "*mpa ya bošego*" 'die nag se maag'
- getal, bv. "*bobedi bja tšona*" 'altwee van hulle'
- lateraliteit, bv. "*letsogong la go ja*" 'aan die regterkant'
- plek as die besitting, bv. "*o ya ga rrangwaneagwe*" 'hy gaan na sy oom se plek toe'
- kleur of vorm, bv. "*mmaleng wa gautabohubedu*" 'by die rooi-goud kleur'
- nasionaliteit, bv. "*monna wa Lekgowa*" 'n Blanke man'
- geslag, bv. "*ngwana wa mošemane*" 'n seunskind'
- beroep, bv. "*motho wa titšhere*" 'n onderwyser'
- naamgewing, bv. "*leina la Lefšega*" 'die naam Lefšega'
- idiomaties, bv. "*kgarebe ya batho*" 'die arme jong meisie'

³Die voorbeelde wat in hierdie paragraaf gebruik word, kom uit hoofstuk 2 van hierdie verhandeling waar volledige verwysings na die bronne gegee word.

4.2.3 Alternatiewe vir die gemarkeerde konstruksie

Uit die Noord-Sotholiteratuur het dit geblyk dat daar benewens die gemarkeerde possessiewe konstruksie, alternatiewe konstruksies is wat gebruik kan word om 'n possessiewe verhouding tussen twee sake uit te druk.

4.2.3.1 Naamwoorde wat na liggaamsdele verwys

Spesifieke verskynsels is waargeneem wanneer naamwoorde wat na liggaamsdele verwys, in die Noord-Sothosin aangetref word:

- Die naamwoord wat na 'n liggaamsdeel verwys, word sonder 'n meegaande besitter (in die vorm van 'n possessiewe partikelgroep) gebruik (d.w.s. possessief ongemarkeerd) indien die subjek van die sin en die 'besitter' van die liggaamsdeel identies is, bv.

"A iša maahlo ntle..."
 'Sy neem toe haar oë buite toe...'
 m.a.w. sy kyk toe buite toe
 (Phatudi, 1971:8)

In hierdie sin is daar 'n deel-geheelverhouding tussen die onderwerp van die sin en die betrokke liggaamsdeel, naamlik *maahlô* 'oë'.

- Alhoewel daar 'n deel-geheelverhouding tussen die onderwerp van die sin en die liggaamsdeel bestaan, kan die naamwoord wat na die liggaamsdeel verwys ook possessief gemarkeerd voorkom indien daar 'n ander woord in die sin is wat na 'n tweede of derde persoon verwys, bv.

"... ke bea seatla sa ka godimo ga molala wa gagwe ..."
 '... ek plaas my hand op haar nek ...'
 (Bopape, 1982:1)

In hierdie sin sou dit verwarrend wees indien die 'besitter' van *seatla* 'hand' nie eksplisiet genoem sou word nie, omdat dit dan ook sou kon beteken '? ek plaas haar hand op haar nek'.

- Wanneer die liggaamsdeel nie in 'n deel-geheelverhouding met die subjek van die sin staan nie, kan dit ook sonder 'n possessiewe merker gebruik word, maar dan moet daar 'n ander 'merker' in die sin wees (gewoonlik 'n voorwerpskakel) waarvan die referent in 'n deel-geheelverhouding tot die betrokke liggaamsdeel staan, bv.

"A re go mmona sefahlego..."
 'Toe sy haar gesig sien...'
 (Phatudi, 1971:9)

Hier verwys die voorwerpskakel na die geheel waarmee die liggaamsdeel in 'n deel-geheelverhouding staan, en daarom word die naamwoord wat na die liggaamsdeel verwys possessief ongemarkeerd gebruik.

- Indien 'n naamwoord wat na 'n liggaamsdeel verwys possessief gemarkeerd voorkom en terselfdertyd in 'n deel-geheelverhouding tot die referent van die voorwerpskakel staan, beteken dit dat die liggaamsdeel in 'n vervreemde verhouding tot die geheel staan tydens die uitvoering van die proses soos verwoord in die werkwoord, bv.

"Mogweraka, tsoga, o nnee dinaka tša ka ke a di nyaka."
 'My vriend, staan op en gee vir my my horings, ek wil dit hê.'
 (Shai-Ragoboya, 1988:14)

- In imperatiewe hoofsinne (waarin daar uiteraard nie 'n grammatiese onderwerp is nie) kan 'n naamwoord wat na 'n liggaamsdeel verwys sonder 'n possessiewe

merker gebruik word indien die liggaamsdeel in 'n deel-geheelverhouding staan tot die aangesprokene van die sin, bv.

"Bea pelo moratiwa,..."
 'Bedaar liefling,...'
 (Letterlik: Stel jou hart gerus liefling,...)
 (Palaki Tsebe, 1983:18)

- Wanneer naamwoorde wat na liggaamsdele verwys in die *subjeksposisie* voorkom, word dit possessief gemarkeerd gebruik, bv.

"Theka la gagwe e be nke o ja gatee ka ngwaga"
 'Haar heup het voorgekom asof sy eenmaal 'n jaar eet.'
 (Motuku, 1990:2)

Wanneer sodanige naamwoorde egter in idiomatiese uitdrukkings as die subjek van die sin gebruik word, kom dit possessief ongemarkeerd voor:

"Hlogo e meetse e lotwa ke mong"
 'Waterkop word deur sy baas opgepas, m.a.w. wie in glashuise woon, moenie met klippe gooi nie.'
 (Phatudi, 1971:24)

Wanneer die geheelnaamwoord in die *sinsinisiële* posisie voorkom (nie as subjek nie), kan die naamwoord wat na 'n liggaamsdeel verwys ook possessief ongemarkeerd as die subjek van die sin optree, omdat daar reeds in die sin na die geheel verwys is, en daar dus nie twyfel kan bestaan oor die verhouding tussen die deel en geheel nie, bv.

"Selina ka nako yeo ke ge ditsebe di thibilwe ke moti..."
 'Selina, teen daardie tyd was haar ore verstop met was...'
 (Motuku, 1990:12)

- Die naamwoord wat na die geheel verwys kan in die *subjeksposisie* optree terwyl die naamwoord wat na die liggaamsdeel verwys as adjunk van die predikaat optree, vergelyk byvoorbeeld:

"Banna ka moka ba itshwere maledu..."
 'Al die mans het hul baarde vasgegryp ...'
 (Nkadimeng, 1984:1)

4.2.3.2 Die rol van die proses in alternatiewe konstruksies

a) Transitiwiteit van die werkwoord

Wanneer die naamwoord wat na 'n liggaamsdeel verwys in die subjeksposisie voorkom, is die werkwoord intransitief, bv.

"Mmele wa gagwe o be o lekanetše"
 'Haar liggaam was net groot genoeg'
 (Motuku, 1990:2)

In die meeste gevalle waar van die ongemarkeerde possessiewe konstruksie gebruik gemaak word, is die werkwoord transitief. Wanneer die deel- en geheelnaamwoord as direkte en indirekte objekte onderskeidelik optree, moet die werkwoord enkeltransitief wees omdat die direkte objek deel uitmaak van die indirekte objek tydens die uitvoering van die proses en dit dus in werklikheid net een objek is, bv.

"...di opa Hohamang makopo."
 '...hulle slaan Hohamang se oogbanke.'
 (Nkadimeng, 1984:1)

Wanneer 'n dubbeltransitiewe werkwoord gebruik word, kan die direkte en indirekte objek nie in 'n deel-geheelverhouding betrokke wees nie, maar in die volgende geval is daar 'n direkte possessiewe element (van besit) te bespeur tussen die twee objekte:

"...tate o tlogeletše mma ntlo..."
 '...pa het vir ma 'n huis agtergelaat...'
 (Bopape, 1982:9)

b) Hoe voorwerpe geaffekteer word

Wanneer die proses net op die deelnaamwoord betrekking het, word van die gemarkeerde konstruksie gebruik gemaak (alhoewel die geheelnaamwoord in die onderwerpsposisie van die sin voorkom - vgl. par. 3.2.2) om die possessiewe verhouding tussen die deel en die geheel aan te dui:

"O se sa hlwe o sa sabalatša mahlo a gago"
'Jy mag nie meer jou oë laat rond dwaal nie'
(Palaki Tsebe, 1983:15)

Wanneer die proses op die deel- sowel as die geheelnaamwoord betrekking het, kan die geheel as indirekte voorwerp optree en die deel as direkte voorwerp, bv.

"... o robile Selina leoto"
'... hy het Selina se voet gebreek'
m.a.w. hy het haar swanger gemaak
(Motuku, 1990:8)

of die geheel kan as voorwerp optree en die deel as bywoordelike bepaling, bv.

"Taba ye e ile ya tshwenya Selina kudu moyeng."
'Hierdie saak het Selina erg in haar siel gehinder.'
(Motuku, op cit:1)

Die geheel kan ook as onderwerp optree terwyl die deel in die voorwerpsposisie is. Hier is dus 'n handeling van die onderwerp op homself omdat die onderwerp en voorwerp in 'n deel-geheelverhouding betrokke is, en daarom word van die refleksiefmorfem gebruik gemaak soos in:

"Banna ka moka ba itshwere maledu"
'Al die mans het hul baarde vasgegryp'
(Nkadimeng, op cit:1)

Wanneer die geheel as grammatiese onderwerp van die sin optree, kan die deel as agent van 'n passiewe werkwoord voorkom. Die agent en die onderganer van die aksie is in 'n deel-

geheelverhouding betrokke en hier is dus ook sprake van 'n reflekerende aksie van 'n persoon op hom-/haarself, bv.

"Selina a hurwa ke pelo kgolegong..."
 'Selina se hart het toe aan haar geknaag in die tronk...'
 (Motuku, op cit:6)

c) Die assosiatiewe kopulatief

Die assosiatiewe kopulatief en die possessiefkonstruksie het duidelike semantiese raakpunte omdat albei, onder andere, op die 'hê' van iets dui. Indien die twee konstruksies in apposisie gebruik word, dui dit op 'n spesifieke (beklemtoonde) besittingsverhouding tussen die besitter en die besitting, vergelyk byvoorbeeld:

O na le mmôtôrô 'Hy het 'n motor'
O na le mmôtôrô wa gagwê 'Hy het sy eie motor'

4.2.3.3 Saamgestelde naamwoorde as moontlike possessiewe strukture

Sekere saamgestelde woorde bevat semanties 'n definitiewe possessiewe element. Hierdie strukture kan dan ook herlei word na possessiewe strukture:

a) Saamgestelde naamwoorde met *ra-* as eerste lid:

Hierdie saamgestelde woorde word gebruik vir die beskrywing van 'n persoon se beroep, 'n fisiese beskrywing van die persoon, of die afleiding van leierseienskappe. Hierdie vorme is waarskynlik afgelei van die possessief *rra wa ...* 'die vader van ...'. 'n Voorbeeld hiervan is *rralebênkêlê* 'winkelier' wat afgelei is van **rra wa lebênkêlê* 'vader van die winkel'.

Die funksie van die possessief in hierdie struktuur is direk (dui op besit) in die onderliggende

struktuur, terwyl dit 'n beskrywende/omskrywende funksie in die oppervlakstruktuur het.

b) Saamgestelde naamwoorde met *mma-* as eerste lid:

Saamgestelde naamwoorde wat deur middel van *mma-* afgelei is, kom grootliks ooreen met dié wat deur middel van *rra-* afgelei is. Dit kan na vroulike vorme verwys, maar nie noodwendig nie. Dit moet ook duidelik onderskei word van dié naamwoorde wat deur middel van *ma-* afgelei is, omdat laasgenoemde vorme nie na 'n possessiewe struktuur herlei kan word nie, en dit gebruik word om 'n persoon aan te dui wat 'n spesifieke handeling gedurig uitvoer.

c) Saamgestelde naamwoorde met *mong-* as eerste lid:

Die naamwoord *mong* 'eienaar' bevat inherente possessiewe kenmerke, en daarom sal saamgestelde naamwoorde wat deur middel van *mong-* afgelei is, noodwendig ook possessiewe kenmerke hê, bv. *monggaê* 'huiseienaar'.

Hierdie soort saamgestelde naamwoorde bevat 'n direkte possessiewe element in die onderliggende sowel as in die oppervlakstruktuur.

d) Saamgestelde naamwoorde met 'n infinitiewe komplement in die onderliggende struktuur

Ná verlies van die possessiewe partikel en die infinitiewe klasprefiks word die saamgestelde naamwoord *monnatia* 'n mondige man' afgelei van die volledige struktuur *monna wa go tia*.

Hierdie saamgestelde naamwoorde het 'n omskrywende funksie in die onderliggende- en oppervlakstruktuur.

Daar is ook vasgestel dat sommige saamgestelde naamwoorde soos *sešupanakô* 'horlosie' wat oënskynlik van possessiewe strukture afgelei kan word, in werklikheid geen possessiewe element bevat nie.

BRONNELYS

ALLAN, E J (1975/76): Inalienable Possession in Four Ethiopian Languages. *Afrika und Übersee*. Volume 59. pp 300 - 307.

ASHTON, E O (1952): *Swahili Grammar*. Longmans, Green and Co. London. Kaapstad. New York.

BIRD, C S (1972): *The Syntax and Semantics of Possession in Bambara*. Indiana University Linguistics Club.

CLARK, E V (1978): Locationals: Existential, Locative and Possessive Constructions. *Universals of Human Language*. Volume 4. pp 85 - 126.

CLAUDI, U & SERZISKO, F (1985): Possession in Dizi: Inalienable or Not? *Journal of African Languages and Linguistics*. Volume 7. Nummer 2. pp. 131 - 154.

COLE, D T (1955): *An introduction to Tswana Grammar*. Longmans, Green and Co. London. Kaapstad. New York.

DEKEYSTER, X et al (1979): *Foundations of English Grammar*. De Nederlandsche Boekhandel. Amsterdam.

DOKE, C M & MOFOKENG, S M (1971): *Textbook of Southern Sotho Grammar*. Derde druk. Longman Suidelike Afrika (Edms) Bpk. Kaapstad. Johannesburg.

- ESSIEN, O E (1978): Possessive Pronominalization and the so-called Picture Nouns in Efik. *Studies in African Linguistics*. Volume 9. Nommer 2. pp 121 - 142.
- FORTUNE, G (1955): *An Analytical Grammar of Shona*. Longmans, Green and Co. London. Kaapstad. New York.
- FOX, B (1981): Body Part Syntax: Towards a Universal Characterization. *Studies in Language*. Volume 5.3. pp 323 - 342.
- GIVON, T (1979): Language Typology in Africa: A Critical Review. *Journal of African Languages and Linguistics*. Volume 1. pp 199 - 224.
- GUMA, S M (1971): *An outline structure of Southern Sotho*. Shuter and Shooter. Pietermaritzburg.
- HINNEBUSCH, T J & KIRSNER, R S (1980): On the Inference of "Inalienable Possession" in Swahili. *Journal of African Languages and Linguistics*. Volume 2. pp 1 - 16.
- HORTON, A E (1949): *A Grammar of Luvale*. Witwatersrand University Press. Johannesburg.
- HYMAN, L (1977): The syntax of body parts. Byarushengo, E., Duranti, A. & Hyman, L. (Eds) *Haya Grammatical Structure*. (Southern California Occasional Papers in Linguistics, 6). University of Southern California. Los Angeles. pp 99 - 118.

- HYMAN, L et al (1970): Inalienable possession in Igbo. *Journal of West African Languages*. Volume VII. Nommer 2. pp 85 - 101.
- JACOTTET, E (1927): *A Grammar of the Sesuto Language*. Wits University Press. Johannesburg.
- KOTZÉ, A E (1988): Morfologie van nie-predikatiewe woorde en konstruksies in Hananwa. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*. Volume 8. Nommer 4. pp.114 - 130.
- KRIEL, T J (1983): *PUKUNTŠU WOORDEBOEK*. J L van Schaik. Pretoria.
- LANGACKER, R W (1967): Observations on French Possessives. *Language*. Volume 44. Nommer 1. pp 51 - 75.
- LOMBARD, D P (1969): *Die Morfologie van Deverbatiewe Naamwoorde in Noord-Sotho*. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria. Pretoria.
- LOMBARD, D P (1976): *Aspekte van Toon in Noord-Sotho*. Doktorale Proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria.
- LOMBARD, D P (1985): *Inleiding tot die Grammatika van Noord-Sotho*. J L van Schaik (Edms) Beperk. Pretoria.

LOUWRENS, L J (1981): 'n Perspektief op Wilkes se delesiehipotese oor pronominalisasie in Bantoe. *Studies in Bantoetale*. Jaargang 8.1. Universiteit van Pretoria. Pretoria.

LOUWRENS, L J (1985): *NOORD-SOTHO Studiegids 1 vir NSE 202- X (Grammatika)*. Ongepubliseerde klasaantekeninge. Universiteit van Suid-Afrika.

LOUWRENS, L J (1989): *NORTHERN SOTHO Only study guide for NSE 202-X (Grammar)*. Ongepubliseerde klasaantekeninge. Hersiene uitgawe. Universiteit van Suid-Afrika.

LYONS, J (1971): *Introduction to theoretical Linguistics*. Cambridge University Press. London.

LYONS, J (1977): *Semantics*. Volume 2. Cambridge University Press. London.

MOROLONG, M & HYMAN, L M (1977): Animacy, Objects and Clitics in Sesotho. *Studies in African Linguistics*. Volume 8. Nommer 2. pp 199 - 218.

ODENDAL, F F et al (1979): *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Tweede uitgawe. Perskor-Uitgewery. Johannesburg.

OMONDI, L N (1982): *The major syntactic structures of Dholuo*. Dietrich Reimer Verlag. Berlin.

PORT, R F (1981): The applied suffix in Swahili. *Studies in African Linguistics*. Volume 12. Nommer 1. pp 71 - 82.

POULOS, G (1985): Typological trends in South-Eastern Bantu. *South African Journal of African Languages*. Volume 5. Nommer 1. pp 17 - 23.

POULOS, G (1990): *A Linguistic Analysis of Venda*. Via Afrika Beperk. Pretoria.

PRINSLOO, D J (1979): *Lokatiefvorming in Noord-Sotho*. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria. Pretoria.

QUIRK, R et al (1985): *A Comprehensive Grammar of the English Language*. Longman: London & New York.

SCHIBSBYE, K (1973): *A Modern English Grammar*. Tweede uitgawe. Oxford University Press. London.

SCHUH, R G (1981): Types of Genitive constructions in Chadic. *Studies in African Linguistics*. Bylaag 8. University of California. Los Angeles.

SCOTTON, C M (1981): Extending Inalienable Possession: The Argument for an Extensive Case in Swahili. *Journal of African Languages and Linguistics*. Volume 3. pp 159 - 174.

SEILER, H (1983a): Possessivity, Subject and Object. *Studies in Language*. Volume 7. Nommer 1. pp 89 - 117.

SEILER, H (1983b): Possession as an Operational Dimension of Language. *Language Universal Series*. Volume 2.

SENGANI, T M (1988): *Aspects of discourse reference in Venda*. MA-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria.

SHEPARDSON, K N (1982): Toward a structural definition of direct and indirect objects: Support from Swahili. *Word*. Volume 32. Nommer 2. pp 109 - 131.

STEYN, E C (1991): *Vraagwoorde en vraagpartikels in Noord-Sotho*. Ma-verhandeling. Universiteit van Pretoria. Pretoria.

SUTHERLAND, F W (1985): *Die uitdrukking van vervreembare en onvervreembare besit in Noord-Sotho*. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria. Pretoria.

ULTAN, R (1978): Toward a Typology of Substantival Possession. *Universals of Human Language*. Volume 4. pp 11 - 49.

VAN WYK, E B (1958): *Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe*. Doktorale proefskrif. Universiteit van Pretoria. Pretoria.

VAN EEDEN, B I C (1956): *Zoeloe-Grammatika*. Pro Ecclesia-Drukkery. Stellenbosch.

VOELTZ, E F K (1976): Inalienable possession in Sotho. *Studies in African Linguistics*. Bylaag 6. University of California. Los Angeles.

WILKES, A (1978): Gemarkeerde en ongemarkeerde besit in Zoeloe. *Studies in Bantoetale*. Jaargang 5.1. Pretoria.

WILKES, A (1989): Unmarked possessives: Fact or fiction in Zulu grammar? *South African Journal of African Languages*. Volume 9. Nommer 2. pp 87 - 94.

ZIERVOGEL, D et al (1978): *Handboek van Noord-Sotho*. Vyfde uitgawe, tweede druk. Van Schaik. Pretoria.

ZIERVOGEL, D & MOKGOKONG, P C (1985): *GROOT NOORD-SOTHO WOORDEBOEK*. J L van Schaik. Pretoria.

NOORD-SOTHO LITERATUUR

BOPAPE, D H (1985): *Bogobe bja Tswiitswii*. De Jager-Haum Uitgewers. Pretoria.

BOPAPE, H D N (1982): *Lenong la gauta*. J L van Schaik (Edms) Bpk. Pretoria.

FRANZ, G H (s.j.): *Maaberone. Vertalings en Verklarings deur G.M.M. GROBLER & D.P. LOMBARD*. Via Afrika Beperk. Goodwood.

KEKANA, M A (1985): *Nonyana ya Tokologo*. Educum Uitgewers. Johannesburg.

MATOME FELA, N (1983): *Sebilwane*. J L van Schaik (Edms) Bpk. Pretoria.

MATSEPE, O K (1968): *Megokgo ya Bjoko*. Tweede uitgawe. Vierde druk. Educum Uitgewers. Johannesburg.

MOTUKU, H Z (1990): *Magang*. Derde uitgawe. Educum Uitgewers. Johannesburg.

MPHAHLELE, M C (1984): *Letsogo la molao*. De Jager-Haum Uitgewers. Pretoria.

MMINELE, S P P (1983): *Ngwana wa mobu*. Tweede uitgawe. Educum Uitgewers. Johannesburg.

NGOEPE, J D N (1980): *Seswai sa Ditabanatodi*. J L van Schaik (Edms) Bpk. Pretoria.

NKADIMENG, H M (1977): *Kgoši Sekwati Mampuru*. Tweede uitgawe. J L van Schaik (Edms) Bpk. Pretoria.

NKADIMENG, S N (1984): *Mmantšhaotlogele*. Educum Uitgewers. Johannesburg.

PALAKI TSEBE, D G (1983): *Noto-ya masogana "Lesibana"*. Tweede uitgawe. Educum Uitgewers. Johannesburg.

PHATUDI, N C (1971): *Tladi wa Dikgati*. Beter Boeke. Johannesburg.

RAMMALA, M M (1975): *Lukas Motšheletšhele*. Derde uitgawe. J L van Schaik (Edms) Bpk. Pretoria.

SERUDU, M S (s.j.): *Naga ga di etelane*. J L van Schaik Bpk. Pretoria.

SETHE, M M (1986): *Mmapelo*. Educum Uitgewers. Johannesburg.

SHAI-RAGOBOYA, U M (1988): *Ke tla go idibatša*. De Jager-HAUM Uitgewers. Pretoria.